

# VERSKILLENDÉ WEE OM STEDELIKE VOEDSELSTELSELS TE TRANSFORMEER

OM DIE REG OP VOEDSEL  
GELEIDELIK DEUR 'N  
VERSTERKTE INFORMELE  
SEKTOR IN KAAPSTAD EN  
NAIROBI TE VERWESENLIK



#FACT  
Food Agency Cape Town



MIRAMAR  
INTERNATIONAL  
FOUNDATION



**Nicole Paganini, Jes Weigelt, Luke Metelerkamp**

*met bydraes deur*

Bassermann, Lena; Battersby, Jane; Ben-Zeev, Keren; Buthelezi, Nomonde;  
Drimie, Scott; Edel, Immaculate; Fabricci, Irene; Griebel, Stefanie; Hauser, Michael;  
Haysom, Gareth; Kabiru, Francis; Samuel; Kiprono; Kiragu-Wissler, Serah;  
Krause, Kathrin; Libuke Bonang; Lottering, Deon; Lusweti, Inviolata;  
Mathenge, Joseph; Mausch, Kai; Matika, Thimna; McCabe, Dylan;  
Mchunu, Nokukhanya; Müller, Alexander; Mureille, Celestine; Mwangi, Wangu;  
Mwenja, Dominic; Nelle, Louisa, Nina, Catherine; Njau, Jeff; Njoroge, Patrick;  
Nyaba, Hazel; Nyaba, Sanelisiwe; Okello, Ednah; Owade, Atula; Peters, Caroline;  
Pekeur, Wendy; Pijoos, Shirleen; Qamata, Vuyani; Sango, Edouard; Selana, Busi;  
Silwana, Pamela; Sobgo, Severin; Sotshononda Mmeli; Titsi-Fakazi, Matilda;  
Wambui, Mary; Washiela, Isaacs; Weru, Jane.

# ERKENNINGS

Ons was bevoorreg om tydens die bestekopnamefase die steun van passievolle vennote en medewerkers te hê. Ons is innig dankbaar teenoor ICRAF en ICRISAT, Welthungerhilfe, SUN Development, GRAF en MyCeliun Collab vir hul mildelike bydraes. Ons is dankbaar vir kritiese kommentaar op 'n eerste konsep van hierdie verslag deur dr. Jane Battersby van die Universiteit van Kaapstad en Alexander Müller van TMG Research. Ons is bevoorreg om ons tog voort te sit met die African Centre for Cities en FACT in Kaapstad, en Miramar Kollege, Muungano wa Wanavijiji en APHRC in Nairobi. Die span skrywers bedank Victoria Redmond hiermee vir die finansiële en administratiewe leiding. Ons dank aan Carmen Aspinall vir die kopie-redigering van die bestekopnameverslag en vir die duidelikheid oor die verweefdheid van die verskillende weë. Ons dank aan Blossom vir die ontwerp en uitleg van die verslag. Dankie aan Bohle Conference and Language Services en aan Design for Development wat die vertaling in vier tale gekoördineer het. Die bestekopnameverslag is deel van die projek 'Klimaatveerkragtige, stedelike en omstedelike landbou: Bekamping van die uitwerkings van COVID-19 en die bou van veerkragtige, inklusieve voedselstelsels' as deel van TMG se *Urban Food Futures*-program wat deur Bundesministerium für Wirtschaftliche Zusammenarbeit und Entwicklung (BMZ) befonds word.

# INHOUDSOPGawe

<b>Erkennings</b>	<b>3</b>
<b>Voorwoord deur TMG</b>	<b>6</b>
<b>Voorwoord ...uit die navorsingsgebied</b>	<b>8</b>
<b>Beknopte opsomming</b>	<b>10</b>
<b>1. INLEIDING</b>	<b>19</b>
1.1 Krisisse	19
1.2 Verlede, hede, toekoms	21
<i>Verstaan die verlede</i>	21
<i>Weet van die hede</i>	23
<i>Wêreldwye megatendense vererger die kwesbaarheid van voedselstelsels</i>	26
1.3 Stedelike voedselstelsels	29
<i>'n Ter plaatse perspektief van Mukuru, Nairobi</i>	31
<i>'n Ter plaatse perspektief van die Kaapse Vlakte, Kaapstad</i>	35
<i>'n Ter plaatse perspektief van Ouagadougou, Burkina Faso</i>	39
<b>2. KONSEPTUELE DENKE AGTER URBAN FOOD FUTURES</b>	<b>45</b>
2.1 Van wêreldwyd na plaaslik en van plaaslik na wêreldwyd	46
2.2 Die reg op voedsel	48
<i>Die reg op voedsel in Suid-Afrika</i>	49
<i>Die reg op voedsel in Kenia</i>	54
<i>Die reg op voedsel in Burkina Faso</i>	58
2.3 Heroorweging van informaliteit	60
<b>3. PLEKKE VAN TRANSFORMASIE</b>	<b>67</b>
3.1 Stedelike sentrale voedingspunte	67
<i>Stedelike sentrale voedingspunte as lewende laboratoriums</i>	70
<b>4. VYF VERSKILLEnde WEË TOT DIE TRANSFORMASIE VAN DIE STEDELIKE VOEDSELSTELSEL</b>	<b>73</b>
4.1 Weg 1: Die hantering van krisisse	77
<i>Beredenering</i>	78
<i>Teorie van verandering</i>	80
<i>Wat is volgende?</i>	81
4.2 Weg 2: Wedersydse verantwoord-baarheid	83
<i>Beredenering</i>	84
<i>Teorie van verandering</i>	87
<i>Wat is volgende?</i>	89

<b>4.3 Weg 3: Landbou in 'n beheerde omgewing</b>	<b>91</b>
<i>Beredenering</i>	92
<i>Teorie van verandering</i>	96
<i>Wat is volgende?</i>	97
<b>4.4 Weg 4: Dryf handel om te eet</b>	<b>99</b>
<i>Beredenering</i>	100
<i>Teorie van verandering</i>	102
<i>Wat is volgende?</i>	103
<b>4.5 Weg 5: Inwinnings van data deur skarebenutting vir die transformasie van die voedselstelsel</b>	<b>105</b>
<i>Beredenering</i>	106
<i>Teorie van verandering</i>	107
<i>Wat is volgende?</i>	108
<b>5. WAARHEEN VAN HIER AF?</b>	<b>111</b>
5.1 Urban Food Futures se konsortium vennote	112
<b>Literatuurlys</b>	<b>114</b>

# LYS VAN FIGURE

<b>Kaart 1.</b>	Mukuru, Nairobi, Kenya	31
<b>Kaart 2.</b>	Cape Flats, Kaapstad, South Africa	35
<b>Kaart 3.</b>	Ouagadougou, Burkina Faso	39
<b>Tabel 1.</b>	Paneelbord met infografika vir stadvergelyking	42
<b>Figuur 1.</b>	Van verwekking tot afsterwe: Staatsondersteuningsmeganismes vir die reg op voedsel in Suid-Afrika	52
<b>Figuur 2.</b>	Uiteensetting van staatsinisiatiewe wat verband hou met die reg op voedsel regdeur 'n Keniaanse burger se lewe.	56

# VOORWOORD DEUR TMG

Afrika-samelewings is spoedig besig om te verstedelik, met die gevolg dat die transformasie van die voedselstelsel aangevuur word en die beleide noodsaak wat daarop gemik is om gestalte aan hierdie voedselstelsels te gee. Diepverskanste ongelykhede, armoede en swak bestuur is van die strukturele redes vir voedselonsekerheid in Afrika se stadsgebiede met 'n lae inkomste. Om dit te vererger, bedreig krisisse soos die nadraai van COVID-19, Rusland se voortgesette oorlog teen die Oekraïne en die huidige verwoestende droogte in die Horing van Afrika die oorlewing van die heel armstes in Afrika se stadsgebiede. Uiterste klimaatsgebeure, soos die huidige droogte, sal in die toekoms net meer gereeld voorkom, wat die situasie met betrekking tot 'n reeds haglike voedselsekerheid verder sal vererger. Om stedelike voedselonsekerheid in hierdie konteks aan te spreek, verg dat die voedselbeleid sistematies vanuit verbruikers se oogpunt tot so 'n mate in heroënskou geneem moet word dat daar gehoor gegee word aan hul verskillende behoeftes en vermoëns.

TMG se werk wat stedelike voedselsekerheid betref, spruit voort in reaksie op die impak van COVID-19 in stadsgebiede. Inperkings het burgers wat in informele nedersettings woon, toe gedwing om kop bo water te hou terwyl hulle gesukkel het om hul gesinne te voed. Hul strategieë om kop bo water te hou, beklemtoon beide hul vindingrykheid en deursettingsvermoë, asook die perke op hul vermoë om kop bo water te hou in die afwesigheid van aktiewe ingryping om die strukturele ongelykhede wat hulle in armoede hou, uit die weg te ruim. Ons het hierdie werk dus onlosmaaklik deel van die breër konteks van stedelike voedselstelsels gemaak. Ons ontleding maak gebruik van

die kundigheid van ons vennote en ander rolspelers, wat beleidmakers, navorsers en praktisys insluit.

Hierdie verslag bied 'n omvattende ontleding van die uitdagings waarmee stedelike voedselstelsels in Kaapstad, Nairobi en Ouagadougou te kampe het en gee 'n uiteensetting van vyf verskillende innoverende weë wat rigting aan ons toekomstige werk sal gee. Ons hou ons bestekopnameverslag voor as 'n rigtinggewende kompas vir ons volgende drie jaar van plaaslike aksienavorsing om wêreldwye prosesse te beïnvloed en om die potensiaal van die verskillende weë te verstaan en te verwesenlik.

By TMG is ons oortuig daarvan dat aangepaste innovasies die lig kan sien wanneer die beleidsruimte wat deur wêreldwye prosesse ontsluit word, doelbewus gebruik word om 'n ruimte vir plaaslike rolspelers te verseker ten einde oplossings te ontwikkel. Die bestekopnamefase, wat aanleiding tot hierdie verslag gegee het, het uiteenlopende rolspelers en bronne van kennis bymekaargebring om gesamentlik weë na veerkragtige stedelike voedselstelsels te baan. Die resultate wat hier voorgehou word, bou voort op gesamentlike navorsingsprosesse wat saam deur plaaslike rolspelers sowel as met valideringswerkswinkels en belanghebbervergaderings geskep is. In hierdie dialoog was TMG se rol om die kritiese ontleding van vroeë bevindinge uit die bestekopnamefase vorentoe te neem om 'n gefokusde strategie vir verdere in-diepte navorsing en 'n geteikende beleidsdialoog te word ten einde 'n bemagtigende omgewing vir geïdentifiseerde innovasies te bevorder.

Die informele sektor is 'n argitek van die moderne Afrikastad wat dikwels nie erkenning kry nie, wat dit die

sleutel maak om die bemagtigende omgewing vir die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel te skep. Die informele sektor lever 'n beduidende bydrae tot die BBP. Dit is 'n beduidende bron van indiensneming in Afrika, wat laaggeskoolde werkers insluit wat nie toegang tot werk in die formele sektor het nie. Dit is bekend vir kreatiwiteit en innovasie, wat dit moontlik maak om op unieke gemeenskapsbehoeftes te reageer. COVID-19 het gewys dat randstandige groepe soos vroue, die jeug en migrerende landelike gemeenskappe wat tipies struikelblokke in die gesig staar om toegang tot formele werk te kry, hanteringstrategieë in die informele sektor ontwikkel het. Die bevindinge van hierdie bestekopnameverslag beklemtoon dat die informele sektor 'n potensiële oplossingsruimte is om huidige wêreldtendense aan te spreek wat te midde van 'n magdom krisisse ontstaan wat voedselsekerheid in stedelike Afrika beïnvloed. Tans is die informele sektor egter grootliks 'n hanteringsmeganisme wat 'n sterker rol in die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel kan vervul as 'n bevorderlike omgewing vir die optimale werking daarvan geskep word.

Hierdie verslag bied vyf verskillende weë na die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel in Afrika se stadsgebiede met 'n lae inkomste. Hierdie weë is sterk instrumente om transformerende verandering aan te dryf, belanghebbers by samewerkende prosesse van medeskepping en eksperimentering te betrek, en om empiriese data en insigte te genereer wat beleid en praktyke met betrekking tot die voedselstelsel kan toelig. Hierdie weë erken dat voedselstelsels kompleks en veelvlakkig is en nie deur konvensionele ontwikkelingsbenaderings, wat op simplistiese, lineêre impaklogika wat nie daarin slaag om 'n balans tussen verweefde en oorvleuelende krisisse te skep nie, verbeter kan word nie. Ons verskillende weë sal ondersoek hoe om gemeenskapskombuise ter ondersteuning van plaaslike gedreve hanteringsmeganismes te versterk. Ons sal wedersydse aanspreeklikheid ondersoek deur gesprekke tussen pligdraers en die houers van regte te faciliteer. Wat klimaatsverandering betref, sal ons aanhou om innovasies in beheerde omgewingslandbou en informele voedselmarkte van stapel te stuur. 'n Oorvleuelende weg sal kwalitatiewe en kwantitatiewe data oplewer om ons navorsingsentra se voedselomgewings beter te verstaan.

Die belangrikheid om 'n bemagtigende omgewing vir die informele sektor te skep, verg betrokkenheid by wêreldwye beleidsprosesse. Wêreldwye prosesse ontsluit broodnodige ruimtes vir verandering op nasionale en plaaslike vlak. Hierdie bestekopnameverslag maak ook melding van die geleentheid vir die insluiting van plaaslike stemme in die einste ontwikkelingsprosesse wat gestalte gee aan hul vermoë om hul lewensbestaan te verbeter. TMG en sy vennote het die bevindinge van hierdie verslag reeds by die Afrika-streeksforum oor Volhoubare Ontwikkeling se Negende Sitting voorgehou ten einde by te dra tot die gesprekvoerings wat die implementering van die 2030-agenda en Agenda 2063 toelig en wat dien as aanknopingspunte vir vanjaar se Hoëvlak Politieke Forum oor die hersiening van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwit 11 oor Volhoubare Stede.

Ons werk spreek ook tot BMZ se Afrika-strategie en is sprekend van feministiese ontwikkelingsbenaderings wat geslagsgelykheid bevorder. Deur eers die sistemiese onderdrukking van vroue en ander randstandige groepe in alle aspekte van die samelewing, met insluiting van ekonomiese, maatskaplike en politieke stelsels, te erken, kan ons begin om ongelykhede aan te spreek deur beleide en programme wat op feministiese beginsels en lesse geskoei is wat op grondvlak geleer is. BMZ se strategie oor feministiese ontwikkelingsbeleid poog om vroue se ekonomiese bemagtiging te versterk deur gelyke toegang tot hulpbronne, finansies en markte te bevorder. Hierdie bestekopnameverslag se bevindinge spreek tot hierdie doel. Die maatskaplike en tegniese innovasie wat in hierdie verslag voorgehou word, poog om vroue se deelname aan besluitnemingsprosesse en leierskap te verbeter deur geslagsensitiewe bestuur te ondersteun.

Ter afsluiting, spreek ons ons oregte dank teenoor almal uit wat bygedra het tot hierdie verslag en teenoor die Duitse Ministerie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling vir hul finansiële steun van hierdie werk.

**Alexander Müller, Jes Weigelt, Nicole Paganini**

# VOORWOORD ...

## UIT DIE NAVORSINGSGEBIED



Source: Victoria Redmond, Sanelisiwe Nyaba, 2022

### **Deur Nomonde Buthelezi, Sanelisiwe Nyaba en Patrick Njoroge**

Die wêreld staar 'n magdom probleme in die gesig en die mensdom probeer om dit op te los deur beide "bo-na-onder-" en "onder-na-bo-" benaderings te gebruik. Wat is die ideale benadering om hierdie uitdagings op te los? In vennootskap met Muungano wa Wanavijiji in Nairobi, FACT in Kaapstad en die stedelike arm gemeenskappe waarmee hulle werk, het Urban Food Futures hierdie benaderings ter erkenning van die informele sektor se bydraes tot die transformasie en veerkragtigheidsbou van die voedselstelsel in Afrikastede bevraagteken.

Die groei van Afrikastede word gekenmerk deur groot ongelykheid tussen formele en informele gebiede. Terwyl die formele sektor die stedelike armes eenkant toe skuif, skep die informele sektor die ruimte vir hulle om 'n uiteenlopende verskeidenheid strategieë vir lewensbestaan te skep. Die informele sektor voorsien in die stedelike armes se oorlewingsbehoeftes. Inwoners se voedselvoorsiening word byvoorbeeld plaaslik verseker deur informele voedselvervoer-, berging-, produksie- en verkoopstelsels. Diegene in die informele sektor reageer met veerkragtigheid en innovering op uitdagings. Hulle slaan byvoorbeeld munt uit koopkrag in gedeelde grootmaataankope en versending, deur informele spaar- en leningsgroepe te stig en deur stadsboerdery in beperkte ruimtes te onderneem.

Tog word die informele sektor dikwels as chaoties en onhigiënies beskou en nie deur die regering en beleidmakers erken nie. Staatsopgelegde inperkings tydens COVID-19 het byvoorbeeld regerings se gebrek aan begrip van bedrywigheid in die informele sektor aan die klok gehang en die meerderheid van die stedelike armes se bestaansmeganismes in due laat stort. Diegene wat in informele nedersettings woon, wonder dikwels of die formele sektor herken hoe die stedelike armes buite verhouding deur byvoorbeeld klimaatsverandering, geslagsgebaseerde geweld en stigmatisering met betrekking tot armoede in gegoede stede geraak word. Namate die formele en informele stelsels groei met baie beperkte koördinasie tussen hulle, gaan die pogings en suksesse van die informele sektor om op uitdagings te reageer, ongesiens verby. Waar platforms vir wedersydse begrip en probleemoplossing ontbreek, word die gaping al hoe groter en geleenthede om innoverings oor stelsels heen te laat strek, gaan verlore. Tog staan hierdie navorsing op die punt om dit te verander.

Urban Food Futures se bestekopnamefase het gemeenskappe, navorsers, organisasies op voetsoolvak en akademici bymekaar gebring om uitdagings in die voedselstelsel aan te spreek wat die randstandige gemeenskappe affekteer wat in informele nedersettings woon. In konvensionele navorsings- en ontwikkelingsprojekte word gemeenskappe as begunstigdes gesien en dikwels agtergelaat of geïgnoreer wanneer hulpmiddels ontwikkel word om hul uitdagings aan te spreek. Die Urban Food Futures-kollektief het bevraagteken hoe belanghebbers saamwerk om gemeenskappe wat in informele nedersettings en lae-inkomste woonbuurte woon, se sterk punte te konsolideer. Ons het hulle vrae gevra oor honger, voedselgeregtigheid en die transformasie van stedelike voedselstelsels om informaliteit te herwaardeer. Deur 'n vennootskap met Muungano wa Wanavijiji in Nairobi en FACT in Kaapstad (wat albei met randstandige mense werk wat in informele nedersettings met 'n hoë digtheid woon), het Urban Food Futures konvensionele navorsingsbenaderings in die suide bevraagteken deur gemeenskappe in alle navorsingstappe te betrek: identifisering van 'n probleem, uiteensetting van die inherente oorsake van sistemiese uitdagings, om by mekaar te leer en om oplossings saam te ontwikkel. Hierdie suksesvolle medewerking maak dit moontlik vir navorsing om die sienings van "die nagevorsde" wat in randstandige gemeenskappe leef, te weerspieël en moedig gemeenskapsbemiddeling en -eienaarskap met betrekking tot die navorsingsproses en resultate aan. Die samewerkende bestekopnamefase het ons geleer dat die tog minder onstuimig is as jy reeds vanaf die aanvang van projek tot by die ontwikkeling van verskillende weë vir aksienavorsing, hande vat. Ons vennootskap het gelei tot die medeskepping van die verskillende weë wat in hierdie verslag voorgehou word en het die grondslag vir suksesvolle voortgesette medewerking gelê.

Voedsel is 'n sterk dryfveer van plaaslike township- en krotbuurt-ekonomiese. Ons beskou hierdie gesamentlike werk as 'n geleentheid om die sektor te transformeer om uitdagings en tekortkominge aan te spreek. Ons beskou hierdie gesamentlike werk ook as 'n geleentheid om by mekaar te leer van die verskillende weë wat ons ontwikkel het en om te verstaan hoe ons elke weg se potensiaal vir die broodnodige transformasie van die stedelike voedselstelsel kan verbeter.

# BEKNOpte OPSOMMING

**VERSKILLEnde WEË OM STEDELIKE VOEDSELSTELSELS  
TE TRANSFORMEER**

**OM DIE REG OP VOEDSEL GELEIDELIK DEUR 'N  
VERSTERKTE INFORMELE SEKTOR IN KAAPSTAD EN  
NAIROBI TE VERWESENLIK**

'n Magdom krisisse hou 'n ernstige bedreiging in vir  
voedselsekerheid in lae-inkomste stadsgebiede in  
Nairobi, Kaapstad en Ouagadougou

**Die impak van die COVID-19-pandemie en van die wêreldwye sprong in voedselprysse wat gevolg het op Rusland se aanval op die Oekraïne, het een ding gemeen: dit het voedselonekserheid vererger.** Inperkings om die verspreiding van COVID-19 te bekamp, het plaaslike markte en waardekettings ontwrig, lewensbestaan het in die slag gebly en voedselonekserheid het toegeneem. Luidens die FAO (2022, p. 13) het die aantal mense wat honger is, sedert die begin van die pandemie wêreldwyd met 150 miljoen mense toegeneem. Een jaar ná die begin van Rusland se aanval op die Oekraïne, het die FAO se Voedselprysindeks gedaal van die ongekende vlakte wat aan die begin van 2022 gesien is, maar staan steeds op beduidend hoër vlakte as in 2021. Vorige wêreldwye krisisse met voedselprysse toon dat die stedelike armes onder dié bevolkingsgroepe is wat veral deur hierdie prysstygings geraak word (Cohen en Garrett, 2010).

**Hierdie wêreldwye krisisse word deur plaaslike en dikwels individuele krisisse vererger.** Geslagsgebaseerde geweld in Kaapstad is nou gekoppel aan die vlak van voedselonekserheid van 'n huishouding, mense wat in Ouagadougou skuling soek om terreur in landelike gebiede vry te spring, plaas verdere druk op 'n kwesbare stedelike voedselstelsel en uitsettings in informele nedersettings het lewensbestaan in Nairobi vernietig, wat mense se vermoë om in hul heel basiese behoeftes te voorsien, ondermy. Die saamgestelde uitwerking van hierdie krisisse onderstreep bevindinge uit ander kontekste: mense in kwesbare situasies word veral deur voedselonekserheid geraak (Welthungerhilfe, 2017).

**Die uitwerkings van hierdie krisisse realiseer in die konteks van tendense op streeksvlak wat toekomstige vooruitsigte om voedselsekerheid te verwesenlik, sterk beïnvloed.** Bevolkingsaanwas in Afrika staan op 2,7 % per jaar. Teen 2030 sal Afrika deur 1,7 miljard mense bewoon word en teen 2050 sal dit deur 2,5 miljard mense bewoon word (The Economist, 2020; UNICEF DATA, 2017). Teen 2030 sal 100 miljoen jong mense tot die arbeidsmark toetree (wat min of meer neerkom op meer as 10 miljoen jong werksoekers per jaar) (UNESCO, 2022). Boonop verstedelik Afrika vinnig. Aldus OECD (2022), het 44 % van die Afrikabevolking in 2022 in stede gewoon. 'n Verdere 900 miljoen inwoners sal tussen nou en 2050 in Afrikastede woon, wat daarop neerkom dat twee derdes van die vasteland se bevolking stedelik sal wees. Die geprojekteerde impakte van klimaatsverandering op landbou op die Afrikavasteland sluit opbrengsverliese vir primêre stapelgewasse, soos mielies, in (IPCC, 2022). Programme en beleide vir voedselsekerheid moet met 'n spesifieke klem op stadsgebiede ontwerp word om te voldoen aan die eise van groeiende bevolkings wie se dieet in stedelike sentra verander.

**Die navorsing wat tot hierdie verslag gelei het, is gedryf deur die vraag: Hoe om te reageer op die impak van die COVID-19-krisis op voedselsekerheid sodat onmiddellike behoeftes aangespreek word en – terselfdertyd – dat onmiddellike reaksies op die krisis ook bydra tot die transformasie van stedelike voedselstelsels?** Luidens die FAO (2021, p. 4) is ongelykhede en armoede die strukturele redes vir honger, voedselonsekerheid en wanvoeding. Dit is noodsaaklik om daardie strukturele redes aan te spreek ten einde voedselsekerheid te verwesenlik. TMG se Urban Food Futures-navorsingsprogram streef dus daarna om innoverings te ontwikkel wat onmiddellike verligting bied vir diegene wat aan honger en wanvoeding ly en wat die strukturele redes vir voedselonsekerheid aanspreek.

## Die transformasie van die voedselstelsel verg 'n kompas. Ons kompas is die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel

**In die lig van die strukturele redes vir voedsel- en voedingonsekerheid, poog hierdie navorsingsprogram om innoverings te ontwikkel om die reg op voedsel te verwesenlik.** Artikel 11 van die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte (*International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights*) erken almal se reg op 'n aanvaarbare lewenstandaard, met insluiting van voldoende voedsel. Die reg op voldoende voedsel word verwesenlik wanneer elke man, vrou en kind, op hul eie of in gemeenskap met ander mense, ten alle tye fisiese en ekonomiese toegang tot voldoende voedsel of maniere vir die verkryging daarvan het. Die *reg op voldoende voedsel* sal gevolglik nie in 'n eng of beperkende sin geïnterpreteer word wat dit gelykstel aan 'n minimum pakket van kalorieë, proteïene en ander spesifieke voedingstowwe nie (CESCR, 1999). Om innoverings vanuit die

oogpunt van die reg op voedsel te benader, beklemtoon dus die soeke na oplossings wat ook verder as onmiddellike behoeftes strek en vrae oor byvoorbeeld regerings se verantwoordbaarheid of mense in kwesbare posisies se verteenwoordiging in beleidsprosesse aanspreek.

**Vroue is geneig om meer dikwels in kwesbare posisies as mans te wees. Die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel vereis dus noodwendig 'n geslagsensitiewe benadering.** Vroue se kwesbare posisie in die samelewing is die gevolg van die sameloop van verskillende vorms van ongelykheid. Die Urban Food Futures-program werk om te verstaan hoe verskeie vorms van onderdrukking en bevoorregting op 'n daaglikse grondslag ervaar en deur breër strukturele ongelykhede en stelsels op voortgebou en ondersteun word. Hierdie feministiese benadering is in antwoord op BMZ se voorneme om alle vorms van strukturele ongelykheid en diskriminasie uit te roei, rassistiese strukture en diskriminasie op grond van geslag, genderidentiteit en gestremdhede inkluis.

## Innoverings deur 'n dialoog tussen plaaslike kennis en globale normatiewe raamwerke en beleidsprosesse

**Volgens TMG se ervaring fasiliteer die dialoog tussen globale normatiewe raamwerke en plaaslike kennis innoverings vir die transformasie van die voedselstelsel.** Globale normatiewe raamwerke, selfs al word dit hoegenaamd nie sistematies op nasionale en plaaslike vlak toegepas nie, skep ruimtes vir innovering op die plaaslike vlak. Om innoverings te ontwikkel wat voldoen aan die behoeftes van diegene wat voedselonseker is, móét hulle betrokke wees of die innoveringproses dryf. In TMG se ervaring loop voorgestelde oplossings wat ontwikkel word sonder om beide perspektiewe in ag te neem, die risiko om nie aan plaaslike behoeftes te voorsien nie of om nie die toets van skaalaanpassing te deurstaan nie. Vir ons metodologie impliseer dit aan die een kant om met mense wat eerstehandse ervaring het om in stedelike lae-inkomstegebiede te woon en hul verteenwoordigende organisasies en regerings, te werk. Aan die ander kant impliseer hierdie metodologie die inkorporering van hierdie werk in die tersaaklike globale prosesse.

**Die Urban Food Futures-program maak staat op 'n digte netwerk van vennootorganisasies op die plaaslike vlak. In Kaapstad werk ons in verskillende gemeenskappe op die Kaapse Vlakte:** 'n digbevolkte strook van die Valsbaaikus waar anderskleuriges met geweld tydens die apartheidjare verwyder is. In Kaapstad, byna 30 jaar ná die einde van apartheid, manifesteer strukturele ongelykhede in hierdie townshipgebiede steeds in randstandigheid, voedselonsekerheid en ongelykheid wat geleenthede betref. Op die Kaapse Vlakte werk ons saam met Food Agency Cape

Town (FACT), 'n burgerlike samelewingsorganisasie wat kwalitatiewe navorsing doen om magstrukture en ongelykhede in die voedselstelsel te ondersoek. Die African Centre for Cities aan die Universiteit van Kaapstad is die wetenskaplike projekvennoot. In Nairobi werk ons in die informele nedersetting Mukuru, wat met 'n industriële gordel langs gevorm het. Die informele nedersetting kort basiese infrastruktuur soos stabiele elektrisiteit, huishoudelike watervoorsiening en afvalstelsels en sy bewoners leef met die konstante risiko van gedwonge uitsettings. Ons vennootorganisasie daar, Muungano, het deelnameprosesse vir die opgradering van dele van die nedersetting onderneem. Die Miramar-stigting vul die kernspan vennote aan met tegniese kundigheid in groenteverbouing in beheerde omgewingstelsels.

**Wêreldwyd word daar steeds hoofsaaklik in landelike terme aan voedselsekerheid gedink en volhoubare stedelike ontwikkelingsprosesse dink grootliks nie aan voedsel nie.** Wat die 2030-agenda betref, sal die wêreldgemeenskap nie daarin slaag om SDG 2 oor Geen Honger te verwesenlik as dit nie SDG 11 oor Stede aanspreek nie. Hierdie twee beleidsprosesse moet saamgevoeg word, gevvolglik bevind die Urban Food Futures-program hom by hierdie kruispad.

**Ons posisioneer ons werk in 'n begrip van die verlede en leer uit die hede om die nodige transformasie na 'n ander toekoms toe te lig.** Die Urban Food Futures-program volg 'n benadering wat bewus is van vorige onregte wat tot die vele strukturele redes vir voedselsonsekerheid gelei het en dit leer uit die verskillende hanteringsmeganismes wat deur die inwoners van informele nedersettings aangeneem en ontwikkel is. Verder poog die program om innoverings te ontwikkel wat die geprojekteerde toekoms in ag neem. Die innoverings wat vandag ontwikkel word, moet ook voldoen aan die fundamenteel veranderende eise wat die toekoms stel.

## Voedselsekerheid in Afrikastede moet in die konteks van informaliteit verwesenlik word

**Die informele sektor gee vorm aan stede en bied 'n lewensbestaan vir stadsbewoners.** Sestig persent van Afrikavroue werk inderdaad informeel (UN Habitat, 2020). Uit Kaapstad en Nairobi het ons geleer van informele handelaars se bydraes tot die beskikbaarheid van voedsel vir die stedelike armes. Die informele sektor is dikwels onwettig of word gekriminaliseer Tog ag ons die informele sektor as 'n oplossingsruimte waar ons by en saam met gemeenskappe in lae-inkomstegebiede kan leer oor veerkrachtigheid tydens krisisse, hoe om netwerke te bou en saam bemagtigende omgewings te skep wat die risiko's wat verband hou met informaliteit te verminder en beloon die sektor as 'n ruimte om maatskaplike kapitaal te vernuwe en te versterk.


**Die informele sektor het ook 'n sleutelrol om te speel om die gaping tussen stadsregerings en hul burgers wat in informele nedersettings woon, te**

**oorbrug.** Meer dikwels as nie, ag burgers in informele nedersettings die staat as awesig te wees. Dienste bereik nie informele nedersettings nie, stemme en eise uit informele nedersettings word steeds nie erken nie. Om hierdie gaping toe te maak, verg meer doelgerigte pogings deur die stad, streek en provinsie. In die lig van beperkings wat vermoë betref, vereis verbeterde dienslewering ook van burgers en hul verteenwoordigende organisasies om samewerkend met beleggings deur die staat op te tree. Die omvang van die uitdaging wat voedselsekerheid in stedelike woonbuurte met 'n lae inkomste betref, maak dat beleggings wat nie voortbou op daardie beleggings wat deur beide kante gemaak word nie, waarskynlik sal misluk.

**Om voedsel- en voedingsekerheid in stadsgebiede te verwesenlik, moet beleide oor voedsel- en voeding fundamenteel vanuit die oogpunt van die behoeftes van diegene wat voedsel- en voedingsekerheid ervaar, heroorweeg word.** Beleide wat voedselsekerheid betref, is geneig om 'n landelike en produsentvooroordeel te hê (Battersby, 2013). Daardie beleide is geneig om stede as 'n duidelike entiteit wat duidelike beleide vereis, te verwaarloos en om eerder op die verhoging van voedselproduksie te koncentreer. Dit ontken die aanbevelings wat voortspruit uit 'n reeks bevindinge wat wys dat voedselone sekerheid dikwels gekoppel is aan inkomste, geslag en maatskaplike status. Deur beleidsoriëntasie na die verbruiker toe te skuif, kan ons die landelike en produsentvooroordeel van baie beleide rondom voedselsekerheid aanspreek.

## Stedelike sentrale voedingspunte as lewende laboratoriums vir die transformasie van die stedelike voedselstelsel

**Om hierdie innoverings te ontwikkel, sal die Urban Food Futures-program stedelike sentrale voedingspunte (*Urban Nutrition Hubs (UNH's)*) in Mukuru en op die Kaapse Vlakte vestig.** Die UNH's, as lewende laboratoriums, sal innoverings in voedselstelsels, soos landbouproduksie in beheerde omgewings,loods en toets. Hulle sal gemeenskapskombuise heroorweeg en ondersoek hoe maatskaplike kapitaal onder informele handelaars gebruik kan word om vir hulle 'n bemagtigende omgewing te skep. Ons beskou UNH's as 'n lewende laboratorium om verskillende weë te ondersoek om die stedelike transformasie van die voedselstelsel te behaal om die reg op voedsel al hoe meer te verwesenlik. UNH's speel 'n noodsaklike rol in die implementering van aksienavorsing met ons verskillende programmatiese weë langs namate ons voortdurend vele innoveringsloods en met mekaar verbind.



## Vyf verskillende weë vir die transformasie van die stedelike voedselstelsel

**Die volgende vyf verskillende weë vir die program se verandersingsteorieë vir die transformasie van die stedelike voedselstelsel.** Dit is die resultaat van die program se Bestekopnamefase vir ons toekomstige aksienavorsing. Saam spreek hulle belangrike katalisators aan om stedelike voedselstelsels deur 'n versterkte informele sektor te transformeer.

1

### DIE HANTERING VAN KRISISSE



*Hantering van krisisse: Gemeenskappe in stadsgebiede met 'n lae inkomste, het te make met 'n magdom krisisse. Ons het hanteringstrategieë ondersoek wat tydens die COVID-19-pandemie aan die lig gekom het toe regerings massiewe uitdagings in die gesig gestaar het om voedselsekerheid in tye van ekonomiese ineenstorting en aandklokreëls aan te spreek. Hierdie weg steun transformasieprosesse deur uit onderna-bo-hanteringstrategieë, soos gemeenskapskombuise, te leer. As deel van hierdie weg sal ons ondersoek hoe die suksesvolle hanteringsmeganismes se omvang aangepas kan word deur aanknopingspunte vir geïnstitutionaliseerde samewerking tussen plaaslike regerings en gemeenskapsgebaseerde organisasies te identifiseer.*

2

### WEDERSYDSE VERANTWOORDBAARHEID



*Wedersydse aanspreeklikheid: Armoede en maatskaplike en ekonomiese ongelykheid is die strukturele redes waarom daar honger en wanvoeding is. Eksklusiewe besluitnemingsprosesse dra by tot die voortbestaan van ongelykhede. Om die reg op voedsel stelselmatig te verwesenlik, moet transformasie van stedelike voedselstelsels verantwoordbaarheid en deursigtigheid van regerings en besluitnemingsprosesse verbeter. Beter verantwoordbaarheid kan nie verwesenlik word deur op voetsoolvlak of met regeringsowerhede in afsondering van mekaar te werk nie. Ons poog om verantwoordbaarheid te verbeter deur rolspelers op voetsoolvlak te bemagtig om deelnemers aan prosesse van besluitneming ten opsigte van voedselbestuur te word, eerder as om passiewe ontvangers te bly. As 'n voorwaarde, moet regerings se vermoë om met rolspelers op voetsoolvlak saam te werk, verbeter word.*

**3**

## LANDBOU IN 'N BEHEERDE OMGEWING



*Om die struikelblokke te oorkom wat deur klimaatsverandering, die skaarste aan veilige stedelike water en die netelige kwessie van toegang tot grond in stadslandbou gestel word, redeneer ons dat hidroponeiese boerdery in beheerde omgewings 'n opsie is om groenteverbouing in stedelike sentra 'n hupstoot te gee. Wanneer hidroponeiese beheerde omgewingslandbou (BOL) aan geïnstitutionaliseerde instellings, soos skoolvoedingsprogramme, gekoppel word, kan dit 'n kostedoeltreffende vooruitsig vir baie Afrikastede wees.*

**4**

## DRYF HANDEL OM TE EET



*Strafbeleide teen informele handel en swak beskermingsmeganismes teen ekonomiese verskuwing deur formele entiteite belemmer voedsel-onseker bevolkingsgroepe se toegang tot voedsel. Dit hoef egter nie die geval te wees nie. 'n Voedselsensitiewe benadering tot stadsbeplanning vestig informele handelaars as bondgenote in stede se pogings om honger en wanvoeding iets van die verlede te maak. Hierdie voedselsensitiewe perspektief beklemtoon die behoefte aan meer noukeurige oorweging van hoe wyer ruimtelike en stadsbeplanningsprosesse inwerk op informele handel en die implikasies daarvan op stedelike diëte en voedselsekerheid. Op hierdie weg sal ons met voedselverkopers, ander informele handelaars en munisipaliteit werk om die regulatoriese omgewing ten opsigte van die informele ekonomie te heroorweeg en te verander.*

**5**

## INWINNING VAN DATA DEUR SKAREBENUTTING VIR DIE TRANSFORMASIE VAN DIE VOEDSELSTELSEL



*Die gebrek aan gedetailleerde data oor die toestand van voedselsekerheid in informele nedersettings belemmer die ontwerp van reaksies op krisisse en ons moet 'n beter begrip kry van die uitdagings wat mense daaglik in hul voedselomgewings in die gesig staar. Ons sal 'n digitale stelsel van stapel stuur om data oor die toestand van voedselonsekerheid en huishoudelike kosmandjies in uitgesoekte stedelike informele nedersettings deur skarebenutting in te win. Data wat deur en vir gemeenskappe deur skarebenutting ingewin word, spreek kritieke gapings in kennis vir besluitnemers aan terwyl dit 'n leergeleentheid bied met betrekking tot "wie en wat sigbaar is" wanneer programme vir krisisreaksies en -beleide ontwerp word.*

# 1



# INLEIDING

## 1.1

### Krisisse

In 2022 het die wêreld 'n voedselkrisis betree, waarvan die volle impak nog nie verstaan word nie. In Maart 2022 het wêreldvoedselprysse hul hoogste aangetekende vlakke bereik sedert die FAO voedselprysse in 1961 begin dophou het (FAO, 2022a). Hierdie piek is aangevuur deur die grootste styging in voedselprysse in die FAO se geskiedenis: 'n werklike styging van 68 % oor 'n tydperk van twee jaar (FAO, 2022a). Dit is aansienlik hoër as die prysstyging van 43 % wat voedselonluste in 2009–2011 regoor die wêreld veroorsaak het, veral in stadsgebiede, en die styging van 38 % wat wydverspreide hongersnood in verskeie Afrika- en Asiatiese lande in 1973–1975 veroorsaak het (FAO, 2022a). Rusland se oorlog teen die Oekraïne het hierdie styging vererger, gegewe dat talle

lande baie afhanklik is van Russiese en Oekraïnse uitvoere van koring, brandstof en landbou-insette. Terwyl die wêreld se ekonomieë sukkel om van COVID-19 te herstel, het Rusland se oorlog wrede implikasies vir die mense in die Oekraïne en 'n katastrofiese wêreldwye impak op die koste van voedsel gehad (Müller & Prakash, 2022; Tidey, 2022). Die wêreld se pogings om honger te beëindig, gaan agteruit en die konsensus is dat die situasie in die loop van 2022 sal vererger (FAO et al., 2022; Global Network Against Food Crises, 2022).

Werksverliese en ekonomiese inkrimping in die nadraai van die COVID-19-pandemie het die impak van stygende voedselprysse verder vererger, veral vir diegene in stadsgebiede met 'n lae

inkomste wat steeds van die pandemie se impak op hul lewensbestaan probeer herstel. Wat beteken dit vir verbruikers en huishoudings in die drie stede – Nairobi, Ouagadougou en Kaapstad – waarin die Urban Food Futures-program in 2021 en 2022 gewerk het? Die prys van stapelvoedsel het in Kenia, Burkina Faso en Suid-Afrika skerp gestyg. Van Junie 2021 tot Junie 2022 het Suid-Afrikaanse verbruikers stygings in die koste van saadolie (69 %), mieliemeel (11 %) en koringmeel (24 %) gesien (PMBEJD, 2022). Keniaanse verbruikers het ook stygings in die koste van kookolie (52 %), mieliemeel (82 %) en koringmeel (44 %) gesien (KNBS, 2022). Oor die afgelope jaar het Burkina Faso-verbruikers 30 % stygings in die koste van voedselprodukte gesien (INSD, 2022a). Onbekostigbare kos beteken dat mense minder en minder uiteenlopende voedselprodukte koop, soos voorbeeld uit Suider-Afrika toon (Paganini et al., 2020). In Kenia hou mense onder finansiële druk gewoonlik op om vars kosse en proteïene te koop (Kimani-Murage et al., 2014), terwyl mense in Kaapstad minder vleis eet en sny op die aantal maaltye wat hulle per dag eet (Paganini et al., 2021a).

Stadsbewoners word erg deur die wêreldwyse voedselprys Krisisse geraak. Die stedelike armes was onder diegene wat die swaarste deur die 2009–2011 voedselprys krisis raak is (Scott-Villiers et al., 2016). Mense wat in informele gebiede en gebiede met 'n lae inkomste in Afrikastede woon, ervaar reeds die wêreld se hoogste vlakke van voedsel onsekerheid (Beyer et al., 2016; Termeer et al., 2022). Cohen en Garrett (2010) het gesê dat, alhoewel die wêreld gesien het dat stedelike armes die meeste sukkels, aangesien hulle die grootste deel van hul inkomste aan voedsel bestee, word die vraag oor hoe om voedsel onsekerheid die hoof te bied hoofsaaklik aangespreek deur beleidsingrypings om produksie in landelike gebiede te verhoog. Tog is die bedreiging van voedsel onsekerheid vir stadsbewoners wat deur krisisse veroorsaak word, nie die gevolg van 'n fisiese gebrek aan voedsel nie. Voedsel in dorpe en stede is veral fisies beskikbaar deur voedselverkopers, informele voedselstelsels of supermarkte; vir die stedelike armes is dit egter dikwels eenvoudig nie bekostigbaar nie (Cohen & Garrett, 2010).

**VAN JUNIE 2021 TOT JUNIE 2022 HET SUID-AFRIKAANSE VERBRUIKERS STYGINGS IN DIE KOSTE VAN SAADOLIE (69 %), MIELIEMEEL (11 %) EN KORINGMEEL (24 %) GESIEN (PMBEJD, 2022). KENIAANSE VERBRUIKERS HET OOK STYGINGS IN DIE KOSTE VAN KOOKOLIE (52 %), MIELIEMEEL (82 %) EN KORINGMEEL (44 %) GESIEN.**

## 1.2

# Verlede, hede, toekoms

Ondanks die aanslag van vele krisisse op stedelike voedselstelsels, word honger steeds as 'n landelike uitdaging voorgehou en gesprekke oor volhoubare stedelike ontwikkeling in Afrikalande neig om ontkoppel te wees van dié oor voedselsekerheid. Wat die wêreldwye ooreengekome Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte betref, sal ons nie SDG 2 (Geen Honger) kan verwesenlik sonder om beleide en programme om voedseloneusekerheid te verminder te verbind met die werk om volhoubare stede te ontwerp nie (SDG 11, Volhoubare Stede en Nedersettings) (Battersby, 2017a). Battersby en Watson (2018) voer aan dat besluitnemers beide die rol van voedsel in stedelike ontwikkeling en die rol van die stedelike konteks in programme oor voedselsekerheid in ag moet neem, eerder as om een afsonderlik van die ander te beskou. Hierdie gebrek aan aandag loop die risiko om uitdagings wat reeds bestaan, te vererger. Ons navorsing word gerig deur die kruispaaie tussen die magdom hedendaagse krisisse, die primêre oorsake van strukturele ongelykhede van die verlede en 'n perspektief op die toekoms.

### Verstaan die verlede

Strukturele ongelykheid word weerspieël in die spanning tussen wie die stedelike voedselstelsel oorspronklik ontwerp het en hoe daardie ontwerp oor tyd ontwikkel het. Voedseloneusekerheid en armoede lê dikwels in strukturele ongeregtighede

wat in stede se verlede gewortel is. Ons het in drie stede gewerk wat die impak van koloniale onderwerping ervaar het, hetsy as koloniale nedersettings, soos in die geval van Kaapstad en Nairobi, of as hoofstede vir pasgestigte koloniale gebiede, soos in die geval van Ouagadougou. Die beplanning van hierdie stede gedurende die koloniale tydperk, het die uitbuitende en onderdrukkende kenmerke van die koloniale stelsel in stede se fisiese infrastruktuur, grondgebruik en voedselstelsels verander. Koloniale ruimtelike beleide beïnvloed steeds stedelike ontwikkeling in Afrikastede, wat die begrip van die verlede voorop stel in die poging om regverdigte stede te vorm (Njoh, 2009).

Kaapstad se geskiedenis was een van grondonteinering en fisiese rasseskeiding. Met sy ontstaan in die laat 17<sup>de</sup> eeu, het Nederlandse handelaars die bevolking van die San en Khoi uit die beskutte baai van die Kaap verdryf om 'n verversingspost te vestig. Gedwonge verplasing het voortgeduur toe slawe van Indonesië, Indië en Maleisië na die kolonie toe gebring is om saam met die plaaslike Swart bevolking vir fisiese en seksuele arbeid uitgebuit te word, wat geleei het tot die Kaapse Kleurlingbevolking. Die geskiedenis het met die begin van die 18<sup>de</sup> eeu verander toe die Britte die kolonie in beslag geneem het. Segregasie is aan die begin van die 20ste eeu aan die gang gesit toe die Swart bevolking in die buitewyke van die middestad

in sogenoamde townships hervestig is, wat die grondslag vir apartheid vooruitgeloop en gestalte gegee het. In 1948 het segregasie 'n amptelike beleid geword en die Nasionale Party het die nasie in 'n apartheidstaat omskep. Die nalatenskap van die apartheidstaat is steeds duidelik sigbaar en 'n groot deel van die stad se Swart-, Kleurling- en minderheidsbevolkings woon steeds buite die middestad en, ondanks grondhervorming, is groot dele van landbougrond steeds in die besit van 'n wit minderheid.

Grondonteiining en radikale veranderinge aan die natuurlike omgewing kenmerk ook die begin van die stad Nairobi. In voorkoloniale tye is moerasagtige vlaktes om die Nairobi-rivier deur die Maasai-herdermense as weiveld gebruik. Trouens, die naam van Kenia se hoofstad is afgelei uit die frase Enkare Nyorobi, wat in die Maasai-taal "die plek van koel water" beteken. Met die skepping van die Kenia-kolonie as deel van Brits-Oos-Afrika in 1899, het die Britse koloniale owerhede grond onteien en Nairobi as hoofkwartier vir die Uganda-spoorweë gevvestig (Akala, 2019). As deel van hul stedelike ontwikkelingsplanne, het die Britte die moerasagtigste dele van Nairobi meer bewoonbaar gemaak deur die moerasse te dreineer deur ingenieursprojekte soos die Nairobi-dam langs Kibra, asook deur uitheemse bome met hoë watervereistes, soos bloekombome, in te voer. Gevolglik het die Britte die stad volgens rasse-lyne ontwikkel: koloniste het uitgestrekte stukke gesogte grond aan die westekant van die stad, insluitende Runda, Karen en Muthaiga beset, terwyl Suid-Asiërs

(wat met geweld Kenia toe verskuif is met die doel om die Uganda-spoorweë te bou) middelliggende gebiede soos Ngara en Parklands beset het. Afrikané was beperk tot laagliggende, vloedgevoelige gebiede oos van die ontluikende stad, insluitende Pumwani, Ziwani en die hedendaagse Mukuru informele nedersettingsgordel (K'Akumu & Olima, 2007). Stedelike planne van segregasie wat deur die Britte ingestel is, het die verspreiding van hulpbronne en toegang tot dienste oor die stad uiteengesit. Ná sestig jaar van onafhanklikheid, gee hierdie planne steeds gestalte aan die ongelykhede in welgesteldheid in Nairobi.

Waar koloniale moondhede nie 'n splinternuwe stad gestig het nie, het hulle jarelange stedelike nedersettings oorgeneem en plaaslike magstrukture ontwrig, met gevolge vir sekuriteit wat tot vandag toe nog bestaan. Ouagadougou, 'n naam wat in die Ninsi-taal "nedersetting van die oorlogsleier" beteken, is ter ere van Wubri, die stigterskoning van die stad, só genoem. Volgens oorlewering het Wubri Ouagadougou in die 15<sup>de</sup> eeu gestig en in 1681 het dit die hoofstad van die magtigste koninkryk in die grootliks gedesentraliseerde Mossi-ryk geword. In 1919 het Franse koloniale uitbreiding die gebied van die Bo-Volta gevvestig, wat in 1960 onafhanklikheid verkry het (Williamson, 2013). Vier-en-twintig jaar ná onafhanklikheid staar die land politieke onstabilitet in die gesig weens staatsgrepe en gewapende konflikte in die noordelike deel van die land wat gelei het tot 'n toestroming van binnelandse ontheemdes in Ouagadougou wat oorlog ontvlug het.

## Weet van die hede

Om die geskiedenis van 'n stad se stedelike ontwikkeling te verstaan, lê die grondslag vir 'n bewuste ontsluiting van sy huidige penarieë. Armer stadsbewoners in Afrika staar 'n reeks beperkinge in die gesig, met insluiting van onsekere grondbesit, 'n gebrek aan openbare dienste van gehalte, werkloosheid en bedreigings vir persoonlike veiligheid. Voedselstelsels weerspieël dikwels hierdie strukturele uitdagings en gee vorm aan burgers se toegang tot voldoende en voedsame kos. Die weë na die transformasie van die stedelike voedselstelsel is nie eenvoudige oplossings nie. Om die katalisators vir verandering, die beperkings daarvan en die politiek van sulke prosesse te verstaan, is 'n noodsaaklike voorvereiste vir doeltreffende, blywende verandering.

strategieë vir voedselsekerheid beraam word. Die Wes-Kaapse werkloosheidsyfer staan tans op 25 % (Stats SA, 2022). Die werkloosheidsyfer in die Nairobi-distrik is 43 % (KNBS, 2021). In Ouagadougou, het dit in 2019 op 9,6 % gestaan (INSD, 2022b). Ondanks positiewe ekonomiese groei in Afrika wat BBP betref, bly informele indiensneming algemeen en wydverspreid oor alle ouderdomskategorieë. Geleerde dat informele indiensneming in die toekoms die vernaamste inkomstebbron vir mense in Afrika sal bly (Falling Walls, 2022). Op die vasteland is informele indiensneming in al sy komponente in verhouding tot totale indiensneming, 85,5 % (ILO, 2020), wat neerkom op sowat 387 miljoen van die 453 miljoen werkende mense. Onder jong mense het 70 % 'kwesbare werke', 'n kategorie wat deur ILO gebruik word om mense in eie diens en familielede se bydraes tot lewensbestaan te omskryf (Fields, 2021). Party mense beraam selfs dat die proporsie jeugdiges in informele werk so hoog soos 90 % is (Cieslik et al., 2021). Wêreldwyd put vroue in stadsgebiede nie dieselfde voordeel uit die ekonomiese groei wat stede bied nie: meer as 60 % van vroue wat in stede woon, leef in benarde toestande en verdien hul lewensbestaan in die informele sektor. Vroue is in die meerderheid wanneer dit by stadsbewoners in informele nedersettings kom, aangesien gemiddeld 120 vroue vir elke 100 mans in informele nedersettings in Afrika woon (ESPAS, 2018; UN Habitat & UN Women, 2020). Dit laat die vraag ontstaan of die informele sektor herevalueer moet word en as 'n lewensvatbare moontlikheid vir die toekoms van stedelike voedsel in Afrika beskou moet word.

## IN HUIDIGE STEDELIKE VOEDSELSTELSELS IS INDIENSNEMING 'N ONONTBEERLIKE VEREISTE VIR VOEDSELEKERHEID, AANGESIEN STADSBEWONERS SE TOEGANG TOT VOEDSEL AFHANG VAN DIE BESKIKBAARHEID VAN KONTANT.

In huidige stedelike voedselstelsels is indiensneming 'n onontbeerlike vereiste vir voedselsekerheid, aangesien stadsbewoners se toegang tot voedsel afhang van die beskikbaarheid van kontant. Indiensneming is dus 'n primêre faktor om in ag te neem wanneer

Informaliteit skep werk, maar kweek ook onsekerheid. Daar is 'n sterk verband tussen mense se behoefte aan werk en informele nedersettings. Meer as 50 % van Nairobi se bevolking woon in informele nedersettings, waarvan Kibera die grootste is. Kibera is langs betreklik ryker landgoede geleë, insluitende Lang'ata en Ngumo, waar Kibera-inwoners werk kry in hoofsaaklik huishulpsdiens. Mukuru het vinnig uitgebrei nadat nywerhede in die gebied gebou is en mense wat werk gesoek het hulle om die nywerheidsgordel gevestig het. In die meeste van hierdie nedersettings, beskik huurders nie oor wetlike status met betrekking tot hul huise of ander fisiese infrastruktuur nie. Dit, tesame met Nairobi se geskiedenis van gedwonge uitsettings, stel hulle in gevaar om hul huise en besittings oornag te verloor. Die jongste voorbeeld hiervan was die Oktober 2021-uitsettings in Mukuru toe meer as 75 000 mense hul huise en ondernemings verloor het toe Kenia se regering hul gemeenskap plat gestoot het om plek te maak vir 'n pad (Muungano wa Wanavijiji, 2021).

Die een krisis op die ander in Kaapstad, Nairobi en Ouagadougou wat voortspruit uit 'n reeks ekonomiese, klimaats-, sosiokulturele en politieke kragte plaas verdere druk op stedelike gemeenskappe met 'n lae inkomste in Afrikastede. Armer stadsbewoners word buite verhouding deur wêreldwyse, nasionale en plaaslike krisisse geraak. Hierdie skokke het 'n direkte impak op huishoudings se voedselsekerheid en maatskaplike geregtigheid en beklemtoon die behoefte om veerkrachtigheid te bou namate Afrika se stadsbevolking vinnig in 'n onstabiele toekoms in groei.

In Kaapstad, byvoorbeeld, het streng inperkingsregulasies in antwoord op die wêreldwyse COVID-19-pandemie voedselsekerheid op die Kaapse Vlakte grootliks beïnvloed (Paganini et al., 2021a). Mense het nie net hul werk verloor nie, maar hul kinders is 'n daagliks ete kwyt met die sluiting van skole en hul voedingsprogramme (Spaull et al., 2020). Terwyl maatskaplike en vrywilligersinisiatiewe aanvanklik ontstaan het om die kwessie deur voedselvoorbereiding en -verspreiding, aan te spreek, het die koste om hierdie inisiatiewe te bestuur die hoogte ingeskiet met die stygings in voedselpryse en afnames in skenkerbefondsing (Battersby et al., 2022). Een kwessie wat duidelik tydens die bestekopnamefase as 'n plaaslike krisis aan die lig gekom het, is die impak van honger op geslagsgebaseerde geweld. Baie gemeenskapskombuise in Kaapstad bied kos, skuiling en geteikende bewusmakingsprogramme (Peters et al., 2022).

'n Eenderse situasie het in Nairobi plaasgevind, waar COVID-19-inperkingsmaatreëls rolspelers in die voedselstelsel, waarvan baie informeel werk, verhoed het om hul inkomste-genererende aktiwiteite te onderneem. Informele kosverkopers, byvoorbeeld, wat 'n broodnodige rol speel om voedsel na informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste toe te bring en dit daar te versprei, kon weens aandklokreëls, wat ingemeng het met hul sakebedrywighede, nie na groothandelmarkte toe gaan nie (Hauser et al., 2022). Die onlangse uitsettings het ook die voedselsekerheidsituasie vererger, veral in Mukuru. Benewens huise is talle klein winkeltjies vernietig en, daarmee saam, die lewensbestaan van die inwoners (Owade & Wairimu, 2022).



Source: Sanelisiwe Nyaba, 2022

Sedert 2015 het gereelde terreuraanvalle, hoofsaaklik in die noordelike dele van Burkina Faso, die land in 'n veiligheidskrisis in gedwing wat die inwoners van sy hoofstad, Ouagadougou, tot nou toe raak. Die relatiewe veiligheid van Ouagadougou het baie mense genoop om uit geaffekteerde landelike gebiede stad toe te migrer, wat nou huisvesting aan die meerderheid van die land se 1,8 miljoen intern-ontheemde mense bied (OCHA, 2022). Die enorme toeloop van mense en die gebrek aan ondersteuning van die Burkinabé-regering dompel die intern-ontheemde mense en hul gasheergemeenskappe in voedselonekerheid (OCHA, 2022).

### **Wêreldwye megatendense vererger die kwesbaarheid van voedselstelsels**

As ons verby konflik en COVID-19 kyk, word voedselpryse en die breër voedselstelsel beïnvloed deur 'n reeks chroniese langtermyn-megatendense wat op 'n wêreldvlak ontvou (Vastapuu et al., 2019). Hierdie megatendense oorvleuel en manifesteer op verskillende maniere in verskillende stede en sal 'n bepalende rol in die vorming van Afrika se stedelike voedseltoekoms speel: verstedeliking, migrasie, klimaatsverandering, bevolkingsgroei en verlies van biodiversiteit (Hatfield-Dodds et al., 2021; PwC, 2022; Vastapuu et al., 2019). Daarbenewens moet COVID-19

op verskeie maniere as 'n megatendens beskou word of, minstens, in ag geneem word wanneer die implikasies van en moontlike reaksies op hierdie megatendense bespreek word. Hierdie tendense speel veral in stadsgebiede af.

Afrika is te midde van 'n enorme demografiese transformasie met 'n bevolking wat na verwagting van 1,4 miljard in 2022 tot 3,4 miljard teen 2072 sal groei. Gedurende hierdie 50 jaar sal meer mense na Afrikastede toe vloeи as wat tans in die ganse Afrika leef (UNDESA, 2019). In teenstelling met die prentjie van vooruitstrewende megastede wat baie mense in hul koppe het, sal die meeste van Afrika se stedelike groei egter wees in wat tans dorpe, klein dorpies en klein stede is. Hierdie vinnige groei in die omvang en verspreiding van Afrikastede sal beduidende impakte op stadsinfrastruktuur en informaliteit hê. Dit sal ook gestalte aan die voedselstelsel gee, wat beïnvloed hoe, waar en deur wie voedsel geproduseer, verhandel en verbruik word.

Die vasteland sal ook die tuiste van die wêreld se jongste bevolking wees. Teen 2060 sal 280 miljoen kinders onder die ouderdom van vyf in Afrika woon – meer as in enige ander plek ter wêreld (UNDESA, 2019). Dit het beduidende implikasies vir honger- en voedselsekerheidprogrammering, sowel as vir hoe ons dink oor lewensbestaan, onderwys, maatskaplike sekuriteit en die reg op voedsel.

## **AS ONS VERBY KONFLIK EN COVID-19 KYK, WORD VOEDSELPRYSE EN DIE BREËR VOEDSELSTELSEL BEÏNVLOED DEUR 'N REEKS CHRONIESE LANGTERMYN-MEGATENDENSE WAT OP 'N WÊRELDVLAK ONTVOU.**

Namate Afrika verstedelik, is dit ook besig om spoedig te digitiseer. Selfone en digitale finansiële dienste verander hoe Afrikane werk, handel dryf en met mekaar skakel. Daar is vroeë tekens dat die aard van die digitale skeiding besig is om te verander.

Aangevuur deur 'n jong en toenemende tegnologievaardige bevolking aan die een kant en hoë tegnologie internasionale voedselkorporasies aan die ander kant, is en sal hierdie tendens in digitalisering aanhou om oor alle vlakke van die voedselstelsel uit te speel as iets wat ontwrig en bemagtig.

Die ekologiese en planetêre stelsels waarvan die vasteland se voedselstelsels afhanglik is, stort in due, wat vererger word deur bevolkingsgroei, 'n groeiende middelklas en stygende uitvoere.


Op sy beurt, vuur dit weer interne konflik en migrasie aan.

Klimaatsverandering is die ooglopendste hiervan, ondanks Afrika se baie geringe rol in die oorsaak van die emissies wat die vasteland so negatief raak. Stygende temperature, veranderende reënpatrone en die meer gereelde en/of erger uiterste weergebeurtenisse, soos oorstromings, droogtes en hittegolwe, het voedselvoorsiening reeds gedestabiliseer en dit sal net erger word (Mbow et al., 2019). Die impakte wat die gereeldste aangemeld word, is afnames in oesopbrengste en veevrektes. Ander impakte sluit in die verlies van kritieke biodiversiteit en bestuiwers, asook 'n toename in plae en siektes soos in die 2019-oplewing van woestynsprinkane ervaar is (Mirzabaev et al., 2021; Müller et al., 2022). Varswater- en mariene ekostelsels, wat 'n wye reeks noodsaklike rolle speel, insluitende om beduidende bydraes tot proteïeninname

in die dieet te maak, is ook onder erg druk met baie visserye op die randjie van ineenstorting.

Benewens klimaatsverandering gaan Afrika se grond agteruit. Baie van die vrugbaarste grond naaste aan sy stede gaan verlore weens uitgestrekte ontwikkeling, terwyl die agteruitgang van grond in dieper landelike gebiede teen 'n kommerwekkende tempo uitbrei (Griebel et al., 2022). Met oorbeweiding en swak landboupraktyke as hoofaandrywers, hou die agteruitgang van grond 'n ernstige en stilswyende bedreiging vir Afrika se vermoë in om sy bevolking wat uit sy nate bars, te onderhou. Ander nodusse van die voedselstelsel, buite die produksieplekke, word ook geraak. Uitdagings met die beskikbaarheid van voedsel, stabiliteit en toegang, veral in omstrede ruimtes soos gebiede met 'n lae inkomste of informele nedersettings, kan dus nie aangespreek word deur bloot die produksie op te stoot nie. Ontwrigtings in voorsieningskettings kan onbestendigheid in pryse meebring, wat mense se vermoë beperk om kos te koop en sodoende hul verbruikspatrone en gesondheid beïnvloed (Mbow et al., 2019). Die berging, vervoer en kleinhandel word byvoorbeeld geraak deur die skade aan infrastruktuur weens uiterste weergebeurtenisse (Blekking et al., 2022; Mbow et al., 2019). Die druk op beperkte hulpbronne weens klimaatsverandering, vergroot die risiko van konflikte, beide in en tussen gemeenskappe, wat onder meer migrasie en die bestuur van voedselstelsels beïnvloed (Global Network Against Food Crises, 2022).

Daar is egter ook 'n aantal positiewe tendense. Vandag is Afrika die tuiste van sterker demokrasieë, meer vooruitdenkende grondwette, beter



uitkomste ten opsigte van onderrig en minder konflikte as op enige stadium in die moderne geskiedenis. Afrika, en veral stede soos Kaapstad en Nairobi, het 'n groeiende middelklas en 'n oplewing in akademiese en navorsingsinstellings, nuwe ondernemings wat die lig sien en jong entrepreneurskappe. Die vasteland spog ook met 'n groeiende beweging van sterk nie-regeringsorganisasies.

Om stede en die voedselstelsel as sleutelterreine in die stryd om klimaatsversagting te bestempel, is nog nie deel van die wêreldwyse bespreking nie. Hierdie twee domeine word trouens selde met mekaar verbind. Die grootste geleentheid vir klimaatsversagting lê egter in die volledige heroorweging en herontwerp van stede, tesame met dié van die voedselstelsel.

### 1.3

## Stedelike voedselstelsels



Vir inbewoners van Afrika se vinniggroeiende informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste, is die lewe haglik. Benewens die volgehoue risiko van eksterne skokke, staar burgers alewig maatskaplike en bestaansuitdagings in die gesig. Eweneens, gekonfronteer met erge fiskale, institusionele en kapasiteitsbeperkings, sukkel Afrikastate om by te hou by die ongekende golf van verstedeliking wat oor die vasteland spoel. Tog, byna sonder uitsondering, word meer as genoeg kos verskaf om Afrika se groeiende stede te dra. Aldus Haysom et al. (2022, p. 9), *is daar volop kos in die meeste stede; die groot vraagstuk is nie hoe om nog voedsel te verbou nie, maar hoe om toegang tot die voedsel wat verbou en beskikbaar is, te verbeter.* Voedselonsekerheid in stadsruimtes gaan dus minder oor 'n gebrek aan voedsel en meer oor uitdagings wat lewensbestaan, eksklusiewe ontwikkelingspatrone, wêreldwyse handelsdinamika, interne militêre konflikte, swak dienslewering en 'n gebrek aan inklusiewe prosesse van voedselbestuur

betref (Buthelezi & Metelerkamp, 2022; Haysom et al., 2022). Pogings om voedselsekerheid in informele nedersettings en woonbuurte met 'n lae inkomste te verbeter, moet in hierdie realiteite, asook in 'n magdom unieke kontekstuele dinamika, verskans word. Ondanks die kwesbaarheid daarvan, is hierdie antwoorde aanknooppunte om meer omvattende strategieë te ontwikkel om inklusiewe en klimaatsbestande stedelike voedselstelsels te verwesenlik. Die FAO se paneel hoëvlak kundiges (*High Level of Expert Panel (HLPE, 2014, p. 14)*) voer aan dat '*h'n voedselstelsel al die elemente (omgewing, mense, insette, prosesse, infrastruktuur, instellings, ens.) en aktiwiteite bymekaarbring wat verband hou met die produksie, verwerking, verspreiding, voorbereiding en verbruik van voedsel asook die uitsette van hierdie aktiwiteite, met insluiting van sosio-ekonomiese en omgewingsuitkomste.*

Die volgende drie afdelings beskryf die Urban Food Futures-program se drie navorsingsentra:



Source: Patrick Njoroge



# MUKURU NAIROBI

KENYA

## 'n Ter plaatse perspektief van Mukuru, Nairobi

Die Mukuru informele nedersetting, wat in die middel van Nairobi se industriële sone geleë is, beslaan sowat 280 ha en bestaan uit ses dorpies: Mukuru Kwa Njenga, Mukuru Kwa Reuben, Viwandani, Mukuru Kayaba, Fuata Nyayo en Mariguini. Sedert die 1980's het Mukuru, soos talle van Nairobi se informele nedersettings, weens armoede, vinnige verstedeliking, swak stadsbeplanning en die korrupte bestuur van grondhulpbronne, vinnig en informeel gegroei (Mutinda et al., 2020).

Vandag is Mukuru die tuiste van meer as 100 000 huishoudings (Lines et al., 2020) en 'n lewenskragtige informele ekonomie. Alhoewel dit minder as

5 % van die stad se residensiële grondoppervlak beslaan, is informele nedersettings, soos Mukuru, die tuiste van meer as 60 % van Nairobi se bevolking (Mallory et al., 2020). In 2016 is Mukuru se bevolking op 300 000 in 'n gebied van 2,6 km<sup>2</sup> beraam, wat sy bevolkingsdigtheid op 'n verblysterende 115 151 mense per km<sup>2</sup> te staan gebring het (UC Berkeley et al., 2017). Hierdie samedromming lei tot grootskaalse sanitasie-uitdagings, met die meerderheid van die 300 000 inwoners wat net 3 863 putlatrines deel (Njoroge & Musya, 2021). Openbare dienste, soos elektrisiteit, water en die bestuur van vaste afval, is beperk. Met dié dat die staat nie ingryp nie, is hierdie leemtes gou deur informele diensverskaffers en kartelle gevul wat munt slaan uit die afwesigheid

van staatsdienste. Alhoewel hierdie dienste werk vir baie mense skep, is dit 'n las op Mukuru-inwoners en is dit deur Muungano as 'n straf vir armoede beskryf wat inwoners se welstand in die wiele ry. 'n Wisselvallige en riskante elektrisiteitsvoorsiening en onveilige en onvoldoende verspreiding van water vorm deel hiervan (Mutinda et al., 2020).


In September 2020 was 80 % van Mukuru se inwoners voedselsonseker; dit was meer as die Nairobi-gemiddeld van 71 % (IPC, 2020; IPC Global Partners, 2021). Hierdie situasie is aangevuur deur inperkingsverwante werksverliese en groot stygings in die koste van basiese voedselitems soos olie en koringmeel wat met 51 % en 44 % gestyg het, sowel as deur 'n inflasiesyfer van 7,9 % (Herbling, 2022). In die afwesigheid van maatskaplike beskermingsmeganismes deur die staat, het dit mense se voedselsekerheid noodgedwonge in die hande van gemeenskapsnetwerke en weldoeners laat beland. In Oktober 2021 het uitsettings deur die regering tot die gewelddadige verplasing van meer as 75 000 mense in Mukuru geleei (Muungano wa Wanavijiji, 2021). Met die verlies van hul huise en sakepersele, is baie ontheemde gesinne die vermoë om hulself te voed kwyt en het hulle afhanklik raak van voedselhulp.

Daar was egter 'n paar positiewe tekens. Ondervoeding in Mukuru het oor die afgelope 20 jaar afgeneem en, ondanks die oorgang na die verbruik van meer verwerkte voedsel, word die meeste voedsel tans as rou, onverwerkte voedsel aangekoop (Hauser et al., 2022). Daar was ook positiewe verandering in Mukuru weens die Mukuru Spesiale Beplanningsgebied (*Special Planning Area*) (SPA) se prosesse ten opsigte van die opgradering van informele nedersettings wat daarop gemik is om hierdie krotbuurt in 'n gesonde en funksioneerende woonbuurt te omskep. Sedert 2018 het die deelnemende proses meer as 5 000 inwoners van Mukuru, die Nairobi-distrik se regering en meer as 40 organisasies uit die burgerlike samelewing en akademici betrek (Muungano wa Wanavijiji, 2020). Die regering het gevvolglik 15 miljard sjielings<sup>1</sup> in 2020 beskikbaar gemaak om voorstelle wat in die SPA-proses in Mukuru geïdentifiseer is, te implementeer. Die geïdentifiseerde projekgebiede sluit onder andere grond en behuising, vervoerinfrastruktuur en gesondheidsdienste in (Muungano wa Wanavijiji, 2020). Nairobi se distriksregering het ook beduidende beleggings gemaak, insluitende die voorsiening van water- en sanitasiedienste (Njoroge & Musya, 2021).

<sup>1</sup> 15 miljard KES = €130 miljoen (oanda in 2022)

# RUIMTELIKE PATRONE VAN ARMOEDE, FORMELE SKOLE EN SUPERMARKTE IN DIE NAIROBI-DISTRIK

Kaart 1.



## Total population (age 3 and above) for each sub-county

100k	200k	300k	400k	500k	600k	700k	800k +
● Primary schools	● Secondary schools						

## SUB-COUNTY



*Male population - Female population*

① <b>DAGORETTI</b> M. 190 921 F. 189 505	③ <b>KAMUKUNJI</b> M. 103 126 F. 94 839	⑤ <b>KIBRA</b> M. 81 878 F. 79 322	⑦ <b>MAKADARA</b> M. 85 882 F. 83 446	⑨ <b>NJIRU</b> M. 268 531 F. 281 127	⑪ <b>WESTLANDS</b> M. 134 999 F. 136 292
② <b>EMBAKASSI</b> M. 431 278 F. 433 744	④ <b>KASARANI</b> M. 329 885 F. 349 899	⑥ <b>LANG'ATA</b> M. 83 232 F. 87 363	⑧ <b>MATHARE</b> M. 90 081 F. 84 467	⑩ <b>STAREHE</b> M. 84 432 F. 82 934	

Source: Kenya National Bureau of Statistics. (2019). Kenya Population and Housing Census. Volume IV. & Google maps. (2021).



Source: Nicole Paganini, 2018



# CAPE FLATS KAAPSTAD

SOUTH AFRICA

## 'n Ter plaatse perspektief van die Kaapse Vlakte, Kaapstad


Die Kaapse Vlakte se naam is te danke aan die sanderige, windverwaaide en oorstromingsgevoelige platteland tussen die gegoede voorstede teen die hange van Tafelberg en die luukse wynlandgoede van Stellenbosch. Die Kaapse Vlakte is 'n getuienis van Suid-Afrika se geskiedenis van rasse- en ruimtelike segregasie. Vandag word die Kaapse Vlakte gebruik as 'n kollektiewe begrip vir voorstede en informele nedersettings met 'n lae inkomste op die buitewyke van Kaapstad waarheen Swart- en Kleurlingmense tydens apartheid met geweld verwyder is. Sedert demokrasie in 1994, het die Kaapse Vlakte steeds vinnig gegroei,

aangevuur deur 'n bestendige migrasie vanuit ander dele van Suid-Afrika en die buitenland (Bekker, 2002).

Soos in die geval van baie gebiede met 'n lae inkomste regoor die vasteland, word die Kaapse Vlakte gekenmerk deur hoë vlakke van geweldsmisdaad, werkloosheid en swak dienslewering. Anders as vele ander Afrikastede, word Kaapstad se ekonomiese aktiwiteit egter oorheers deur 'n gevorderde en formele ekonomie met betreklik hoë vaardighede en 'n betreklik klein informele sektor. Hierdie ekonomie met hoë vaardighede neig om die meerderheid inwoners van die Kaapse Vlakte uit te sluit en dien om Kaapstad se status as een van die ongelykste stede ter wêreld, wanneer dit by die ekonomie kom, verder te verskans.

## RUIMTELIKE PATRONE VAN ARMOEDE EN SKOLE IN KAAPSTAD MUNISIPALITEIT

Kaart 2.



Income \* > R 3200 (%)

■ 13-25 ■ 25-40 ■ 40-51 ■ 51-68 ■ 68-84

■ Primary schools ■ Secondary schools

\* Monthly Household Income per Ward (data classification: Natural Breaks)

Die prominensie van hierdie formele ekonomiese met hoë vaardighede, word weerspieël in die voedselstelsel waarin 75 % van alle kruidenierswarehandel deur groot supermarkkettings geskied (Battersby, 2017b). Hierdie supermarkte, saam met 'n groeiende aantal kitskoskettingwinkels, vestig hulself al hoe meer in woonbuurte met 'n lae inkomste (Battersby & Peyton, 2014).


Huishoudings se voedselonsekerheid in Kaapstad is om en by 55 %, maar voorstadspesifieke studies het daarop gedui dat dit so hoog soos 80 % in dele van die Kaapse Vlakte kan wees (Crush et al., 2012; Paganini et al., 2021a). Die meeste huishoudings in gebiede met 'n lae inkomste maak staat op maatskaplike toelaes vir hul voedselsekerheid (Paganini et al., 2021a). Teenstrydig soos dit is, namate inwoners met 'n lae inkomste en voedselonsekerheid hulle wend tot goedkoop, voedingsarm kosse om die honger te stil, staar die stad toenemend die verergerende impak van 'n styging in oorgewig en vetsug in die gesig, wat

tans op sowat 58 % vir volwassenes staan (NDoH et al., 2019).


'n Reeks nasionale, provinsiale en munisipale reaksies het die lig gesien om voedselonsekerheid op die Kaapse Vlakte aan te spreek. Dit sluit 'n uitgebreide maatskaplike toelaestelsel in wat 37 % van Kaapstadse huishoudings tot voordeel strek (Stats SA, 2022) en samewerkende provinsiale skoolvoedingsprogramme wat daaglik ontbyt en middagete aan 450 000 kinders, oftewel sowat 45 % van skoolkinders regoor die provinsie bedien asook 'n groeiende verbintenis tot veelsektorkoördinering van voedselverwante kwessies (DBO, 2015; PSFA, 2022; Wes-Kaapse Onderwysdepartement, 2019). Die Kaapse Vlakte put ook voordeel uit 'n goed gevestigde koalisie van NRO's, geloofsgebaseerde organisasies, universiteite en gemeenskapsnetwerke wat aan voedselverwante kwessies werk. Ondanks hierdie pogings, bly honger regoor die Kaapse Vlakte 'n hardnekkig-diepliggende daagliks werklikheid.



Source: Edouard Sango



OUAGADOUGOU



# OUAGADOUGOU

BURKINA FASO

## 'n Ter plaatse perspektief van Ouagadougou, Burkina Faso

Ouagadougou word omring deur die oorblyfsels van 'n groen gordel wat in die 1970's gevestig is om temperature in die stad te reguleer en om stowwige winde van die nabijgeleë droëlande af te keer (Zouré, 2021). Die groen gordel, bestaande uit besermde plantegroeigebiede, het oorspronklik oor 21 kilometer met 2 000 hektaar plante gestrek (Ouédraogo et al., 2019). Vandag speel omstedelike produksie 'n belangrike rol vir die generering van inkomste en voedselvoorsiening aan die stad, maar die droë klimaatstoestande stel boere egter net in die kouer maande van die jaar in staat om te verbou.

Ouagadougou word gevorm deur konflikte buite sy grense. Die Internasionale Rooi Kruis Federasie (IFRC) en Red Crescent-verenigings, beskryf dit as 'n veelvlakkige krisis wat gekenmerk word deur gewapende konflik en intergemeenskapsgeweld wat daartoe lei dat bewerkbare grond verlaat word en dat 'n toeloop mense op hul beurt druk op die produksie- en verbruikstruktuur van die gasheergemeenskappe plaas wat sodoende 'n sneeuvalleffek van die voedselkrisis vanuit die noordelike deel van die land skep (2022, p. 1). Sewe jaar van gewapende konflik en terrorisme in Burkina Faso se landelike gebiede het interne migrasie na veiliger gebiede, soos die hoofstad, bespoedig (OCHA, 2022) en Ouagadougou opgeskuif tot die 14<sup>de</sup> plek op 'n ranglys van stede wat die vinnigste ter wêreld groei (Hoff,

2020). Migrante wat pas aangekom het, stroom na onbeplande informele nedersettings toe waar die spanning van hierdie skielike bevolkingsontploffing deur klimaatsverandering en 'n swak regering vererger word. Die stad se beperkte en ongereelde reënval maak dit toenemend kwesbaar vir droogtes (Semde et al., 2020); onlangse klimaatsverandering het egter uiterste reënval en herhaalde oorstromings by Ougadougou tot gevolg gehad (Engel et al., 2017; FCFA, 2019). Die stad is sedert 2012 jaarliks deur minstens vyf oorstromings geteister, wat minstens 24 000 huise en 150 000 eiendomme vernietig het (EIB, 2022) en 65 % van bewerkbare grond in die Sentraal-Sahel laat agteruitgaan het (Morello & Rizk, 2022). Vooruitskattings wat klimaat betref, dui daarop dat hierdie gevolge van klimaatsverandering in die komende dekades kan vererger (Tomalka et al., 2021).

Tans leef meer as 40 % van Ouagadougou se bevolking onder die armoedelyn (World Bank, 2022b). Die stedelike armes, veral diegene wat in informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste woon wat nie deur basiese

openbare dienste bedien word nie, is die kwesbaarste vir natuurgevare soos oorstromings (Dos Santos et al., 2019).

Saam vererger hierdie uitdagings die situasie van voedselonsekerheid, wat reeds kritiek is, en die stad dien as 'n streeksbasis vir 'n aantal internasionale voedselhulpprogramme soos die Internasionale Rooi Kruis en Wêreldvoedselprogram. Eenderse statistieke is gesien vir 'n algemene toename in voedselonsekerheid in Afrika tussen 2014 en 2021 van 16,7 % tot 23,4 %, met die hoogste toename in Wes-Afrika van 10,2 % tot 20,7%; Oos-Afrika van 21,5 % tot 28,7% en Suider-Afrika van 8,9 % tot 11 % (FAO et al., 2022). Hierdie skerp toenames is vóór COVID-19, die wêreldwyse voedselprysstyging en die militêre staatsgreep van 2022 aangeteken. Baie bewoners van Burkina is nie toegerus om die vele krisisse wat hul lewensbestaan beïnvloed die hoof te bied nie en die huidige voedsel- en politieke situasies herinner sterk aan die 2008-voedselprysskrisis toe hul gebrek aan hanteringsmeganismes tot voedselonluste gelei het (Engels, 2018).



Source: Edouard Sango, 2022

Tabel 1

# PANEELBORD MET INFOGRAFIKA VIR STADVERGELYKING<sup>2</sup>

AANWYSER

## VOEDSELESEKERHEIDSKOERSE (HFIAP)

Voedselseker
Effens voedselseker
Matig voedseloneeker
Erg voedseloneeker
Verskeidenheid in dieet (HDDS/12)

## OORGEWIG- EN VETSUGKOERS

## WERKLOOSHEIDSKOERS

## DIE MATE WAARTOE HUISHOUDELS VAN HUL VOEDSEL UIT EIE STADSLANDBOU KRY

## VOEDSELKOSTE IN VERHOUDING TOT INKOMSTE

## AANTAL ETES BY SKOOL BEDIEN

(regering en burgerlike samelewing gekombineerd)

<sup>2</sup> Africapay. 2022; KNBS. 2022; PMBEJD. 2022; PSFA. 2022; Sango 2022; Stats SA. 2022; Stats SA. 2021; KNBS. 2021; Kaboré S, et al. 2020; Pieterse, Haysom & Crush 2020; Western Cape Education Department. 2019; African Centre of Disease Control and Prevention. 2018; Ministry of Health. 2018; DBE. 2015; Rossier, et. al.. 2014; and Loada & Ouredraogo-Nikiema. 2009.

KAAPSTAD 2009	NAIROBI 2015	OUAGADOUGU 2008
45 % 	29 % 	21 % 
6 % 	13 % 	48 % 
13 % 	33 % 	26 % 
36 % 	25 % 	6 % 
6.8 	6.1 	3.9 
Oorgewig- en vetsug:  58.5 %  73 % van vroue 44 % van mans	Oorgewig- en vetsug:  47.8 %  39 % van vroue 17 % van mans	Oorgewig- en vetsug in BF se stadsgebiede:  36.7 %  24.5 % oorgewig en 12.5 % vetsug
Wes-Kaap  25 % 	Nairobi-distrik  43 %  16.3 % 20-24 ouderdoms-groep 9.1 % ouderdoms-groep	9.6 %  14.4 % vroue 6.3 % mans
 <b>LAAG</b>	 <b>LAAG-MATIG</b>	 <b>HOOG</b>
Prys van 1 kg mieliemeel: <b>Amerikaanse \$ 0.57</b> Minimum uurlikseloon: <b>Amerikaanse \$1,31/h</b> Ure gewerk vir 1 kg mielies: <b>0.4 hours</b>	Prys van 1 kg mieliemeel: <b>Amerikaanse \$ 0.65</b> Minimum uurlikseloon: <b>Amerikaanse \$0.35 h</b> Ure gewerk vir 1 kg mielies: <b>1.9 h</b>	Prys van 1 kg mieliemeel: <b>Amerikaanse \$ 5.27</b> Minimum uurlikseloon: <b>Amerikaanse \$ 0.13 h</b> Ure gewerk vir 1 kg mielies: <b>40 h oftewel een hele week!</b>
<b>Gesamentlike provinsiale skoolvoedingsprogramme:</b> <b>450 000 kinders per dag (ontbyt en middagete)</b> 45 % van skoolkinders regoor die provinsie (DBO, 2015; PSFA, 2022; Wes-Kaapse Onderwysdepartement, 2019)	Beperkte data, <b>maar skoolvoeding wat deur die staat en skenkers ondersteun word, speel wel 'n "al hoe belangriker rol"</b>	Geen data beskikbaar nie

2



# KONSEPTUELE DENKE AGTER URBAN FOOD FUTURES

Die navorsing wat in hierdie verslag voorgehou word, is geleei deur TMG Research en is tydens TMG se bestekopnamefase, saam met projekvennote, synde Welthungerhilfe in Nairobi en Ouagadougou; Miramar-stigting, Muungano Akiba Mashinani Trust, die African Population and Health Research Center (APHRC) en ICRAF/ ICRISAT in Nairobi; en SUN Development, Food Agency Cape Town (FACT), en die African Centre for Cities aan die Universiteit van Kaapstad, geskep. Miramar, Muungano en FACT het die vertolking van die navorsingsbevindings

gesteun en ACC het kommentaar op die vroeë konsepte gelewer. Tydens 'n persoonlike werkswinkel in November 2022 is verskillende weë en 'n aksieplan saam geskep. TMG se rol was om vennote se navorsingsbevindinge te ontleed, konsepte en weë te ontwikkel en om dit met vennote en hul breër gemeenskappe te bespreek. Daarom het ons konsepte van hierdie verslag tydens werkswinkels in Nairobi en Kaapstad gedeel. TMG se navorsingspan het die finale teks op grond van die terugvoer wat tydens vergaderings met vennote in Februarie en November 2022 ontvang is, geskryf.

## 2.1

## Van wêreldwyd na plaaslik en van plaaslik na wêreldwyd

ONS BEGRIP VAN DIE VERANDERING WAT NODIG IS VIR TRANSFORMASIE VAN STEDELIKE VOEDSELSTELSELS WORD IN VYF VERSKILLEnde WEË UITEENGESIT. IN HIERDIE WEË DINK ONS VAN WÊRELDWYD NA PLAASLIK EN VAN PLAASLIK NA WÊRELDWYD.



Om stedelike voedselstelsels te transformeer om die reg op voedsel progressief te verwesenlik, vereis 'n tweeledige strategie. Eerstens moet ons die strukturele redes vir honger en wanvoeding aanspreek en die strukturele ongelykhede wat deur koloniale voedselstelsels veroorsaak is, goed beskou (Moseley, 2022). Tweedens moet stede voedselstelsels vir die klimaatskrisis voorberei en gemeenskapsveerkragtigheid teen stygende voedsel- en energiepryse bou. Dit verg samewerkende pogings deur beleidsamptenare en burgers deur volgehoue plaaslike en wêreldwye dialoog.

**Wêreldwyd na plaaslik:** Deur die 2030-agenda, die Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling en die Parys-klimaatooreenkoms aan te neem, het regerings vir hulself ambisieuse doelwitte gestel met

betreking tot die transformasie van hul lande se ontwikkelingsweë. Lande se verbintenisse om die wêreldwye doelwitte te bereik, bied maniere vir beleidshervorming en programmatiese verandering. TMG, saam met vennote, bou voort op hierdie verbintenisse om ruimtes vir innovering en verandering op plaaslikevlak te identifiseer en te ontsluit.

**Plaaslik na wêreldwyd:** Om die wêreldwye doelwitte te verwesenlik, verg 'n magdom plaaslik-aangepaste oplossings wat op maatskaplike en tegnologiese innovering geskoei is. In vennootskap met gemeenskapsgebaseerde organisasies, ontwikkel TMG innoverings en streef na die erkenning daarvan in openbare beleide en programme.

In ooreenstemming met onlangse konferensies in die Federale Ministerie

vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (BMZ) en die Duitse Federale Buitelandse Kantoor (AA), neem hierdie werk 'n feministiese ontwikkelingsbeleid aan wat almal in ag neem, volhoubare ontwikkeling bevorder, menseregte afdwing en die oorsprong van ongeregtigheid die stryd aansê. 'n Feministiese navorsingsbenadering is ook in antwoord op BMZ se voorneme om alle vorms van strukturele ongelykheid en diskriminasie uit te roei, rassistiese strukture en diskriminasie op grond van geslag, genderidentiteit en gestremdhede inkluis. Ons navorsing is toegelig deur samelopende feminismé wat vrae oor mag beklemtoon, nie net wat geslag behels nie maar ook klas, ras, seksualiteit, etnisiteit, geografiese ligging en gestremdheid (Andrews & Lewis, 2017). Dit sluit in om te verstaan hoe verskeie vorms van onderdrukking en bevoorregting wat by mekaar inskakel, op 'n daaglikse grondslag ervaar en deur breër strukturele ongelykhede en stelsels op voortgebou en ondersteun word (Andrews & Lewis, 2017; Davis & Hattery, 2018; Kiguwa, 2019).

Ons rol as 'n navorsingsprogram met vele vennote is die sistematiiese fasilitering en die ontleding van die bevindinge van interdissiplinêre aksienavorsing, om dit minder ingewikkeld te maak en dit in 'n groter prentjie van verskillende weë vir transformasie te plaas om beleid, wetenskap en praktyk toe te lig. Gillespie et al. (2013) voer aan dat drie domeine, a) kennis en bewyse, b) politiek en bestuur, en c) kapasiteit en hulpbronne, deurslaggewend is om politieke momentum te skep en te handhaaf en om daardie momentum

in resultate te verander. Die Urban Food Futures-program erken hierdie voorwaardes, maar eerder as om te wag dat politieke wil toevallig na vore moet kom, span ons aktiewe betrokkenheid ten opsigte van die beleid en die gemeenskapsfeer in as 'n aandrywer vir doelbewuste aksie. Ons aanvaar en gebruik ook Nisbett et al. (2022) se standpunt dat 'n nuwe generasie voedsel- en voedingnavorsing 'n begrip van relatiewe mag (of ontmagtiging) van verskillende bevolkingsgroepe verg: hul mag om beleidsagendas te stel en hul mag om deel te neem of 'n sê in maatskaplike en politieke besluite te hê wat verband hou met die verandering van die voedselstelsel.

Sterk vennootskappe vorm die kern van hierdie program. Behalwe vir ons onmiddellike vennootskapnetwerk, vestig ons 'n netwerk van samewerkende verhoudings met besluitnemers ter ondersteuning van ons weë vir transformasie. Ons bestempel munisipale vennootskappe as deurslaggewend vir sukses. In die bestekopnamefase het hierdie navorsing die grense tussen navorsing, beleid, praktyk en kuns vervaag en ons bly eksplisiet in ons voorneme om dit as wedersyds-versterkende maniere van kennis te ag, wat, wanneer dit in lyn gebring word, kragtige gekombineerde aanbiedinge vir transformerende prosesse maak. Wanneer daar in komplekse stelsels ingegryp word, is dit belangrik om 'n inkrementele benadering te volg wat risiko's tot die minimum beperk terwyl volgehoue verbetering deur aanpasbare bestuur wat iteratiewe prosesse en toegepaste leer beklemtoon, maksimaal benut word (Preiser et al., 2018; Swilling et al., 2016).

Deur wetenskaplik-betroubare metodologieë te gebruik, het ons tot unieke insigte in eerstehandse ervaring, Afrika-oorlewingstradisies en ander maniere van kennis tydens die konseptualisering van die vyf verskillende weë deur gemeenskapsnavorsingsaktiwiteite gekom. Gemeenskapsnavorsing is 'n meer radikale vorm van aksienavorsing wat begin met 'n gesamentlike formulering van die probleem, identifisering van navorsingsintreepunte en die medeontwerp van metodologie en ontleding. Klem word gelê op wedersydse kontekstualisering van bevindinge

met gemeenskappe. Dit sluit dikwels storievertelling in om ontleding in die vorm van mondelinge kommunikasie te bied en die verspreiding van resultate in lektaal om plaaslike rolspelers vir voorspraak en verandering te bemagtig. In die lig van die baie werklike eerstehandse ervaring van honger, wat baie vennote in die breër Urban Food Futures-program in die verloop van hul leeftyd ervaar het, is integrerende metodologieë wat verby die blote ontleding en in die rigting van beliggaamde ervarings van die medewerkers in navorsing kan beweeg, van uiterste belang.

## 2.2

## Die reg op voedsel

Die reg op voedsel is 'n internasionale mensereg wat verskans is in die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte (ICESCR; VN Algemene Vergadering, 1966). Die reg op voedsel word algemeen verstaan as die reg om jouself in waardigheid te voed en vereis dat voedsel te alle tye beskikbaar, toeganklik en genoeg vir almal sal wees (UN CESCR, 1999). Die staat se rol hierin is oor die algemeen geïnterpreteer as dat hulle moet verseker dat daar 'n stabiele voorraad voedsel in genoeg hoeveelhede teen 'n bekostigbare prys beskikbaar is en om voedsel direk aan individue of groepe te verskaf wat, weens redes buite hul beheer, hulself nie kan voed nie (FAO, 2014).

In November 2004 het die FAO die Vrywillige Riglyne aanvaar om die progressiewe verwesenliking van die reg op voldoende voedsel in die konteks van nasionale veiligheid te ondersteun, wat eenparig deur alle FAO-lidlande aanvaar is (Global network for the right to food and nutrition, 2021). Volgens hierdie bron het hierdie riglyne op die nasionalevlak gekonsentreer en het baie nasionale regerings aangespoor om die reg op voldoende voedsel by hul nasionale wetlike en beleidsraamwerke in te sluit. Die burgerlike samelewing het hierdie riglyne ook as 'n instrument vir monitering en voorspraak gebruik.

Benewens die verskansing van die reg op voedsel in hul grondwette, het Suid-Afrika en Kenia ook in 2014 en 2011

**DIE REG OP VOEDSEL WORD ALGEMEEN VERSTAAN  
AS DIE REG OM JOUSELF IN WAARDIGHEID TE VOED  
EN VEREIS DAT VOEDSEL TE ALLE TYE BESKIKBAAR,  
TOEGANKLIK EN GENOEG VIR ALMAL SAL WEES.**

ondersteunende nasionale beleide oor voedselsekerheid ontwikkel (GoK, 2011; Regering van die Republiek van Suid-Afrika, 2014). Ondanks hierdie breër en omvattende verpligte, is daar egter baie werk wat gedoen moet word om die huidige voedselbeleide in munisipale en provinsiale regerings te desentraliseer en te implementeer. Dit sluit die ondersteuning van regerings op stadsvlak in om te verseker dat uitkomste van die voedselstelsel in oënskynlik nie-voedselverwante beplanningsaktiwiteite oorweeg word (Haysom et al., 2022). Buiten Kenia en Suid-Afrika se onderskeie beleide oor voedselsekerheid, het albei regerings egter 'n aantal programme en inisiatiewe as stappe om die reg op voedsel te verseker, van stapel gestuur. Dit dek direkte voedselhulp, steun in die vorm van kontant om kos te koop, pogings om 'n gesonde dieet moontlik te maak en ondersteuning vir landbouproduksie.

Tans is daar groeiende pogings in Suid-Afrika en Kenia om te verseker dat die reg op voedsel nagekom word. Die heersende hoë vlakke van voedselsonsekerheid dui egter daarop dat daar steeds 'n aantal kritieke programmatiese en wetgewende leemtes is (Kimani et al., 2023). In Suid-Afrika is daar byvoorbeeld geen wetlike presedent oor die reg op voedsel om die regering se plaaslike verantwoordelikheid met betrekking tot die grondwet te toets nie (De Visser,

2019). Dit beklemtoon die behoeftes vir regerings om die reg op voedsel in wetgewing op te neem en om 'n duidelike wetlike raamwerk te bied om beleidspogings en begrotingstoewysings te rig (Joala & Gumebe, 2018).

In die volgende afdelings bespreek ons die reg op voedsel in Suid-Afrika en Kenia. Burkina Faso het nie die reg op voedsel in sy Grondwet of in enige ander wetgewende of regulerende skrywe opgeneem nie (FAO, 2022b; FIAN Burkina Faso, 2015). Burkina Faso is egter een van die min lande in die substreek waar inisiatiewe wat direk verband hou met die implementering van die reg op voedsel, wel aan die gang is. Die reg op voedsel is ingesluit in 'n konsepgrondwet wat in 2017 ingedien is (Paktogo, 2021); ten tyde van die skrywe hiervan, is dit egter deur sosio-politieke onrus in die wiele gery.

### **Die reg op voedsel in Suid-Afrika**

Die reg op voedsel is verskans in Suid-Afrika se grondwet van 1996, kragtens Artikel 27 en 28. Artikel 27(1)(b) bepaal dat "elkeen die reg het om toegang tot voldoende voedsel te hê". Dit sluit ook 'n voorsiening vir kinders in: Artikel 28(1)(c) sê dat "elke kind die reg op basiese voeding het".

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie (2018, p. 1) vertolk dit soos volg:

*Die reg op voedsel beteken nie dat individue en groepe 'n reg het om voedsel deur die staat kry nie. Die verpligting lê by elke individu om hulself en hul gesinne te voed. Veral ouers is verplig om kos vir hul kinders te voorsien. Anders as in die geval van volwassenes, wanneer kinders egter nie toegang tot voedsel het nie, is die staat verplig om in te tree en vir hulle kos te voorsien.*

*Dit beteken dat die regering 'n bemagtigende omgewing moet voorsien waarin mense voldoende voedsel vir hulself en hul gesinne kan produseer of bekom.*

**RESPEK:** *vir bestaande toegang tot voldoende voedsel. Die regering kan nie enige maatreëls tref wat daartoe lei dat sodanige toegang verhoed word nie;*

**BESKERM:** *verg maatreëls deur die regering om te verseker dat maatskappye of individue ander individue nie van hul toegang tot voldoende voedsel ontnem nie;*

**NAKOMING:** *beteken dat die regering proaktief moet deelneem aan aktiwiteite wat bedoel is om mense se toegang tot hulpbronne wat in voedselproduksie gebruik kan word, te versterk. Sou 'n individu of groep om redes buite hul beheer nie in staat wees om die reg op voldoende voedsel te geniet nie, moet die regering regstreeks toegang tot daardie reg bied.*



Beleide oor voedselsekerheid op nasionale vlak se benadering is dikwels geskoei op 'n reg op voedselsekerheid; die programme wat in antwoord op die beleide geïmplementeer word, stel dit egter ten doel om die beskikbaarheid van voedsel te verbeter, eerder as die toegang daar toe. Hierdie vergissing word dikwels verwarr met mense se behoeftes, aangesien baie lande genoeg voedsel produseer en invoer om hul bevolkings te voed, maar het nog nie die nodige toestande geskep vir mense om hulself te kan voed nie. Voldoende voedsel kry nie genoeg aandag in beleidsraamwerke wat programmering vir voedselsekerheid toelig nie, soos dit blyk uit stygende vlakke van wanvoeding en ondervoeding onder kinders en volwassenes (Joala & Gumede, 2018).

In Suid Afrika, byvoorbeeld, dui ontleding van besteding op programmering wat verband hou met voedselsekerheid oor verskeie nasionale en provinsiale departemente heen op 'n mengelmoes van tendense in die implementering van die reg op voedsel (SAHRC, 2018). Die opvallendste is die toename in begrotingstoewysing aan landswye voedingsprogramme by skole wat nie gelde betaal nie, wat geleid het tot geografiese uitbreiding van programmering en die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel en afname in groeibelemmering en ander voedingsverwante toestande onder leerders.

Ondanks die burgerlike samelewing se herhaalde oproepe, het Suid-


Afrika nog nie 'n wetsraamwerk vir die implementering van die reg op voedsel, soos in sy grondwet herken word nie (Joala & Gumede, 2018). As gevolg hiervan word die reg op voedsel en die verantwoordelikhede van rolspelers in die staat- en privaatsektor in die handhawing van die reg op voedsel nie wetlik omskryf nie, wat die vermoë om hierdie rolspelers aanspreeklik te hou, gevvolglik beperk. Die VN se Komitee vir Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte (CESCR) het onlangs spesifieke aanbevelings aan Suid-Afrika gemaak oor hoe om die reg op voedsel vir alle Suid-Afrikaners te versterk en te vervul, insluitende die behoeftes vir 'n wetsraamwerk om die reg op voedsel te implementeer en te beskerm. Die CESCR het aanbeveel dat Suid-Afrika 'n wetsraamwerk aanvaar wat die reg op voldoende voedsel en voeding beskerm, met inagneming van die vrywillige riglyne om die progressiewe verwesenliking van die reg op voldoende voedsel in die konteks van nasionale voedselsekerheid te ondersteun en die Komitee se algemene kommentaar (no. 12 van 1999) oor die reg op voldoende voedsel. Veral die Nasionale Voedsel- en Voedingsekerheidsplan vir Suid-Afrika spreek skoolvoedingsprogramme aan as 'n toegangspunt om die reg op voedsel te verwesenlik (DPME, 2018).

Figuur 1 bied 'n gedetailleerde uiteensetting van staatsinisiatiewe wat verband hou met die reg op voedsel regdeur 'n Suid-Afrikaanse burger se lewe.

# VAN VERWEKKING TOT AFSTERWE: STAATSONDERSTEUNINGS- MEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL IN SUID-AFRIKA

Figuur 1.

## STAATSONDERSTEUNINGSMEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL



### DIREKTE VOEDSELHULP

- Nasionale Skoolvoedingsprogram (DBO)
- VKO-subsidie R17/dag (DMO)
- Mikrovoedingsaanvulling

### ENABLING ECONOMIC ACCESS

- Versorgers Ondersteuningstoelae - R1 980/m (SASSA)
- Pleegsorg Ondersteuningstoelae - R1 070/m (SASSA)
- Kindertoelae - R480/m (SASSA)

### MAAK GESONDE DIEET MOONLIK

- Regulering van bemarking van formulebabavoeding
- Eksklusieve borsvoedingbewusmakingsprogram (DG)
- Ontwurming (DG)
- Voedingsriglyne vir VKO's (DG)

### EIE PRODUKSIE

- Steun vir VKO & skooltuine (DMO, DLGHLO)

## STAATSONDERSTEUNINGSMEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL



35



60



AFSTERWE

Household Food & Nutrition Support Programme (DSD) - Food hampers/vouchers

Maatskaplike Noodlenigingstoelae - R350 (SASSA)

Ongeskiktheidstoelae - R1 980/m (SASSA)

Pensioentoelae - R1 980/m (SASSA)

Studentlewenstoelae - R1 500 (NSFAS)

Gemeenskapswerkeprogram

Verlengde Openbare Werkeprogram

Geen BTW-koers op basiese voedsel

Werkloosheidsversekeringsfonds

Competition Commission

Versterkingsprogram vir basiese voedsel

Verskeie WAS-verwante inisiatiewe (DG, DWS, plaaslike regerings)

Gratis basiese water vir huishoudings - 6 000 l/m

Gratis basiese elektrisiteit vir huishoudings - 50 kwh/m

Heffing vir die bevordering van gesondheid (HPL) op suikerdrankies (SAID)

Voedsel- en drankstandarde (SABS)

Toewysings vir kleinskaalvisserye

Verskeie steunprogramme vir mense met tuistuine en kleinhoeves (DLGHLO)

Land & Water Reform Policies (DALRRD, DWS)

Fetsa Tlala (DALRRD)

## Die reg op voedsel in Kenia

Op grond van die ICESCR, is die reg op voedsel in Kenia afdwingbaar, wat bekragtig en in die nasionale wet opgeneem is. Artikel 43(1)(c) van die Keniaanse grondwet van 2010 bepaal dat almal die reg het om nie honger te ly nie en om genoeg voedsel van 'n aanvaarbare gehalte te hê. Artikel 53 maak verder voorsiening vir kindervoeding as 'n reg.

Kenia het die 2011 Nasionale Beleid oor Voedsel- en Voedingsekerheid bekragtig. Die beleid se aanhef strook met die grondwetlike bepaling oor die reg op voedsel en bepaal dat die regering, onderhewig aan die beskikbaarheid van nodige hulpbronne, sal verseker dat elke Keniaan nie honger sal ly nie en genoeg voedsel van 'n aanvaarbare gehalte sal hê. Hierdie beleid is belangrik om die reg op voedsel te verwesenlik, maar kan nie geïmplementeer word in die afwesigheid van 'n parlementêre wet oor die onderwerp nie. Die Wetsontwerp op Voedselsekerheid is in 2014 en in 2017 in die parlement ter tafel gelê en is nog bekragtig nie. Die doel van die Wetsontwerp was om 'n wetlike raamwerk te skep om Artikel 43(1)(c) van die Keniaanse grondwet te bekragtig deur 'n wetlike raamwerk vir die reg op voedsel daar te stel. Die Wetsontwerp moedig voedselproduksie aan, vestig 'n meganisme vir die Nasionale Voedselbeleid en ander programme vir voedselsekerheid en bevorder die uitwissing en voorkoming van diskriminasie in toegang tot en die verspreiding van voedsel. Omdat die Wetsontwerp nog nie in wet opgeneem is nie, beskik Kenia egter nie oor 'n wetlike raamwerk om die reg op voedsel, wat grondwetlik gewaarborg is, te implementeer nie.







Source: Kenyan artist contribution to Urban Food Futures partner meeting, February 2022



# UITEENSETTING VAN STAATSONDERSTEUNINGSMEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL REGDEUR 'N KENIAANSE BURGER SE LEWE

Figuur 2.

## STAATSONDERSTEUNINGSMEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL



## STAATSONDERSTEUNINGSMEGANISMES VIR DIE REG OP VOEDSEL



35



60



AFSTERWE

Kontantoorplasing vir mense met gestremdhede  
(Min. van Arbeid via Staatsdepartement vir  
Maatskaplike Beskerming)

Cash Transfers to Elderly Persons -  
KES 2100/m (Min of Labour & State  
Dept for Social Protection)

Hunger Safety Net Programme 5400/household/m

National Drought Emergency Fund

Voedselgehaltestandaarde - Keniaanse Buro vir Standaarde kyk na voedselveiligheid

National Agricultural and Rural Inclusivity (Min of Agri)

Small Scale Irrigation and Value Addition (Min of Agri)

Food Security and Crop Diversification Programme (Min of Agri)

Farm input subsidy e-voucher(Min of Agri)

Kenya Cereal Enhancement Programme (Min of Agri)

Agricultural Extension Services (Min of Agri)

Emergency Locust Response Programme (Min of Agri)

## Die reg op voedsel in Burkina Faso

Burkina Faso is steeds agter as dit kom by die aanvaarding en implementering van die reg op voedsel, ondanks die feit dat hierdie reg deur internasionale wet as fundamenteel erken word en ondanks die feit dat die land in 1999 'n staat geword het wat toegetree het tot die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte. Die reg op voedsel is inderdaad nie uitdruklik in die grondwet of in enige ander wetgewende of regulerende skrywe verskans nie (FIAN Burkina Faso, 2015; Paktogo, 2021). Burkina Faso het boonop nie 'n wet op voedselsekerheid of op landbou-oriëntasie soos dit vir grond en water het nie (FIAN Burkina Faso, 2015; Paktogo, 2021).

Wat regstellingsmeganismes betref, is daar geen administratiewe of regsmiddele wat spesifiek voorsiening maak vir gevalle van 'n skending van die reg op voedsel nie. Enige regres vir skendings van die reg op voedsel is egter heel moontlik, sou die onderwerp van die skending verband hou met bestaande administratiewe en regsprosedures (FIAN Burkina Faso, 2015).

Soos in die meeste lande in Wes-Afrika, word die reg op voedsel dikwels deur houers van regte en beleidmakers geïgnoreer en/of implisiet of eksplisiet in Burkina Faso geskend, met die groot gevolg van herhalende voedsel- en voedingonsekerheid ondanks tegnologiese vooruitgang (Paktogo, 2021). Burkina Faso is egter een van die min lande in die substreek waar inisiatiewe wat direk verband hou met die implementering van die reg op

voedsel, wel aan die gang is. Die regering het etlike aksies onderneem, baie dikwels transversaal, in die rigting van die bekamping van honger en wanvoeding (FIAN Burkina Faso, 2015). Die vernaamstes hiervan is:

- die aanvaarding van 'n nasionale beleid oor voedselsekerheid en voeding, waarvan die oorhoofse doelwit is om volhoubare voedsel- en voedingsekerheid teen 2025 te verwesenlik;
- die aanvaarding van 'n reeks grondhervormings (jongste in 2012) met oog op grondbevryding, wat landbouproduksie 'n hupstoot behoort te gee ten einde voedselselfvoorsiening te verwesenlik;
- die implementering van landbou- en waterbeleide wat daarop gemik is om voedselsekerheid en -soewereiniteit te verbeter, die inkomste van landelike bevolkings te verhoog, natuurlike hulpbronne te ontwikkel en volhoubaar te bestuur, toegang tot drinkwater en die lewende omgewing te verbeter, ens.;
- om aan te sluit by NAFSAN, 'n G7-inisiatief vir Afrika, wie se doel dit is om voedselsekerheid en voedingstatus te verbeter deur sowat 50 miljoen mense in Afrika suid van die Sahara te help om teen 2022 uit armoede te kom, wat 1,6 miljoen mense in Burkina Faso insluit.

Daarbenewens het die Burkina Faso-staat die reg op voedsel in Artikel 26, 29 en 135 van die voorlopige Konsepgrondwet van die Vyfde

Republiek ingesluit. Hierdie voorlopige konsep, wat in November 2017 aan president Roch Marc Christian Kaboré voorgelê is, is nie in wetgewing opgeneem nie aangesien die militêre

junta president Kaboré se mag in Januarie 2022 afgewek het. Sedertdien is die Grondwet van die Vierde Republiek opgeskort en die land word onder 'n oorgangsregime bestuur.

**BURKINA FASO IS STEEDS AGTER AS DIT KOM BY  
DIE AANVAARDING EN IMPLEMENTERING VAN  
DIE REG OP VOEDSEL, ONDANKS DIE FEIT DAT  
HIERDIE REG DEUR INTERNASIONALE WET AS  
FUNDAMENTEEL ERKEN WORD.**



## 2.2

# Heroorweging van informaliteit

'n Noodsaaklike komponent van die hedendaagse wêreldwye voedselstelsel is die informele voedseleconomie, wat steeds grootliks nie erkenning kry nie. Bestaande uit handelaars, straatverkopers, vervoerders en voedselprodusente, word die stedelike informele ekonomie gekenmerk deur ekonomiese aktiwiteite wat vrywillig of onvrywillig buite die beskerming of regulasie van regerings plaasvind.

Informaliteit in Afrika is besig om toe te neem. Regoor die kontinent maak informele werke 72 % van alle nie-landbou lewensbestaan uit (ILO, 2018). In Burkina Faso is die informele ekonomie verantwoordelik vir 95 % van alle werke (die hoogste in Afrika), terwyl dit in vergelykende geïndustrialiseerde Afrikalande, soos Suid-Afrika, aansienlik laer is teen sowat 31 % (die laagste in Afrika) (ILOSTAT, 2021). In Afrikastede is dit nie net mense se werkslewe wat informeel is nie. Stadslewe, vir die oorgrote meerderheid van Afrika se stadsbewoners, word gekenmerk deur verskillende vlakke van informaliteit, met die stedelike armes wat die hoogste koerse van informaliteit oor alle aspekte van hul lewens ervaar, van behuising tot onderwys en indiensneming. Kaapstad voorbeeld byvoorbeeld 'n toename van 80 % in die vraag na informele behuising tussen 2020 en 2040 (CoCT, 2022), terwyl die balans tussen formele en informele indiensneming in Kenia steeds na informaliteit toe neig aangesien 'n groeiende jeugbevolking nie daarin slaag om werk in die formele sektor te kry nie (FKE, 2021).

Die Internasionale Verdrag oor Ekonomiese, Maatskaplike en Kultuurregte erken die reg op voedsel as 'n fundamentele mensereg, maar gee gelyk dat die verwesenliking van hierdie reg interafhanklik is van ander regte. In die stadskonteks is die reg om te werk beslis 'n interafhanklike reg, wat die reg op die geleentheid om 'n bestaan te maak deur werk te kry, insluit en plaas 'n verpligting op die staat om gepaste stappe te neem om hierdie reg te beskerm in die strewe na voltydse en produktiewe werk (VN Algemene Vergadering, 1966). Die formele ekonomie is egter struktureel nie in staat om die belofte van gereguleerde indiensneming in die formele ekonomie na te kom nie. Werk in die informele ekonomie het hierdie gaping gevul en beduidend bygedra tot lewensbestaan en moet gevolglik as 'n sentrale pilaar geag word in pogings om die reg op voedsel in Afrikastede te verwesenlik.

Ondanks die informele ekonomie se bydrae tot die vervulling van die reg op voedsel in baie nasies, is die informele sektor dikwels bekend vir sy gebrek aan maatskaplike sekerheid en inherente arbeidkwasbaarhede (Goyal & Heine, 2021). Alhoewel hierdie kommerpunte geldig is, skep hierdie veralgemeende, eng en geïsoleerde karakterisering van die informele ekonomie 'n vals tweeledigheid tussen formele en informele ekonomieë (Ram et al., 2017; Rigon et al., 2020). Informaliteit is selfs wêreldwyd buite die Afrika-kontinent 'n werklikheid en sorg vir bykans 60 % van wêreldwye indiensneming (ILO,

2021). Terwyl konvensionele binêre hiérargiese diskouers die informele ekonomie as 'n residuale en marginale vorm van ekonomiese aktiwiteit uitbeeld wat grootliks negatiewe gevolge vir ekonomiese en sosiale ontwikkeling inhou, duis die informele ekonomie se werklike bydraes egter op die teendeel. Bewyse van behendigheid, onmiddellike reaksie en innovering deur dieselfde informele ekonomie in die verwesenliking van die reg op voedsel oor wêreldwyre voedselstelsels, veral in tye van krisis, bied 'n ongesiene bydrae van ekonomiese aktiwiteite wat "informeel" genoem word (Battersby, 2020). Vir baie stadsgebiede, veral oor Afrikastede, is informeel waar die beperkings van hulpbronne die stryd op oorlewing ontmoet, veral onder die stedelike armes (Battersby, 2020). Eerder as om marginal of negatief te wees, kan informaliteit gesien word as 'n simptoom van die oningeligte logika van insluiting-uitsluiting wat die konstruksie van hierdie voedselstelsels toegelig het.

Transformasie vereis die bou van veerkrachtigheid in dieet deur die informele ekonomie. Dit is wyd opgemerk deur navorsers van stedelike voedselstelsels in Afrika (bv. Battersby & Haysom, 2018; Blekking et al., 2020; Brown, 2019; Crush et al., 2012) dat toegang tot 'n stabiele en voldoende kontantinkomste die deurslaggewende bepaler van stedelike huishoudings se voedselsekerheid is. In hierdie oopsig speel die stedelike informele ekonomie, wat verantwoordelik is vir 76 % van Afrika se stedelike lewensbestaan (ILO, 2018), 'n deurslaggewende rol in die verwesenliking van stedelike voedselsekerheid. Dit is veral waar in die geval van vroue en die stedelike armes wat nie net die kwesbaarste vir voedselonekerheid is nie, maar wat ook 'n saamgestelde reeks samelopende terugslae in die gesig staar wat hulle struktureel uitsluit van betekenisvolle deelname aan die formele ekonomie (Brown, 2019). Soos die ILO (2002) dit stel:

*Die informele ekonomie absorbeer werkers wat andersins sonder werk of inkomste sou sit, veral in ontwikkelende lande wat 'n groot en snelgroejende arbeidsmag het... Die meeste mense tree nie uit eie keuse toe tot die informele ekonomie nie, maar uit 'n behoefté om te oorleef. Veral in omstandighede van hoë werkloosheid, onder-indiensneming en armoede, het die informele ekonomie, danksy die betreklike gemak van toegang en lae vereistes vir onderwys, vaardighede, tegnologie en kapitaal, 'n beduidende potensiaal om werk te skep en inkomste te genereer (p. 5).*

Terwyl die informele ekonomie vanuit die perspektief van die Afrika-stad gekritiseer is omdat dit nie daarin slaag om ‘ordentlike’ werk te verskaf nie (Kucera & Roncolato, 2008; Trebilcock, 2005), bied informaliteit ’n noodsaaklike lewensaar vir die meeste gesinne. Hierdie lewensaar sit kos op die tafel deur klein geleenthede in ’n andersins uitsluitende werkslandskap aan te gryp. Met dié dat die formele ekonomie nie daarin slaag om die snelgroeiente aantal stedelike jeugdiges in waardige werk te absorbeer nie, sal die informele ekonomie waarskynlik al hoe meer maatskaplik en ekonomies betekenisvol word vir Afrika se stedelike ontwikkelingstrajek namate Afrika se jeug, wat uit sy nate bars, werkende ouderdom bereik. Hierdie informele ekonomieë is so uiteenlopend soos die stede wat hulle ondersteun en strek oor mode, skoonheid, eiendomsverhuring, vervoer, IT, konstruksie, sekerheidsdienste, onderwys, gesondheidsorg, sekswerk, godsdiens, die kunste en min of meer enige ander denkbare diens. Stedelike voedselgebaseerde ondernemings is egter die heel grootste informele ekonomie.

Die Sustainable Livelihoods Foundation het ’n grootskaalse studie onderneem wat 10 842 township-ondernemings

regoor Suid-Afrika gekategoriseer het. Hierdie studie het bevind dat voedsel- en drankverwante ondernemings (alkoholies inkluis) 54 % van alle township-ondernemings in Suid-Afrika uitmaak (SLF, 2016). As daar na Suid-Afrika in geheel gekyk word, beraam Greenberg (2015) dat kruidenierswinkeltjies (in Suid-Afrika spaza-winkels genoem) en kossmouse vir 735 000 werkgeleenthede in Suid-Afrika sorg. Om hierdie syfer van 735 000 in perspektief te plaas, verteenwoordig Suid-Afrika se vier grootste kleinhandelaars 97 % van alle supermarkkleinhandel (Battersby & Peyton, 2014), tog het hulle net 273 000 mense in diens; minder as die helfte van wat Greenberg beraam in die informele ekonomie in diens is.

Die formele voedselkleinhandelsektor was verantwoordelik vir 75 % van voedselkleinhandel (Agyenim-Boateng et al., 2015), wat daarop dui dat die informele voedselekonomie, rand vir rand, baie beter vaar om die werk te skep wat Suid-Afrika se jeug so broodnodig het. Benewens dit, blyk die informele sektor beter te wees om die winste van die stadsekonomie tot in die sakke van die armes te versprei, aangesien die erg gefragmenteerde samestelling van die informele ekonomie

## **VOEDSELONSEKER STADSBEWONERS BEKOM VOEDSEL MEER GEREELD BY INFORMELE MARKTE EN STRAATVERKOPERS AS VAN ENIGE ANDER BRON AF.**

en die swakgeskoolde plaaslike arbeid wat dit geneig is om in diens te neem, beteken dat 'n groter persentasie wins uit hierdie sektor na inwoners toe gaan wat in laer inkomste, voedselonseker gemeenskappe woon, eerder as na eksterne beroepswerkers en korporatiewe aandeelhouers toe.

Hierdie data beklemtoon die skaal en omvang van die informele ekonomie met informele voedselhandelaars wat

kos beskikbaar stel aan stadsbewoners. Die informele ekonomie speel 'n besonder belangrike rol in strategieë om voedsel te bekom. Voedselonseker stadsbewoners bekom voedsel meer gereeld by informele markte en straatverkopers as van enige ander bron af (Crush et al., 2012). Redes vir en patronen van verkryging by informele verskaffers verskil hemelsbreed tussen verskillende stede en hang grootliks af van die mate waartoe supermarkte die



Source: Patrick Njoroge, 2022

mark penetreer (Skinner & Haysom, 2016). In stede met betreklik goed gevestigde formele voedselkleinhandelstelsels, neig informele handelaars om 'n gaping in die dieetstrategieë van die stedelike armes te vul deur toegang tot krediet en kleiner eenhede te bied, dit minder nodig maak om te reis en die daaglikse aankoop van vars voedsel, in die afwesigheid van verkoeling, moontlik te maak (Skinner & Haysom, 2016).

Daar is 'n geslagsvooroordeel om in Afrika se informele ekonomie te werk, wat verantwoordelik is vir 79 % en 69 % van alle nie-landbou werksverskaffing vir vroue en mans (ILO, 2018). Die sentrale rol wat vroue aanneem in die grootmaak, voeding en versorging van kinders en bejaardes, vergroot die belangrikheid van hul lewensbestaan verder en, as sulks, ook die kritieke rol wat die informele sektor in vroeë kindervoeding speel. In Nairobi is die verkoop van vrugte en groente die vernaamste inkomstegenererende aktiwiteit vir vroue met 'n lae inkomste (Amenya, 2007). As 'n mens kyk na die dimensies van interhuishoudelike voedselsekerheid, sentreer die verkryging van toegang tot hul eie inkomste huishoudelike magsdinamika met betrekking tot besluite wat besteding betref. Statisties, wanneer hulle die keuse het, belê vroue

meer in gesonde kos en opvoeding as mans (Quisumbing et al., 1996). Die druk op vroue om voedsel te voorsien, vergroot tydens voedselprysksisse wanneer vroue 'n groter *twyfelagtigheid van arbeid ervaar, wat sorg en verandering van voedselgewoontes noodsak* (Scott-Villiers et al., 2016, p. 8).

Onbetaalde sorgwerk en verwagtings op grond van geslag betreffende die verkryging en voorbereiding van kos 'n las op vroue, benewens verwagtings dat vroue ook as broodwinners vir die huishouding moet optree. Baie vroue vervul hierdie rol egter reeds en baie ander wat nie 'n bron van inkomste het nie, streef desperaat na een. Vanuit 'n perspektief van voedselsekerheid moet beleide wat poog om ruimtes van informaliteit te beheer, die behoeftes van vroue, wat die grootste las van voeding en versorging van kinders dra, sentraal op die agenda plaas.

Verhale van individuele lewenstogte in kontekste van informaliteit lees dikwels as stories van randstandige mense wat armoede, diskriminasie en hindernisse in die gesig staar om arbeidsmarkte, behuising en welsyn te verseker (Thieme et al., 2021). En tog, in Suid-Afrika, sien baie handelaars informaliteit in dieselfde lig as die bekende uitdagings, as iets wat ook 'n


## **DAAR IS 'N GESLAGSVOOROORDEEL OM IN AFRIKA SE INFORMELE EKONOMIE TE WERK, WAT VERANTWOORDELIK IS VIR 79 % EN 69 % VAN ALLE NIE-LANDBOU WERKSVERSKAFFING VIR VROUE EN MANS.**

geleentheid is, en sê dat hulle verkies om hul eie ondernemings te bestuur eerder as die alternatief van laagbetaalde formele indiensneming (SLF, 2016). In Nairobi word die geleentheid wat informaliteit meebring ook erken in die groter gewildheid van sogenaamde woekering (*hustling*). Veral die jeug is al hoe meer betrokke by *hustling*, aangesien dit 'n aanvullende weergawe van die realiteit van hierdie alewige stryd is waar 'n mens 'n positiewe identiteit kan uitkerf en jou stempel kan afdruk om 'n magdom van ekonomiese, politieke en maatskaplike hindernisse te kan hanteer en daardeur te werk. Om dit te verwesenlik, voer Thieme et al. (2021, p.19) aan dat *hustling* in Kenia 'n agentiewe stryd in die aangesig van moeilike omstandighede ontlok: *Hierdie identiteite is gekoppel aan maatskaplike kapitaal, wat dikwels 'n primêre hulpbron is vir diegene wat in hoogs informele kontekste leef.* Die idee van maatskaplike kapitaal dien om die onderlinge betrekkings van informele ekonomieë na vore te bring, waardeur gemeenskapslede (veral vroue) hulpbronne vir die breër gemeenskap verskaf wat dikwels meer as blote finansiële transaksies is. Bruegel (2005, p. 4) voer aan dat dit beskou kan word as 'n *uitbreiding van 'n etiek van sorg wat verder as die gesin strek wat op 'n samehorige maatskaplike netwerk geskoei is.* Voorts beklemtoon sy dat die begrip 'maatskaplike kapitaal' die waarde beklemtoon wat groepelde plaas in hul gevoel dat hulle hoort waar hulle is, sowel as die behoefte aan beleggings – beide privaat en staats – om sulke netwerke te onderhou, aangesien dit nodig is vir enige ander vorm van kapitaal (Bruegel, 2005).

Ongelukkig is die heersende ontwikkelingsvisies vir stede geneig om informaliteit te problematiseer in plaas daarvan om informaliteit met nuwe oë as 'n ruimte vir oplossings vir voedselsekerheid te sien (Brown, 2019). Beplanners, politici, invloedryke inwoners en beleggers streef na steriele, utopiese visies van imposante en ordelike stede waaruit die chaos van informaliteit uitgeroei is (Bonner & Spooner, 2012; Pieterse et al., 2020). In die afwesigheid van lewensvatbare formele werksgeleenthede, is strafgerigte regulering van informaliteit weliswaar 'n skending van die staat se verbintenisse om die reg op werk te handhaaf en moet beskou word as 'n skending van hul pligte met betrekking tot die reg op voedsel.

As daar met nuwe oë na die informele ekonomie gekyk sou word, kan die handelaars, straatverkopers, vervoerders en produsente in die ekonomie gesien word as positiewe medeskeppers van regverdigte en veerkrachtige stede. Dit beteken dat die informele ekonomie en samewerking met handelaars aangegryp moet word om bemagtigende omgewings te skep wat die risiko's wat gepaard gaan met informaliteit verminder terwyl die belonings vergroot word (Bonner & Spooner, 2012). Hier is die uitdaging nie bloot om 'n meer bemagtigende beleidsomgewing te skep nie (Brown, 2019), maar ook om nuwe benaderings vir die opradering van die fisiese werksomstandighede en handelsgeleenthede vir informele handelaars in die ruimtelike struktuur van die stad te loods.

3



# PLEKKE VAN TRANSFORMASIE

3.1

## Stedelike sentrale voedingspunte

Ons bestekopnamestudie lewer een onomwonde resultaat op: in al drie stede, ondanks uitdagings wat informele nedersettings kenmerk, het gemeenskappe ruimtes geskep wat toegang tot voedsel bied en die voorsiening van voedsel aan nog maatskaplike en ekonomiese aktiwiteite koppel. Gemeenskapsentrum, soos die Reuben-sentrum en Mukuru Skills in Nairobi, bied dienste soos skoolvoedingsprogramme, gesondheidsdienste en beroepsopleiding aan. In Kaapstad voorsien gemeenskapkombuisnetwerke organisasies, insluitende die Callas-stigting, Ubuntu Rural, Gugulethu CAN en uPhakanini-kombuis voedsel aan

duisende mense en dien as veiliger ruimtes, solidariteitsforums vir slagoffers van geweld, asook leersentrum, veral vir vroue. Eweneens bied Foyer Fama skuiling aan binnelandse migrante in Ouagadougou en hul kombuisprojek bied kos en werkgeleenthede vir vroue. Hierdie ruimtes werp lig op gemeenskappe se maatskaplike kapitaal en dien as punte van transformasie van die stedelike voedselstelsel.

In ons ervaring dra hierdie sentrale punte by tot die beskikbaarheid van en toegang tot voedsel vir vroue, meisies en ander kwesbare groepe en bied toegang tot maatskaplike dienste wat wissel van onderwys tot die daarstel



van veilige ruimtes vir vroue wat dikwels in baie onbestendige en gevaarlike omgewings is. Van hierdie sentrale punte bied werks- en ekonomiese geleenthede vir die verspreiding en verwerking van voedsel; in Mukuru verbou kweekhuise byvoorbeeld blaargroente vir skoolvoedingsprogramme. Hulle benut en beklemtoon ook gemeenskappe se maatskaplike kapitaal vir die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel deur bewusmaking en skakeling met diegene in kwesbare bevolkings. Kaapstad se Callas- en uPhakanini-gemeenskapskombuis het


byvoorbeeld skuiling en regsdienste aan vroue verskaf wat geslagsgebaseerde geweld by die huis in die gesig gestaar het. In Ouagadougou lei Foyer Fama vroue op om kos te maak en dit op fietsrestaurante in die stad te verkoop.

Die resultate van 'n karteringsoefening tydens die bestekopnamefase toon dat die drie stede oor tientalle gemeenskaplike ruimtes beskik wat meer bied as die blote voorsiening van voedsel en dikwels aan skole en ander openbare plekke gekoppel is. Daarom bou ons ons navorsing om bestaande

sentrale punte en bou ons voort op 'n gesamentlike oefening wat saam met vennote gedoen is om daardie ruimtes as stedelike sentrale voedingspunte te beskou. Stedelike sentrale voedingspunte is lewende laboratoriums in werklike omgewings waar oplossings vir uitdagings wat die voedselstelsel ervaar, aan die lig kom. Stedelike sentrale voedingspunte word deur veelfunksionaliteit gekenmerk.

Kos is simbolies van identiteit en die kollektiewe kultuur en kom dikwels aan die lig in onbetaalde versorgingswerk wat vroue op plase, in kombuise, as verkopers of in ander gemeenskapsrolle lewer. Stedelike sentrale voedingspunte sal dien as plekke om vir vrouerestate te pleit en om die bemagtiging van vroue deur middel van netwerk- en voorspraakprogramme te ondersteun.

**Figuur 3.** Ons visie vir stedelike sentrale voedingspunte



## Stedelike sentrale voedingspunte as lewende laboratoriums

Die inwerkingstelling van die verskillende weë is die kern van ons werk in stedelike sentrale voedingspunte. Ons sien dit as ruimtes vir leer, dialoog en om innovering te loods. Ons sal 'n lewende laboratorium-benadering gebruik om transformasie en medeskepping van kennis te bevorder.

Die lewende laboratorium-navorsingsbenadering het

onlangs aandag getrek as 'n aksienavorsingsmetodologie (Almirall et al., 2012; ENoLL, 2015; Kareborn & Stahlbrost, 2009). Dit verteenwoordig nuwe modelle van die organisering van samewerkende innoveringprosesse deur diverse rolspelers, insluitende gebruikers, gemeenskappe, en die sake-, openbare en burgerlike samelewingssektore te betrek om huidige uitdagings waarmee die samelewing sit, by die horings te pak (Edwards-Schachter et al., 2012). Lewende laboratoriums kan fisiese ruimtes wees, soos die gemeenskaplike sentrale punte in die Reuben-sentrum of



## DIE INWERKINGSTELLING VAN DIE VERSKILLENDÉ WEË IS DIE KERN VAN ONS WERK IN STEDELIKE SENTRALE VOEDINGSPUNTE.

virtuele ruimtes soos die kombuisnetwerk se digitale platforms in Kaapstad. ENoLL (2015) omskryf lewende laboratoriums as gebruikergesentreerde, oop innovering ekostelsels wat op 'n benadering van sistematisiese gebruiker-medeskelling geskoei is wat navorsing en innoveringprosesse in werklike gemeenskappe en omgewings integreer. Hulle poog om burgers en ander belanghebbers aktief op die lang termyn te betrek om innoverings saam te skep (Edwards-Schachter, 2019; Ogonowski, 2013). Die primêre doel van die benadering is om innoverings saam te skep, prototipes daarvan te maak en dit in werklike gemeenskappe te toets (Yasuoka et al., 2018). Lewende laboratoriums bied 'n unieke aksienavorsingskonteks om maatskaplike en tegnologiese innoverings te bestudeer, aangesien hulle 'n duidelike rol aan burgers as gebruikers en medeskappers van kennis in innoveringprosesse toeken. Hulle is gebou om te reageer op maatskaplike probleme en om dit op te los en om geleenthede vir transformerende aksie te benut ten einde maatskaplike praktyke en strukture te verander (Edwards-Schachter, 2019).


Ontleding van eenderse plekke in ander kontekste bied teoretiese beklemtoning vir die ontwikkeling van stedelike sentrale voedingspunte as ruimtes waar leer, aanpassing en verandering

plaasvind. Hierdie is omgewings waar samewerkende eksperimentering in werklike omgewings plaasvind (Bosch et al., 2013; Pereira et al., 2020) en waar daar ruimte is om voedselverwante aktiwiteite met gemeenskaplike maatskaplike en ekonomiese aktiwiteite te koppel, byvoorbeeld om burgers met voedselbeleidsprosesse op stadsvlak te koppel, om plaaslike aksies vir die reg op voedsel te skep en te dryf en om plaaslike aksie aan internasionale ooreenkomste te koppel. Stedelike sentrale voedingspunte is fisiese ruimtes waar kennis geskep word en verandering begin plaasvind. Dit is samehorige ruimtes waar maatskaplike kapitaal versterk en inligting en kennis geskep en gedeel word (veral by sentrale punte wat internettoegang bied).

Soos Pereira et al. (2020) beskryf, verg transformasie 'n strategiese kombinasie van metodes en raamwerke wat verder as tradisionele denke en kitsoplossings strek. Die stedelike sentrale voedingspunte sal dien as leerlaboratoriums vir vennote en gemeenskappe en as beginpunte vir die institusionalisering wat nodig is om maatskaplike en tegniese innovering verder as hierdie sentrale punte uit te brei. Hierdie ruimtes kan getransformeerd word in stedelike sentrale voedingspunte vir inklusiewe en klimaatbestande voedselstelsels. Die stedelike sentrale voedingspunt is dus 'n programmatiese visie.

# 4





# VYF VERSKILLENDÉ WEEË TOT DIE TRANSFORMASIE VAN DIE STEDELIKE VOEDSELSTELSEL

TMG se bestekopnamewerk in Kaapstad, Nairobi en Ouagadougou het hierdie vraagstuk ondersoek:

*Hoe kan onmiddellike bedreigings vir voedselsekerheid wat deur die COVID-19-krisis ingehou word, aangespreek word en hoe lig die lesse wat uit die krisis geleer is, die transformasie van die stedelike voedselstelsel op die lang termyn toe?*

In die bestekopnamefase tussen 2021 en 2022 het ons vyf verskillende weë vir die transformasie van die stedelike voedselstelsel geïdentifiseer wat

ons aksienavorsing na die projek se volgende fase toe sal lei. Ons sistemiese ontleding van hierdie navorsing verg begrip en bewustheid van die verlede, hedendaagse strukturele uitdagings en toekomstige tendense en scenario's. Ons benadering behels deurlopende nadanke en erkenning van verskillende vorms van kennis binne ons bevindings.


Eenvoudige oplossings is aantreklik en kry die politieke jawoord. In komplekse en onsekere omgewings, soos gebiede met 'n lae inkomste en informele nedersettings, is eenvoudige oplossings opgestel om te misluk. Daarom werk ons eerder in verweefde weë om 'n kopskuif oor die vele maniere waarop voedselsekerheid in die raamwerk van die reg op voedsel, verwesenlik kan word.

Ons het 'n raamwerk ontwikkel om die kompleksiteit van ons werk te verstaan en te verminder en om besluite te stuur in die rigting van wat ons doen, waarom en hoe ons dit doen. Die raamwerk is oop vir kompleksiteit en onsekerheid en sentreer om die benadering van lewende laboratorium aksienavorsing in stedelike sentrale voedingspunte.

Die Urban Food Futures-program poog om die gaping tussen regtehouers en pligdraers te verstaan en aan te spreek deur die kapasiteit en gewilligheid van beide om in gesprek te tree, die gaping te oorbrug en 'n gedeelde visie te bou, uiteen te sit. Deur beleidsgeleenthede in die navorsingsgebiede, ontwikkel stadsrade en die staat beleide en dienste om die reg op voedsel al hoe meer te verwesenlik terwyl burgers hulself

organiseer en oorgaan tot aksie om voedsel in gebiede met 'n lae inkomste en informele nedersettings toeganklik te maak. In die bestekopnamefase het ons mede-leer en dialoog tussen hierdie groepe gefasiliteer om uit navorsing en aksie te leer, wat dit moontlik maak om plaaslike modelle te skep wat wêreldwyw debatte kan toelig deur unieke oogpunte uit eerstehandse ervarings te verskaf. Die leerproses van wêreldwyd na plaaslik behels die verkryging van 'n dieper begrip van hedendaagse krisisse en die plaaslike toepassing daarvan.

Hierdie vyf verskillende weë spreek die strydigheid en balans wat in die bestekopnamefase getref is, uitdruklik aan. Dit is die bevindings van die eerste projekfase en ons kompas om volgehoud leer in Kaapstad en Nairobi toe te lig.



## **DIE URBAN FOOD FUTURES-PROGRAM POOG OM DIE GAPING TUSSEN REGTEHOUERS EN PLIGDRAERS TE VERSTAAN EN AAN TE SPREEK DEUR DIE KAPASITEIT EN GEWILLIGHEID VAN BEIDE OM IN GESPREK TE TREE, DIE GAPING TE OORBRUG EN 'N GEDEELDE VISIE TE BOU, UITEEN TE SIT.**

**STADSRAAD EN  
DIE STAAT**

**BURGERS EN  
GEMEENSKAPPE**

KAPASITEIT

HOE OM DIE GAPING TE OORBRUG OM  
DIE REG OP VOEDSEL GELEIDELIK TE  
VERWESENLIK

PRIORITEITE

# STEDELIKE SENTRALE VOEDINGSPUNT

LEWENDE LABORATORIUMS

5

PATHWAYS



1

HANTERING  
VAN KRISISSE  
LEER VIR  
TRANSFORMASIE

2

WEDERSYDSE  
VERANTWOORDBAARHEID  
PARLEMENT TOE MET  
PENNE EN POTTE

3

LANDBOU IN N BEHEERDE  
OMGEWING  
HEROORWEGING VAN STEDELIKE  
PRODUKSIE IN DIE LIG VAN  
KLIMAATSVERANDERING

5

INWINNING VAN DATA DEUR  
SKAREBENUTTING VIR DIE  
TRANSFORMASIE VAN DIE  
VOEDSELSTELSEL

4

HANDEL OM TE EET  
BEVORDERING VAN DIE  
INFORMELE EKONOMIE  
SE BYDRAE TOT  
VOEDSELSEKERHEID

WEG



# DIE HANTERING VAN KRISISSE

## LEER VIR TRANSFORMASIE

Gemeenskappe in stadsgebiede met 'n lae inkomste, het te make met 'n magdom krisisse. Ons het hanteringstrategieë ondersoek wat tydens die COVID-19-pandemie aan die lig gekom het toe regerings massiewe uitdagings in die gesig gestaar het om voedselsekerheid in tye van ekonomiese ineenstorting en aandklokreëls aan te spreek. Hierdie weg steun transformasieprosesse deur uit onder-na-bo hanteringstrategieë te leer. As deel van hierdie weg sal ons ondersoek hoe gemeenskapskombuise se omvang aangepas kan word deur aanknopingspunte vir geïnstitutionaliseerde samewerking tussen plaaslike regerings en gemeenskapsgebaseerde organisasies te identifiseer.

## Beredenering

Om langtermyn veerkrachtigheid in voedselstelsels te bou, verg meer as die vermoë om gedurende tye van krisisse kop bo water te hou en te oorleef. Langtermyn veerkrachtigheid noodsak die bou van kapasiteit om skokke te sien kom, voorkomend op te tree om die impak daarvan te beperk en om aanpasbaar te wees. Langtermyn veerkrachtigheid verg boonop dat ons die kennis en ervarings van gemeenskappe wat 'n krisis beleef, in ag neem. Dit verg deelnemende, inklusieve en respektvolle dialoog wat ontvanklik is vir geskiedkundige en kulturele vraagstukke. Ontledings van gemeenskapsgebaseerde aanpassingsinisiatiwe beklemtoon die belangrikheid van plaaslike eienaarskap vir die sukses van aanpassings (McNamara et al., 2020). Die resultate van ons bestekopnamewerk wys dat gemeenskappe maatskaplike kapitaal gebruik om hanteringsmeganismes te ontwikkel en toe te pas. Dit het ons geïnspireer om uit hanteringsmeganismes te leer om programme en beleide, wat op die lang termyn veerkrachtig is, toe te lig.

Die bestekopnamefase was hoofsaaklik geskoei op twee hanteringsmeganismes: gemeenskapskombuise in Kaapstad en kantoorgebonde navorsing oor gemeenskapsgebaseerde spaarskemas in al drie stede.

Gemeenskapskombuise in Kaapstad het 'n onmiddellike antwoord op die ekonomiese impak van inperkings gebied deur voedsel aan behoeftiges te verskaf. Om en by 90 % van gemeenskapskombuise in Kaapstad

het tydens die COVID-19-pandemie en die gevolglike inperkings en verlies aan inkomste tot stand gekom (Paganini et al., 2021a). Hierdie kombuise, veral op die Kaapse Vlakte, is so uiteenlopend soos die woonbuurte wat hulle bedien. Die kombuise is dikwels verbind met moskees of kerke, skole, sentra vir vroeë kinderontwikkeling of gemeenskappe. Dit het ruimtes geword wat 'n ryk en dikwels onerkende spyskaart van dienste saam met die borde kos bied wat daar verskaf word. Dit sluit ondersteuning weens gesinsgeweld, raad oor voeding, kindersorg of naskoolsorgsteun, asook skakeling met bendelede, in. Die navorsing wat tot op hede gedoen is, toon dat die werk om hul gemeenskappe gesamentlik te voed, spreek van die mag van vroue se verhoudings en hul potensiaal om 'n politieke stem te bou, terwyl samehorigheid op individuele sowel gemeenskapsvlakte versterk word (Nyaba et al., tans gedruk).

Die kombuise het te kampe met groot struikelblokke. Ruimte is een van die struikelblokke. Van die 21 kombuise wat in 2021 in Gugulethu bedryf is, was net een nie in 'n privaatwoning nie. Nog 'n struikelblok is toegang tot finansiële hulpbronne om die kombuis aan die gang te hou. Ten tyde van ons onderhoude was 76 % van die 19 mans en 70 vroue met wie die onderhoud gevoer is wat vrywilligers by daardie kombuise was, afhanklik van maatskaplike toelaes (ongeskiktheidstoelaes, pensioene, kindertoelaes, maatskaplike toelaes) en dra daardie fondse deels by tot die bedryfskoste van die kombuis (Battersby et al., 2022). Die manier waarop kombuise tans funksioneer, berus dus op vroulike vrywilligers se vermoë om skenkings te kry, kos te organiseer, gaar te maak en

In die bestekopnamefase in Nairobi, het Muungano 'n gemeenskapskombuis soortgelyk aan die een in Kaapstad geloods om voedselhulp in een deel van Mukuru se uitgesette en vernietigde nedersettings te verskaf. In hierdie aksienavorsing het ons die styging van voedselpryse saam met wat die vroue geleer het oor die vorming van 'n kollektief om honderde mense daagliks te voed, geboekstaaf. In 'n gesamentlike werkswinkel wat saam deur TMG en Muungano gefasiliteer is, het Suid-Afrikaanse kollegas van FACT 'n 'droomoefening' vir die vroue in Mukuru gefasiliteer om hul kombuis buite die huidige noodtoestand in te dink. Geïnspireer deur die voorbeeld van Suid-Afrika, is die kombuis se toekoms rondom twee temas gestructureer: eerstens, 'n plek vir die bou van netwerke en verhoudings en tweedens, 'n geleentheid om 'n onderneming te bou en werksgeleenthede te skep (Battersby et al., 2022). Die aksienavorsing het gelei tot die verskaffing van 300 etes per dag en 'n ses maande-lange proses van kollektiewe leer in die soeke na maniere om saam te werk (Muungano, 2022). Die aksienavorsing en die boekstawing daarvan het die kombuis se deurslaggewende rol as 'n sentrum van bymekaarkoms vir strategiese hanteringsmeganismes in antwoord op die uitsettings uitgelig en ook om druk op die regering uit te oefen om inwoners as begunstigdes van die grond te erken (Muungano, 2022). Aan die einde van 2022 is mense toegelaat om hulle te hervestig en hul huise om die kombuis te herbou.

te bedien (Nyaba et al., tans gedruk).

Tydens die bestekopnamefase het vroue aangemeld dat die meeste van die kombuise, weens uitgeputte personeel, kwynende skenkings en die gebrek aan finansiële steun deur die staat, nie daarin kon slaag om hul programme te volhou nie en moes sluit.

Nog 'n hanteringstrategie waarop mense al hoe meer tydens die COVID-19-pandemie staatgemaak het, was plaaslike spaarskemas. In Suid-Afrika word spaarskemas *stokvels* genoem, in Kenia *chamas* en in Burkina Faso *tontines*. Regoor die wêreld spaar baie mense geld deur informele spaarskemas, in plaas van of samelopend met formele finansiële dienste. Spaargroepe kan, soos ander informele vangnette, kollektiewe optrede bevorder deur finansies te verskaf sowel

as om samewerking moontlik te maak.

Spaargroepe is 'n onderafdeling van hanteringstrategieë wat slegs daardie strategieë beskryf wat die verkryging van ander huishoudings se steun behels (Devereux, 1999). Lede van spaargroepe kom op 'n gereelde grondslag by mekaar om algemene vraagstukke wat hulle in die gesig staar te bespreek, die steun en toewyding van individuele huishoudings vir gemeenskaplike optrede te kry en om 'n gemene front te vorm om met staatsowerhede te onderhandel (Shand & Colenbrander, 2018). In Kenia sit lede van spaarskemas hul finansiële hulpbronne in dieselfde mandjie deur gereelde bydraes. Fondse word dan in 'n rondomtalie as 'n enkelbedrag aan een lid uitgekeer of soms word dit gesamentlik vir gemeenskapsprojekte, soos die aankoop van grond of die opknapping van behuising in informele

nedersettings, gebruik (Weru et al., 2018). In Kaapstad is stokvels in 2020 uitgelig as 'n teken van hoop, toe mense vir jaareinde gewag het om hul uitbetalings te ontvang om kos te koop (Paganini et al., 2021). Spaarskemas bring gewoonlik mense met gedeelde agtergronde, soos gesinne, bure of mense met eenderse beroepe by mekaar. Gevolglik is maatskaplike kapitaal 'n belangrike komponent van spaarskemas, aangesien dit bou op maatskaplike kapitaal en dit boonop versterk (Ibrahim, 2019; Shand & Colenbrander, 2018). Lede vertrou dat ander lede sal aanhou deelneem totdat almal die enkelbedrag een keer ontvang het en dat hulle hul skuld sal terugbetaal as die bedrag as krediet verskaf word. In situasies van voedselonekerheid werk party spaargroepe met voedselitems in plaas van geld; byvoorbeeld, gemeenskapskombuise in Kaapstad wat deur die navorsingsnetwerk genader is, het hul spaargeld gebruik om voedsel, veral kookolie, tydens die vroeë maande van die oorlog teen die Oekraïne in grootmaat te koop.

Vroue speel 'n uiters belangrike rol in hantering, op huishoudelike sowel as gemeenskapsvlak. Oor die algemeen is daar 'n behoefte om agter die kap van die byl van vroue se wedervaringe, wat baie dikwels uitgebeeld word as slagoffers wat maatskaplike hulp moet kry, te kom (Duncan & Claeys, 2020). Aldus die FAO se verslag, 'The state of food security and nutrition in the world', het vroue swakker

voedselsekerheid as mans, veral sedert die oorlog in die Oekraïne (FAO et al., 2022). Ondanks die feit dat geslagsongelykheid toeneem, is dit dikwels vrouenetwerke wat oplossings in krisistye bedink. Be vindings uit die bestekopnamefase dui daarop dat goed-georganiseerde koalisies van vroue dikwels aan die kern van gemeenskapsontwikkelde hanteringsmeganismes staan (Battersby et al., 2022).

## **Teorie van verandering**

Nog plaaslike regerings nog plaaslike gemeenskappe kan voedselstelsels op hul eie transformeer. Krisisse het gewys dat maatskaplike kapitaal die kapitaal van die stedelike armes is, veral dié van vroue. Suksesvolle en belowende hanteringsmeganismes, soos gemeenskapskombuise by ons navorsingsentra, maak egter steeds baie staat op vroue se onbetaalde werk en die verbruik van hul oorlaaide persoonlike hulpbronne soos tyd, geld, kosmaakruimtes en kombuisware. Terwyl hul onder-na-bo-benaderings en gemeenskapsgedrewe oplossings in die begin van die pandemie duidelik kragtig was, móét hul benadering weens 'n gebrek aan volhoubaarheid verander. Daarbenewens kan 'n bemagtigende omgewing waarin regerings en befondsers hul klem van sporadiese steun van individuele projekte na sistematiese steun verskuif, volhoubaarheid behoorlik ophef.

**NÓG PLAASLIKE REGERINGS NÓG PLAASLIKE  
GEMEENSKAPPE KAN VOEDSELSTELSELS  
OP HUL EIE TRANSFORMEER.**

Urban Food Futures skep 'n mede-leer-omgewing om te identifiseer hoe kombuise moet verander om volhoubaar te word en hoe omringende gemeenskappe 'n ondersteunende omgewing vir die kombuise kan bou. Wat kan die regering bied om daardie inisiatiewe te steun? Hoe kan 'n samewerkende model tussen kombuise, die kombuisnetwerk, die regering, die privaatsektor en befonders daar uitsien?

Hierdie weg is soos volg met ander verskillende weë verweef: Ons werk oor

aanspreklikheid (Weg 2) bou voort op die maatskaplike beweging wat ganker is in werk by die gemeenskapskombuis genaamd "Parlement toe met penne en potte" en verbind die netwerk aan 'n platform met amptenare van die Stad Kaapstad, die Provincie van die Wes-Kaap, en die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsprogram (WKEOP). Kombuise dien as 'n maatskaplike sentrale punt in die gemeenskappe. Dit is dus perfekte beginpunte vir ons werk aan Weg 5, naamlik om data deur skarebenutting in te win.

## **Wat is volgende?**

*Ons sal konsentreer op die implementering van hierdie weg in Kaapstad en op die werk oor gemeenskapskombuise.*

**1**

In Kaapstad is die eerste stap om uit te brei oor wat moet verander om die gemeenskapskombuise suksesvol en volhoubaar te maak. Gevolglik sal ons 'n aksieplan ontwikkel en vier kombuise identifiseer waarin ons samewerking met die privaatsektor en befonders verander en ondersoek om meganismes vir volhoubare langtermyn befondsing (derdeparty- of institusionele programme, spaarskemas of privaatvennootskappe soos geïnspireer deur die Latyns-Amerikaanse model van die *cocina populares*) te ontwikkel.

**2**

Op grond van daardie bevindings sal ons konsepte en 'n samewerkingsmodel met munisipale owerhede en gemeenskappe, wat as aanknopingspunte vir institusionele steun kan dien, ontwikkel. Om dit te doen, sal ons kombuise identifiseer wat die potensiaal het om in stedelike sentrale voedingspunte omskep te word en verskillende nuwe modelle loods.

**3**

TMG en vennote in Kaapstad en Nairobi sal krisisse in syfers en verhale vanuit die kombuise se geslagtelike perspektiewe boekstaaf. Dit behels 'n voortsetting van navorsing oor die begrip tussen geslagsgebaseerde geweld en voedselsekerheid. Kwalitatiewe navorsing sal gedeel word in 'n navorsingsdokument wat lig werp op vroue se rolle en stryd om die reg op voedsel te verwesenlik.

WEG 2





# WEDERSYDSE VERANTWOORD- BAARHEID

## PARLEMENT TOE MET PENNE EN POTTE

Armoede en maatskaplike en ekonomiese ongelykheid is die strukturele redes waarom daar honger en wanvoeding is. Eksklusiewe besluitnemingsprosesse dra by tot die voortbestaan van ongelykhede. Om die reg op voedsel stelselmatig te verwesenlik, moet transformasie van stedelike voedselstelsels aanspreeklikheid en deursigtigheid van regerings en besluitnemingsprosesse verbeter. Beter verantwoordbaarheid kan nie verwesenlik word deur op voetsoolvlek of met regeringsowerhede in afsondering van mekaar te werk nie. Ons poog om verantwoordbaarheid te verbeter deur rolspelers op voetsoolvlek te bemagtig om deelnemers aan prosesse van besluitneming ten opsigte van voedselbestuur te wees, eerder as om passiewe ontvangers. As 'n voorwaarde, moet regerings se vermoë om met rolspelers op voetsoolvlek saam te werk, verbeter word.

## Beredenering

Deur voort te bou op hul verslae ‘State of Food Security and Nutrition’, kom FAO et al. (2021) tot die gevolgtrekking dat *armoede en ongelykhede die onderliggende strukturele oorsake van voedselonekerheid en wanvoeding in al sy vorms is* (p. 4). Onder die ongelykhede wat honger en wanvoeding laat voortduur, identifiseer FAO et al. (2021) ongelykhede in toegang tot inligting en sekere groepe se maatskaplike status (maatskaplik uitgesluit of randstandig). Die verslag bewys ook dat daar ’n groeiende geslagsgaping in voedselsekerheid is. Hierdie bevinding weerspieël vroeëre werk oor die konseptualisering van chroniese armoede wat *die vorms van maatskaplike verhoudings wat armoede tot gevolg het*

*en dikwels diep in politieke instellings en ekonomiese strukture gewortel is, beklemtoon* (Green & Hulme, 2005, p. 867). Die voortbestaan van ongelykhede is die rede waarom daar benaderings is wat op regte geskoei is. Die toename in wêreldwye honger in 2021 weerspieël verergerende ongelykhede tussen en in lande weens ’n ongelyke patroon van ekonomiese herstel onder lande en onverhaalde inkomsteverliese onder diegene wat die ergste deur die COVID-19-pandemie geraak is (FAO et al., 2021).

Algemene opmerking 12 (§15) oor “Die reg op voldoende voedsel” stipuleer drie vlakke van staatsverpligtinge ten opsigte van sy burgers om hierdie reg al hoe meer te verwesenlik: die verpligting om te respekteer, te beskerm en na te kom.

*Die verpligting om bestaande toegang tot voldoende voedsel te respekteer, verg dat staatspartye nie enige maatreëls sal instel wat daartoe lei dat sodanige toegang verhoed word nie. Die verpligting om te beskerm, vereis maatreëls deur die staat om te verseker dat ondernemings of individue nie mense van hul toegang tot voldoende voedsel ontnem nie. Die verpligting om na te kom (te faciliteer) beteken dat die staat proaktief betrokke moet raak by aktiwiteite wat bedoel is om mense se toegang tot en benutting van hulpbronne en -middels te versterk om hul lewensbestaan te verseker, voedselsekerheid inkluis. Laastens, wanneer ’n individu of groep weens redes buite hul beheer nie die reg op voldoende voedsel met die middels tot hul beskikking kan geniet nie, is state verplig om daardie reg regstreeks na te kom (te verskaf). Hierdie verpligting geld ook vir mense wat slagoffers van natuur- of ander rampe is.*

Die vrywillige riglyne om die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel te ondersteun (FAO, 2005) poog om die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel in die konteks van nasionale voedselsekerheid te ondersteun.

Alhoewel dit nie as sulks wetlik bindend is nie, verskaf dit beleidsaanbevelings aan state en ander belanghebbers. In hierdie opsig beveel hulle aan dat *state inligting aan individue moet verskaf om hul vermoë tot deelname aan voedselverwante beleidsbesluite wat hulle kan raak te versterk en om besluite wat hul reg bedreig, te bevraagteken* (p. 23). Dit sluit ook onder meer in dat state deursigtigheid en verantwoordbaarheid in die gebruik van openbare hulpbronne op die gebied van voedselsekerheid moet verseker. Voorts moet voedsel nie as 'n instrument vir politieke en ekonomiese druk gebruik word nie.

Beide Suid-Afrika en Kenia het in 2014 en 2011 ondersteunende nasionale beleide oor voedselsekerheid ontwikkel (GoK, 2011; Regering van die Republiek van Suid-Afrika, 2014). Ondanks hierdie breër en omvattende verpligtinge, was dit egter moeilik om in werking te stel en daar is baie werk wat gedoen moet word om maniere te vind om die huidige voedselbeleide in munisipale regerings te desentraliseer. Dit sluit die ondersteuning van regerings op stadsvlak in om te verseker dat uitkomste wat die voedselstelsel in 'n nie-voedselverwante beplanningbenadering oorweeg word (Haysom et al., 2022). Burkina Faso het nie reg op voedsel in sy Grondwet of in enige ander wetgewende of regulerende skrywe opgeneem nie (FAO, 2022b; FIAN Burkina Faso, 2015). Burkina Faso is egter een van die min lande in die substreek waar

initiatiewe wat direk verband hou met die verwesenliking van die reg op voedsel en die implementering van die reg op voedelbeleide, wel aan die gang is. Die reg op voedsel is ook ingesluit in 'n konsepgrondwet wat in 2017 ingedien is (Paktogo, 2021); ten tyde van die skrywe hiervan, is dit egter deur sosio-politieke onrus in die wiele gery.

Gemeenskappe bestempel die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel deur besluitneming op stads- en distriksvlak dikwels as 'n proses van uitsluiting. Koördinering van voedselhulp tydens COVID-19-geïnduseerde inperkings is 'n sprekende voorbeeld: gemeenskapskombuise het voedsel ontvang wat verval het en vissers wat tydens inperking verbied is om vis te vang, het geblakte vis ontvang. Die slagspreuk "niks oor ons sonder ons nie" is gebruik om ontvangers se begeerte vir 'n kollektiewe stem in konsultasies oor voedselhulp te weerspieël. Oor die algemeen is die rede waarom regeringsoptrede nie in gemeenskappe se behoeftes voorsien nie, onverenigbaarhede tussen die agenda en taal wat by koördineringsvergaderings gebruik word en wat vanuit die oogpunt op voetsoolvlek as noodsaaklik bestempel word (Buthelezi, 2022). Volgens die People of Mukuru se 2020-manifes, geniet informele rolspelers in Nairobi se voedselstelsel nie enige politieke erkenning nie. Om programme en beleide vir voedselsekerheid te ontwerp, moet besluitnemingsprosesse erkenning gee aan kennis en insigte wat deur deelnemende prosesse in gemeenskappe ingewin word, soos in die geval van FACT se proses van dialoog oor voedsel (Buthelezi & Metelerkamp, 2022) of Muungano se SPA-proses (Owade et al., 2022).

Tydens die bestekopnamefase het ons twee prosesse, wat deur die burgerlike samelewing gedryf word, ontleed wat daar toe kan bydra dat burgers die staat verantwoordbaar kan hou, naamlik die Muungano se SPA-proses in Nairobi en FACT se proses van dialoog oor voedsel in Kaapstad.

- 1.** In die Suid-Afrikaanse konteks hou honger verband met skaamte. Gevolglik kan 'n stryd teen honger nie begin voordat daar nie meer 'n stigma aan honger kleef vir diegene wat voedselonsekerheid ervaar nie (Paganini et al., 2021b). Dit beteken dat plaaslike gemeenskappe bemagtig moet word om deel te neem aan besluitneming en dat hul vermoë om hul plaaslike regering aanspreeklik te hou vir sy verpligtinge, verbeter moet word. FACT se dialoë oor voedsel is ontwerp met hierdie doel voor oë. Hul dialoë oor voedsel het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n dieper begrip van voedselstelsels

en voedselonsekerheid burgers bemagtig om hul regte te laat geld en op te eis (Buthelezi, 2022). Dit verteenwoordig 'n kritieke verskuiwing van regeringsprogramme, wat mense as ontvangers van voedselhulp as liefdadigheidsgeskenke bestempel het na 'n beskouing van mense as rolspelers in die voedselstelsel met erkenning van hul wetlike regte. Dialoë het voorts ook geleid tot die bou van gemeenskapsbetrokkenheid om aktief by te dra tot die verwesenliking van daardie reg, eerder as om stilswyend op staatshulp te wag. Ook moedig die bou van mense se betrokkenheid deur gemeenskaplike aktiwiteite, soos gemeenskapskombuiswerk, mense aan om direkte verantwoordelikheid vir hul lewensbestaan te vat sodat hulle slegs op staatshulp staatmaak wanneer dit absoluut noodsaaklik is (Paganini et al., 2021a). In die bestekopnamenavorsing het FACT aangevoer dat gemeenskappe in



Source: Nicole Paganini, 2022

die vakuum van hul eie doen en late bly wanneer hulle klein aksies neem, sonder om sistemiese uitdagings, hul verbondenheid en hul drywers vir verandering aan te spreek.

- 2.** In Nairobi het ons die beplanningsproses ontleed wat tot die Spesiale Beplanningsgebied (SPA) in Mukuru geleei het. Die SPA is 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan wat die uitdagings aanspreek wat inwoners van Mukuru in die gesig staar, soos om grondbesit te verseker, toegang tot basiese dienste te verskaf en toegang tot geregtigheid te verbeter. Deur 'n plan te ontwikkel wat hierdie vraagstukke aanspreek en dit aan Nairobi se Distrikse regering voor te lê vir uitvoering, het Muungano Alliance en oor die 40 ander belanghebbers die grondslag vir 'n inklusiewe opgraderingsprojek vir die informele nedersetting gebied (Owade et al., 2021).

Nie in een van die twee stede is daar 'n enkele departement wat verantwoordelik is vir stedelike voedselsekerheid nie. Verskeie staatsdepartemente beskik oor die mandaat om afsonderlike elemente van stedelike voedselstelsels te bestuur (Haysom et al., 2022). Hierdie verspreide staatsgesag bemoeilik die regering se verantwoordbaarheid verder, aangesien die verdeling van verantwoordelikhede onder regeringsagentskappe dikwels onduidelik is vir gemeenskappe (Kimani et al., in druk; Paganini et al., 2021a). Om verantwoordbaarheid te verbeter, beteken dus ook om deursigtigheid oor verskeie departemente se verantwoordelikhede en mandate te skep. Terselfdertyd is die bou van staatsamptenare se kapasiteit wat rolspelers en die intrinsieke werking

van hul eie interne verantwoordelikhede en mandate behels, nog 'n noodsaaklike element om verantwoordbaarheid te verbeter.

Wat die progressiewe verwesenliking van die reg op voedsel betref, is daar pligdraers en regtehouers. Hierdie onderskeid in rolle moet behoue bly in die verwesenliking van die reg op voedsel. Dit is dikwels 'n uitdaging vir forums met vele belanghebbers, soos voedselrade wat alle belanghebbers in die voedselstelsel om dieselfde tafel moet kry. Daarom kritiseer navorsers platforms met vele belanghebbers dikwels juis daarvoor (Haysom et al., 2022) en omdat hulle geneig is om altyd sake te praat wat nie oorgaan in regeringsaksie nie (Buthelezi, 2022). Voedselbestuursprosesse moet op so 'n wyse ontwerp word dat regtehouers en pligdraers as sodanig aangespreek word. Regte en verpligte moet nie ongedaan gemaak word deur almal 'n belanghebber te maak nie. Andersins is daar 'n risiko dat hierdie prosesse wesenlike magswanbalanse, wat reeds onder verskillende rolspelers bestaan, verder sal vererger.

## Teorie van verandering

Die teorie van verandering van hierdie weg sluit vier elemente in:

### 1. Regte op geletterdheid:

Om verantwoordbaarheid te verbeter, moet gemeenskappe bewus wees van hul regte en moontlike vergoedingsmeganismes. Deursigtigheid is net so belangrik. Om regte en toegang tot inligting te verstaan, is voorwaardes om die staat verantwoordbaar te hou.

**2. Ondersteunende ruimtes vir gemeenskappe om hul stem te verwoord:** Die Urban Food Futures-program sal die Mukuru SPA-proses en die prosesse oor voedseldialoog ondersteun en deurwerk sodat gemeenskappe hul stem kan verwoord.

**3. Uitstipping van verantwoordelikhede:** Gemeenskapslede beskou die staat dikwels as onsamehangend. Tussen die verskillende sfere van die regering is daar botsende beleide, ideologieë en agendas wat korttermynoplossings en langtermynverbintenis in die wiele ry. Benewens geteikende gemeenskapsbemagtiging en prosesontwerp, noodsak die verbetering van verantwoordbaarheid 'n gedetailleerde begrip van die verskillende departemente se verantwoordelikhede op stads-, provinsiale (streeks-) en nasionale vlak.

**4. 'n Dialoogproses** wat gemeenskappe se stemme met die betrokke regeringsliggame verbind: Verantwoordbaarheid verg 'n proses om kommunikasie tussen gemeenskappe en die staat moontlik te maak. Deur hierdie proses sal regerings baat by 'n gestructureerde gesprek met gemeenskappe waartoe hulle dikwels nie toegang het nie (Mathekga & Buttus, 2007). Dit is veral tydens die pandemie uitgespreek, toe regeringsamptenare te kenne gegee het dat daar uitdagings was om voedselhulp in informele nedersettings te koördineer (Van Wyk & Reddy, 2022). Om gemeenskappe met die regering te laat skakel, is 'n proses wat noukeurige fasilitering en goed ontwerpte benaderings verg wat oorweging aan die volgende aspekte skenk:

- Verteenwoordiging: Ons benadering moedig mense se betekenisvolle deelname aan prosesse van voedselbestuur aan en spreek verantwoordbaarheid van beide burgers en regerings in 'n geteikende en noukeurig gefasiliteerde proses van rolspelers se betrokkenheid aan. Hier beweeg ons weg van afgesonderde werkswinkels deur verskeie belanghebbers en bou ons 'n drie jaar-proses wat op 'n strategie van betrokkenheid op stadsvlak in Nairobi en Kaapstad geskoei is.
- Taal: Die gebruik van "beleidspraatjies" in bestuursprosesse strem dikwels die aktiewe betrokkenheid van die einste mense wat sulke prosesse probeer dien. As prosesse van voedselbestuur poog om die onderliggende oorsake van kwesbaarheid en honger aan te spreek, moet hulle poog om "die plaaslike taal te praat", beide letterlik en konseptueel.

Gemeenskapslede beskou die staat dikwels as onsamehangend. Tussen die verskillende sfere van regering het gemeenskappe uitgespreek dat hulle 'n gedetailleerde begrip van verskillende departemente verantwoordelikhede nodig het, op stad-, provinsiale (streeks-) en nasionale vlak, om die staat behoorlik te betrek en om aanknopingspunte vir verantwoordbaarheid te identifiseer. Om die staat, sy mandate en rolle te verstaan, is een van die primêre doelwitte van ons verantwoordbaarheidswerk en die twee beleidsgeleenthede in Kaapstad (November 2022) en Nairobi (Maart 2023).

## Wat is volgende?

**1**

Deur op die African Centre for Cities se ontleding van politieke mandate te bou, sal sleutelrolspelers in die regering geïdentifiseer en genooi word om 'n betekenisvolle rol in 'n raadgewende hoedanigheid vir die navorsingsprogram te speel. Die uitstippeling van beleidsmandate in Kaapstad sal uitgebrei word vir programme en mandate wat verband hou met die regte op voedsel, voedselsekerheid en voeding.

**2**

FACT en Muungano, wat met gemeenskappe werk, sal deelnemerprosesse vir 'n beter begrip van die reg op voedsel mobiliseer en voortbou op die algehele mandaat en uitstippeling van rolspelers. Om dit te doen, sal beide organisasies deelneem aan 'n eksterne opleiding oor die reg op voedsel om kennis en vermoëns te ontwikkel om hierdie proses in hul gemeenskappe te faciliteer.

**3**

Om op TMG se beleidsgebeure in Nairobi (Maart 2023) en Kaapstad (November 2022) voort te bou, sal ons werkgroepe vir die twee stede met vennootorganisasies en die stads- en provinsiale/streeksregerings ontwikkel oor hoe om die reg op voedsel al hoe meer te verwesenlik deur die implementeringsweë en loodsing van stedelike sentrale voedingspunte. Daardie werkgroepe sal gereeld vergader om die implementering van al die verskillende weë by te staan en van raad te voorsien.

**4**

In Kaapstad sal FACT se dialoog oor voedsel tot in die derde jaar in loop en resultate sal sistematies in bestuursprosesse, soos die EDP Food Forum, die Centre for Excellence Food Imbizo, en 'n pasgestigte werkgroep met die Stad Kaapstad, gedeel word. Dit is deel van 'n drieledige proses wat die volgehoud behoeftelike aansprek om die stigma van honger op gemeenskapsvlak deur plaaslike dialoë oor voedsel te verwijder; om prioriteite vir verandering in gefasiliteerde prosesse met munisipale owerhede en

gemeenskappe te identifiseer; en om bestuursdeelname-instrumente, soos samewerkende kommentaarprosesse op konsepwetsontwerpe en -programme soos TMG, ACC en FACT, se bydrae tot die Municipale Maatskaplike Ontwikkelingsraamwerk te toets.

**5**

In Nairobi het Muungano se ervaring met die demonstrasiekombuis 'n politieke proses ontketen. Dit stel ons in staat om by die kombuis te leer as politieke ruimte vir die program se volgende stapte in die ontwerp van 'n nuwe Spesiale Beplanningsgebiedsproses wat die vraagstuk van stedelike sentrale voedingspunte as ruimtes vir transformasie insluit. Saam met Muungano hervat ons die deelnemende SPA-proses deur 'n komponent van voedselsekerheid by te voeg.

WE GO



# LANDBOU IN 'N BEHEERDE OMGEWING

## HEROORWEGING VAN STEDELIKE PRODUKSIE IN DIE LIG VAN KLIMAATSVERANDERING

*Om die struikelblokke te oorkom wat deur klimaatsverandering, die skaarste aan veilige stedelike water en die netelige kwessie van toegang tot grond in stadslandbou gestel word, redeneer ons dat hidroponiese boerdery in beheerde omgewings 'n opsie is om groenteverbouing in stedelike sentra 'n hupstoot te gee. Wanneer hidroponies-beheerde omgewingslandbou (BOL) aan geïnstitutionaliseerde instellings, soos skoolvoedingsprogramme, gekoppel word, kan dit 'n kostedoeltreffende vooruitsig vir baie Afrikastede wees. In 'n gemeenskapsentrum in 'n informele nedersetting in Mukuru het ons drie BOL-stelsels getoets om vars groente vir skoolvoedingsprogramme te verbou.*


## Beredenering

Stedelike voedselstelsels is hoofsaaklik afhanklik van voedsel wat in omstedelike en landelike gebiede geproduseer word. Hierdie gebiede het te make met talle impakte van klimaatsverandering, soos uiterste weerpatrone en die agteruitgang van grond (Bationo & Waswa, 2011; de Bruin et al., 2021; Zimmer et al., 2022). Ofori et al. (2021) voer aan dat graanopbrengste in Suider- en Wes-Afrika weens klimaatsverandering teen 2050 met tot 40 % kan krimp. Uiterste weersomstandighede in die drie betrokke stede oor onlangse jare is aanduidend hiervan. In 2018 het 'n erge droogte in Kaapstad die stad tot op die randjie van sy waterreserwes gedryf en gedwing om watergebruik vir landbou met tot 60 % te sny, wat landbouproduksie erg geraak het (Mokone, 2018), terwyl ongewone reënvalpatrone in Kenia mielie-opbrengste in 2021 regoor die land negatief geraak het (Njeru, 2022). Onder buitelugproduksiestelsels bedreig hierdie klimaatsprobleme stedelike sowel as landelike boere en beklemtoon dit die behoefté om maniere te vind om die hoeveelheid voedsel wat in stede geproduseer word, te vergroot.

Tydens die bestekopnamefase het ons die toestand van stadslandbou in drie navorsingsentra beskryf, met beskrywings uit sekondêre data, onderhoude met sleutelrolspelers en die staat se statistiek (*sien* Sango, 2021; Swanby, 2021; Wairimu, 2021). In huidige produksiestelsels staar kleinskaalstadsboere in al drie stede beduidende uitdagings in die gesig. Grondbesit en gebrek aan ruimte is

een kritieke aspek. In Nairobi dwing mededinging vir stadsruimte van ander grondgebruiken, soos behuising, boere na gebiede toe wat dikwels nie voldoende is vir landbou nie, veral na oewergrond, langs paaie en spoorlyne en na kraglynreservewes toe. Baie stadsboere het nie titelaktes vir die grond wat hulle bewerk nie (Nairobi City County, 2018). In Ouagadougou word landbou wel geduld, maar dit is 'n onwettige aktiwiteit. Dit bring boere se langtermynsekerheid in gedrang (Robert et al., 2018). In Kaapstad is toegang tot grond moeilik, met baie boere wat die klein, verlate stukke grond – wat ook al beskikbaar is – annekeer en in houers en hul agterplase verbou. Ander huur grond by staatsinstellings, soos skole of klinieke, of direk by munisipaliteite, na 'n uitgerekte en onduidelike proses (Paganini, 2021). Alhoewel stedelike landbou in Kaapstad dikwels op skoolgrond geskied, verskaf kleinskaalstadsboere nie aan skoolvoedingsprogramme nie. Die korporatiewe struktuur van skoolvoedingsprogramme verberg die ooglopende verband tussen stadsplase en skole in Kaapstad. Skoolvoeding in Kaapstad val onder die Wes-Kaapse provinsiale regering en verskil effens van dié in die res van die land. Die Peninsula School Feeding Association (PSFA), wat al meer as 60 jaar aktief in die Wes-Kaap is, is die Nasionale Skool- en Voedingprogrammadiensverskaffer kragtens 'n kontrak wat tweejaarliks hernubaar is (Devereux et al., 2018). Alhoewel die PSFA daarin geslaag het om etes aan skole te lewer wat nie vir die NSVP in aanmerking kom nie, is skoolvoeding gekritiseer vir 'korporatisering' deur oorheersing deur privaatmaatskappye en grootskaallandbou.

**STEDELIKE VOEDSELSTELSELS  
IS HOOFSAAKLIK AFHANKLIK  
VAN VOEDSEL WAT IN  
OMSTEDELIKE EN LANDELIKE  
GEBIEDE GEPRODUSEER WORD.**



Alhoewel stadslandbou nie 'n wonderkuur vir voedselonsekerheid is nie, aangesien dit slegs 'n beperkte hoeveelheid en verskeidenheid gewasse kan voorsien in antwoord op 'n stad se vraag na voedsel (Crush et al., 2012), kan dit bydra tot die voorsiening van sekere gewasse, soos blaargroente. Om BOL na stedelike en omstedelike gebiede toe uit te brei, kan bydra tot stede se voorraad vars produkte. Daar is beduidende potensiaal hiervoor in Ouagadougou, waar die stad se owerhede in die 1970's besluit het om 'n omstedelike groen gordel te skep wat die stadsraad onlangs begin rehabiliteer het deur 'n omstedelike boerdery- en landbou-bosbou-benadering te gebruik. Hierdie pogings in Ouagadougou het te kampe met ernstige klimaatsuitdagings wat BOL-stelsels kan help om te versag. In Kaapstad kry die beskerming van omstedelike grond vir landbouproduksie al hoe meer vastrapplek (Paganini, 2021). Die primêre sone vir kommersiële stadslandbouproduksie is die Philippi-tuinbougebied (*Philippi Horticultural Area (PHA)*), 'n kernsone vir tuinbou wat 1100 ha beslaan en deur landelike kenmerke en 'n akwifeer in 'n stedelike omgewing gekenmerk word. Nagenoeg die helfte van die groente wat in Kaapstad verbruik word, word hier deur net 36 kommersiële plase verbou (Harrison, 2018), maar BOL word minimaal ingespan. In Nairobi is groente die vernaamste

gewasse wat in omstedelike gebiede, soos Dagoretti, Ruai en Kasarani, verbou word. Baie grondeienaars het egter in eiendomsprojekte belê, wat tot die verdwyning van baie plase gelei het.

Om te demonstreer hoe BOL in stadslandbou 'n bydrae tot voedselproduksie vir skoolvoeding kan maak, het ons 'n kweekhuis by die Reuben-sentrum gebou om drie produksiestelsels te evalueer en produksiekoste te boekstaaf. Ons vennoot, die Miramar-stigting, het ondervinding in omstedelike BOL-produksie-eenhede en in die bou van kweekhuise in droë gebiede. Ons het hul stelsel in die hartjie van 'n informele nedersetting gaan toepas en die produksie-eenheid gekoppel aan die Sentrum se skoolvoedingsprogram met meer as 3 000 leerders, 'n sentrum vir vroeë kinderontwikkeling en kraam- en gesondheidsorggeriewe. Die demonstrasie-eenheid is 'n kweekhuis van 8 m x 15 m en 'n buitelug hidroponeka vertikale muur om swartbekboontjies en blaarkool te verbou. Tydens die bestekopnamefase het ons drie hidroponiese BOL-stelsels van stapel gestuur.

- 'n Voedingstoflagietegniekstelsel (*Nutrient Film Technique System (NFT)*) behels die verbouing van gewasse deur 'n lagie voedingstof-

oplossing om die wortels te handhaaf. Die voedingstof-oplossing word uit voerdertenks deur voedingstofinspuuters verskaf wat groeigebiede teiken. Oortollige voedingstof-oplossing word in bloeiertenks opgevang en teruggepomp voerdertenk toe. Deur hierdie stelsel te gebruik, het ons blaarkool, amaranth, hen-met-kuikens, dronkbessie, spinasiebeet en swartbekboontjies verbou.

- 'n Diepwaterverbouingstelsel (*Deep Water Culture System (DWC)*) is 'n passiewe stelsel waar die plante in groeibakke van net omhul en van 'n drywende platvorm af gehang word. Die plantwortels is in 'n voedingstof-oplossing gedompel wat deurlug word. Hierdie stelsel verminder arbeid, insette en waterverlies. Deur hierdie stelsel te gebruik, het ons blaarkool, dronkbessie, hen-met-kuikens, spinasiebeet en swartbekboontjies verbou.
- 'n Deurdrupstelsel is 'n stelsel waar noodaaklike voedingstowwe in 'n tenk vol water gevoeg word om 'n voedingstofreservoir te skep wat losstandig van die plante is. Die water word dan deur 'n netwerk buise boontoe gepomp en individueel aan die plante vrygestel. Deur hierdie stelsel te gebruik, het ons kool, swartbekboontjies en tamaties verbou.

Aldus die koördineerder van skoolvoeding by die Reuben-sentrum benodig die skool se voedingsprogram

om en by 2 150 kg vars blaargroente per week om 3 000 kinders te voed. Tans betaal ouers by die Reuben-sentrum, 'n middagetefooi van KES750<sup>3</sup> per leerder, drie keer per jaar, maar die meeste ouers sukkel om hierdie bedrag bymekaar te kry of om nie agter te raak met die betalings nie (Muungano, 2021). In staatskole is die maandelikse fook vir die skool se voedingsprogram KES250.<sup>4</sup> Aangesien baie Mukuru-inwoners minder as KES150 per dag verdien, kan baie gesinne hierdie koste nie bybring nie. Volgens die Sentrum se koördineerder van skoolvoeding kan 'n kombinasiemodel met ouers wat bydraes byvoorbeeld deur 'n spaarskema en 'n geïnstitutionaliseerde stelsel maak, 'n toegangspunt wees om BOL in gemeenskapsentrumse onder die komende Nasionale Wetsontwerp op Middagetes vir Skole te institusionaliseer.

Tydens die vestiging van die produksieterrein het Miramar verskeie uitdagings geboekstaaf. Toegang tot water was van kritieke belang. In die informele nedersetting is watertoevoerkanale vir die publiek afgesny deur kartelle wat water teen hoër pryse herverkoop. Daarbenewens moet water behandel word voordat dit in hidroponeise BOL-boerdery gebruik word sodat natrium (boorgat) of chloor (Nairobi-distrikswater) verwyder kan word. Die eenheid se materiële beleggingskoste<sup>5</sup> van KES614 486 is deur die navorsingsprojek gedek. In die eerste weke van verbouing is waterpompe uit die kweekhuis gesteel, wat produktiwiteit negatief geraak het. Hoewel die Sentrum die pompe vervang

<sup>3</sup> KES750 = €6,30 (oanda in September 2022)

<sup>4</sup> KES250 = €2,10 (oanda in September 2022)

<sup>5</sup> 614 486 KES = €5 200 (oanda.com in September)

## Skoolvoedingsprogramme

**Skole se etes blyk in almal se gedagtes te wees, van beleidmakers tot mense wat voorspraak maak vir die reg op voedsel, NRO-werkers tot akademici. Die G20-leiers het, in hul verklaring ná hul jaarvergadering in November 2022, skoolvoeding uitgelig as 'n moontlike oplossing om voedsel- en voedingsekerheid aan te spreek. Die gewaarwording van die belangrikheid daarvan tydens die pandemie, is wat aanleiding gegee het tot een van die grootste huidige inisiatiewe vir die bevordering van skoolvoeding: die School Meals Coalition. Die School Meals Coalition is 'n inisiatief van nasionale regerings, ontwikkelingsvennote, universiteite en organisasies sonder winsoogmerk wat in die aanloop tot die Verenigde Nasies se Voedselstelselberaad in 2021 gestig is.**

**In Kenia is skoolvoeding in 1987 ingestel deur 'n instelling wat deur die staat ondersteun is, synde die National School Feeding Council. Skoolvoeding deur die regering in Kenia bereik slegs kinders in die laerskool en is geografies gerig op skole in droë en halfdroë streke en in Nairobi se onbeplande nedersettings (WFP & EPRI, 2018). Die regering verskaf nie tans skooletes in informele nedersettings nie. Ons vennoot, Muungano, het skoolvoedingsprogramme in Mukuru ondersoek. Die ses staatsbeheerde skole met voedingsprogramme in Mukuru akommodeer slegs 9 000 van die sowat 120 000 skoolgaande kinders in die nedersetting. Om die 147 skole in die informele stelsel te ondersoek, kan toegang tot dié kinders bied wat nie voordeel put uit staatsgeld en etesubsidies nie.**

het, is 'n sekerheidswag gehuur om die kweekhuis te patroolleer. Saailinge is deur die navorsingsprojek gefinansier, terwyl arbeid vir konstruksie en oes deels deur leerlingvrywilligers verskaf is. Die Sentrum het die water- en elektrisiteitskoste gedek. Op grond van die proef sal die programme vir die stelselmatige verkoop (*scale-out*) van oeste lesse wat uit dieloodsproses geleer is, in ag moet neem, veral wat waterbronne, diefstal en kostedeling betref.

Die ontleding van die produksiestelsels aanvaar dat 'n temperatuurbeheerde

stelsel dit moontlik sal maak om gewasse regdeur die jaar te verbou, ongeag van die weer. Sedert die begin van produksie in April 2022 het die stelsel 'n ononderbroke voorsiening van vars groente met minder water gelewer as by die Miramar-beheereenhed, wat 'n grondgebaseerde produksie-eenheid in die omstedelike gebied is. Spinasi wat in BOL verbou word, verg byvoorbeeld 4 886 l/m<sup>2</sup>/jaar (NFT) en 2 443 l/m<sup>2</sup>/jaar (DWC) vergeleke met 8 523 l/m<sup>2</sup>/jaar in grondgebaseerde verbouing (Griebel et al., 2022). Alhoewel dit net een voorbeeld is, is die neiging dat alle gewasse minder water

as in grondgebaseerde stelsels gebruik (Griebel et al., 2022). Die boekstawing vir die eerste drie maande se produksie duï daarop dat die groeitye ook korter is as in grondgebaseerde boerdery. Spinasie neem 4,5 weke om volwassenheid in BOL te bereik, 5 weke in DWC en 5,5 weke in konvensionele buitelug-beddingverbouing. Opbrengsskattings in BOL-stelsels is hoër danksy korter verbouingstye, maar wat nog belangriker is, is dat die stelsel meer plante per vierkant meter as konvensionele stelsels kan oplewer. Op grond van huidige produksiesyfers, beraam Miramar dat 1 232 kg/m<sup>2</sup>/jaar spinasie in die BOL-stelsel, 770 kg/m<sup>2</sup>/jaar in DWC en 304 kg/m<sup>2</sup>/jaar in grondgebaseerde produksies verbou kan word (Griebel et al., 2022).

Die Reuben-sentrum benodig 2 150 kg blaargroente per week (111,8 ton per jaar). Die beste BOL-stelsel tot op hede voorsien slegs 1% van die geprojekteerde behoefté. En as elke leerder 750 KES drie keer per jaar in die program inbetaal, sal meer as 10 % van die skool se voedingsprogram se begroting deur 'n BOL-projek gebruik word wat minder as 1% van hul voedselbehoeftes verbou. Gevolglik moet die program nie net die tegniese aspekte van produksie aanspreek nie, maar ook 'n finansiële stelsel ontwikkel wat BOL 'n ekonomies-lewensvatbare opsie maak om groente vir die skool se voedingsprogram te verbou.

## **Teorie van verandering**

Die geprojekteerde impakte van klimaatsverandering is aan die kern van hierdie weg se teorie van verandering. Jaarlikse gemiddelde temperatuur en uiterste hitte-gebeure neem steeds toe en het 'n groot uitwerking op die beskikbaarheid van water. Beheerde omgewingslandbou is 'n nuwe tegnologie in die meeste landelike gebiede, wat nog te sê van stedelike sentra. Tog dwing die wêreldwyse tendense wat vroeër uiteengesit is ons om met nuwe tegnologieë vorendag te kom ter voorbereiding vir die geprojekteerde toekoms. Die Urban Food Futures-program sal 'n gesikte hidroponeise produksiestelsel ontwikkel. Sodra dit gevestig is, sal ons langtermyn finansieringsopsies ondersoek om instandhoudingskoste te dek. Belowende aanknopingspunte vir daardie doel is dat ouers en skoolvoedingsprogramme, soos die "Nasionale Wetsontwerp op Middagetes vir Skole" in Kenia, die geld vir skoolvoeding betaal.



**Wat is volgende?**

*Aangesien die tegnologie wat gebruik gaan word nog in ontwikkeling is en deur 'n Keniaanse instelling gedoen word, sal die implementering van hierdie weg op Nairobi konsentreer.*

**1**

Ons sal 'n BOL-stelsel vir produksie aanpas vir skoolvoedingsprogramme wat betref opbrengs, bedryfskoste en omgewingsvoordele in informele nedersettings in Nairobi. Deur voort te bou op daardie lesse, sal ons die bou van nog 'n produksie-eenheid in Mukuru ondersoek.

**2**

Een navorsingsuitset sal 'n jaarlange boekstaving van instandhoudingskoste wees, wat landbou-insette sal insluit. Miramar het hierdie koste in April 2022 begin boekstaaf. Hierdie ontledings van die stelsels se kostevoordeel sal robuuste syfers oplewer om die vrae te beantwoord oor wat die koste vir BOL-produksie-eenhede is wat skoolvoedingsprogramme voorsien.

**3**

Ons sal ons navorsing afsluit oor die nodige "maatskaplike infrastruktuur" wat nodig is om BOL-stelsels in stand te hou, insluitende die bestuurstrukture wat nodig is om die fisiese infrastruktuur te beskerm en potensiële opleidingsgeleenthede in stand te hou.

**4**

In Nairobi sal ons in gesprek tree met Nairobi se goewerneur om te ondersoek hoe beheerde omgewingslandbou in skoolvoedingsprogramme oorweging kan geniet, soos byvoorbeeld om deur die Nasionale Wetsontwerp op Middagetes vir Skole gesteun te word.

WEG 4



# DRYF HANDEL OM TE EET

## BEVORDERING VAN DIE INFORMELE EKONOMIE SE BYDRAE TOT VOEDSELESEKERHEID

*Strafbeleide teen informele handel en swak besermingsmeganismes teen ekonomiese verplasing deur formele entiteite belemmer voedselonseker bevolkingsgroepe se toegang tot voedsel. Dit hoef egter nie die geval te wees nie. 'n Voedselsensitiewe benadering tot stadsbeplanning vestig informele handelaars as bondgenote in stede se pogings om honger en wanvoeding iets van die verlede te maak. Hierdie voedselsensitiewe perspektief beklemtoon die behoefte aan meer noukeurige oorweging van hoe wyer ruimtelike en stadsbeplanningsprosesse inwerk op informele handel en die implikasies daarvan op stedelike diëte en voedselsekerheid. Op hierdie weg sal ons met voedselverkopers, ander informele handelaars en munisipaliteit werk om die regulatoriese omgewing ten opsigte van die informele ekonomie te hoorweeg en te verander.*

## Beredenering

In stede is dit toegang tot lewensbestaan en inkomste, nie landbougrond nie, wat kos op die tafel sit (Haysom et al., 2022). Werkloosheid, gekombineer met ekstraktiewe en uitsluitende ekonomiese groei en ontwikkeling, vererger voedseloneksekerheid in Afrikastede (Battersby, 2013, 2017b; Crush et al., 2012). Nog iets baie soortgelyks hieraan, is dat informele handel geleenthede vir stedelike armes bied om toegang tot inkomste te kry en by te dra tot die sirkulasie van welvaart in voedselonekseker gemeenskappe. Die skaarste aan formele werk en die sistemiese uitsluiting waarmee baie arm mense op grond van faktore soos opvoeding, taal of geslag te kampe het, laat arm stedelinge met 'n hoë risiko vir voedseloneksekerheid. Lewensbestaan in die informele ekonomie is 'n belangrike veiligheidsnet vir voedselonekseker gemeenskappe regoor die meeste Afrika-stede. Dit is veral die geval vir vroue en kinders. Tog is daar 'n skaarste aan empiriese data wat die mate uiteensit waartoe informele lewensbestaan bydra om voedselsekerheid op 'n huishouding en stadsvlak te verseker, en hoe die uitwerkings van verskillende benaderings tot die regulering of bevordering van informele lewensbestaan in verskillende stede, die algehele koers van voedselsekerheid in hierdie stede beïnvloed het.

Terwyl die algehele houding van stadsbestuursreëlings jeens informaliteit as nalatig en soms vyandig beskryf kan word, verskil benaderings tot die hantering van informaliteit beduidend in die stede waar ons werk, insluitende aspekte soos permitte, maatskaplike

beskermingsmeganismes, beleggings in staatsinfrastruktuur, wetstoepassing en steun vir mikro-onderneemings. Hierdie verskille hou nie net verband met hoe die staat poog om informaliteit te beheer nie, maar ook met die al hoe sterker rol wat die privaatsektor speel in die vorming van diegene se lewens wat staatmaak op informele handel vir hul volgende ete (Hauser et al., 2022; Pieterse et al., 2020). Soos Hauser et al. (2022) opmerk in hul studie van die vloeい van voedsel in Nairobi en Kaapstad, neig informele handelaars in Kaapstad om grootmaataankope by supermarkte aan te vul, terwyl informele verkopers in Mukuru steeds die ruggraat van die verkryging van voedsel in informele nedersettings vorm. Ondanks kontekstuele verskille, neig wette en beleide in die stede waar die gevallestudie gedoen is egter steeds om die informele ekonomie te ontmoedig en met wette te kniehalter, eerder as om dit te steun om te floreer (Hauser et al., 2022; Haysom et al., 2022; Pieterse et al., 2020). Dit word weerspieël oor 'n reeks verordeninge, opruimings en houdings met betrekking tot wetstoepassing wat informele handelaars aktief beboet en vervolg (Haysom et al., 2022).

In teenstelling daarmee, het ons werk in die bestekopnamefase die aandag gevestig op die belangrike bydraes wat informele voedselverkopers tot die stedelike voedselstelsel maak. In Mukuru, byvoorbeeld, is informele voedselhandelaars onontbeerlik om 'n uiteenlopende vloeい van voedsel oor die landelike-stedelike skeiding vir verbruikers met 'n laer inkomste te faciliteer. Soos ons bestekopnamewerk oor voedselomgewings dit stel: *Die meeste stedelike armes wat in nedersettings*

*woon, is informele werkers. Van hulle verteenwoordig voedselverkopers die laaste treetjies in stedelike nedersettings se afleweringsmeganismse. As hulle misluk, misluk 'n groot deel van voedselafllewering, wat nog te sê van die uitwerkings van werksgleenthede wat in gedrang kom (Hauser et al., 2022, p. 33).* Hierdie navorsing het ook die behoefté beklemtoon om te belê in die verbetering van higiënestandaarde en basiese geriewe vir verkopers, terwyl daar ook gewerk moet word om verteenwoordigende verenigings te stig waardeur voedselverkopers proaktief kan pleit vir hul regte en hulself kan mobiliseer om die uitdagings wat hulle teëkom, die hoof te bied (Hauser et al., 2022).

Insigte van vennote in beide Mukuru en die Kaapse Vlakte dui ook daarop dat daar 'n mate van gebrek aan organisasie onder informele handelaars is. In Mukuru het handelaars nie genoeg vertroue om assosiasies te vorm of saam te werk wat vervoer en ruimte betref nie, terwyl daar in Kaapstad 'n skrille kontras tussen Suid-Afrikaanse handelaars en buitelandse burgers in die informele ekonomie is, met laasgenoemde wat 'n veel hoër vlak van organisasie toon en aan baie wyer netwerke van verkryging en verspreiding verbind is. Die gebrek aan 'n kollektiewe stem beteken egter dat handelaars nie om die tafel sit wanneer dit by beleidsgesprekke en wyer besprekings oor voedselbestuur kom nie. Weereens geld dit nie net vir voedselhandelaars nie, maar ook vir die meeste rolspelers in die breër informele ekonomie wie se lewensbestaan as 'n noodsaaklike veiligheidsnet vir soveel voedselonseker huishoudings dien. Beplanners, beleidmakers, aktiviste en navorsers sukkel eweneens om met hierdie sektor

te skakel en is geneig om beperkte interaksie met informele handelaars en hul verteenwoordigende verenigings te hê. In die lig van die erg gefragmenteerde en dikwels oorlewingstaart van die informele ekonomie, is dit nie moeilik om te verstaan waarom hierdie twee stelsels sukkel om 'n betekenisvolle verbintenis te handhaaf nie. Ongelukkig is hierdie skeiding geneig om informaliteit uit hoofstroom-bestuursprosesse te verdryf en nie genoeg waarde heg aan die informele ekonomie se bydrae tot die hantering van honger in Afrikastede nie.

Die hervalorisering van die informele ekonomie gaan egter oor meer as net oorlewing; dit gaan daaroor om 'n bemagtigende omgewing te skep waarin kleinsake-eienaars en alledaagse burgers kan floreer. In 'n studie van meer as 10 000 Suid-Afrikaanse township-mikro-ondernehemings het 75 % van alle respondenté gesê dat hulle verkies om hul eie onderneming te besit, eerder as om 'n minimum loon kleinhandelwerk in die formele sektor te hê (SLF, 2016). Soos 'n Kaapse handelaar in 'n latere studie (Metelerkamp & Van Breda, 2020) opgemerk het: *Ek het my eie wins gegenereer en ek is ook my eie baas. Dit is lekker om 'n entrepreneur te wees.* Of in die woorde van 'n kleremaker in 'n klein township: *Van kleins af was ek mal daaroor om rokke te maak. Ek geniet wat ek doen. Dit maak my gelukkig om mense te sien glimlag wanneer hulle hul rokke kry* (p. 11). Soos Alcock (2018) uitwys, maak baie mense in die informele ekonomie net so veel, indien nie meer geld as wat hulle in die formele ekonomie sou gemaak het nie. As 'n mens die feit dat informele werksgleenthede oor die algemeen nader aan mense se wonings is, tesame met die gevoel

van identiteit en doel wat baie operateurs in die informele ekonomie kry deur betekenisvolle dienste, soos kindersorg of spyseniering aan hul eie gemeenskappe, te lewer (Metelerkamp & Van Breda, 2020), dit is nie moeilik om te verstaan waarom die informele ekonomie veel meer is as net 'n laaste uitweg nie.

Baie ander stede in die suide met opkomende ekonomieë, soos Bogotá of Mexikostad, het daarin geslaag om informele handelaars op positiewe maniere in die wese van hul stede se ekonomieë en voedselstelsels te integreer (Abramo, 2021; Calderon Díaz, 2018). Hierdie is ervarings in ander wêrelddele wat beleidshervormings oor informaliteit in Kaapstad en Nairobi kan toelig.

## **Teorie van verandering**


Ons bestekopnamewerk werp lig op hoe skaars doeltreffende sektorale organisasies in Nairobi is en beklemtoon

die behoefte om in organisatoriese strukture vir informele handelaars te belê. Ons het uit Kaapstad geleer dat handelaarskoöperatiewe en ander vorms van assosiasie die strukture bied wat informele handelaars in staat stel om die beleide wat hulle terughou, te bevraagteken, aan te pas in reaksie op krisisse en die toestande van hul werksomgewing te verbeter. Dit verg vennootskap met rolspelers in die regering om hul rol in transformasieprosesse te koester deur 'n geteikende navorsingsweg te ontwikkel. Vir TMG beteken dit om te werk om die fisiese markruimtes en handelsones waarin die informele ekonomie funksioneer, te verbeter. Deur handelaars se stemme te laat hoor, skep meer bemagtigende handelsomgewings en deur vir handelaars 'n meganisme te gee om beleid deur hul eie navorsing toe te lig, sal die noodsaaklike rol wat die informele ekonomie reeds speel om lewenskragtige, veilige en hongervry stede te skep, verder versterk.

**Wat is volgende?****1****2**

In Nairobi sal ons werk om verenigings vir voedselverkopers in Mukuru te stig. Met dié dat informele voedselverkopers in Mukuru op die kruispad tussen verbruikers, verspreiders en produsente staan, sal die beoogde vereniging verkopers in Mukuru se stemme laat hoor terwyl hulle vra vir die regering om in te gryp om voedselsekerheid in die krotbuurt te verbeter. Hierdie onderneming is geskoei op bestekopnamenavorsing wat TMG en sy vennote oor die behoeftes van die informele sektor gedoen het. Muungano sal hierdie proses faciliteer. Ons verwag dat die verkoperverenigings vir fisiese opgraderings van hul bestaande informele mark sal vra.

'n Kantoorgebonde studie sal deur voorbeeld van ander stede se ervarings in hul werk met die informele sektor gaan. Die studie sal gestalte gee aan 'n wyer gesprek oor informele handelaars, hul bydrae tot voedselsekerheid in hul gemeenskappe en hul rol as noodsaklike vennote wat kennis betref.



LOGO  
WEG





# INWINNING VAN DATA DEUR SKAREBENUTTING VIR DIE TRANSFORMASIE VAN DIE VOEDSELSTELSEL

Daar is 'n gebrek aan behoorlik-gedetailleerde data oor die toestand van voedselsekerheid in informele nedersettings om reaksies op krisisse te help ontwerp en om 'n beter begrip te kry van die uitdagings wat mense daaglik in hul voedselomgewings in die gesig staar. Ons sal 'n digitale stelsel van stapel stuur om data oor die informele sektor in Kaapstad en Nairobi deur skarebenutting in te win. Data wat deur en vir gemeenskappe deur skarebenutting ingewin word, spreek kritieke gapings in kennis vir besluitnemers aan. Ook, wanneer gemeenskappe data genereer, bied dit 'n leergeleentheid met betrekking tot "wie en wat sigbaar is" wanneer programme vir krisisreaksies en -beleide ontwerp word.

## Beredenering

Die Wêreldbanks se 2021-verslag “*Data for Better Lives*” maak voorspraak vir data wat deur die burgerlike samelewing en wetenskap geskep en gebruik word om die waarde van data van en vir die armes, saam te snoer. Gemeenskapsgegenereerde data bied broodnodige insigte oor die vlak en drywers van voedselonekerheid deur en van dié wat honger ly. Dit bied ’n manier om regeringsprogramme en die impak daarvan te monitor. Dit is ook ’n bewysgebaseerde metode vir burgers om in hul gemeenskappe te pleit vir hulself en hul reg op voedsel. Die paneel kundiges op hoëvlak (*High Level Panel of Experts* (HLPE)) maak voorspraak vir die behoefte om kwesbare groepe te betrek by prosesse van dataskepping wat bewys-ingeligte besluitneming staaf (HLPE, 2022). Aldus hul verslag oor databestuur, beperk datagapings optrede en beleidmaking wat tydige en terreinspesifieke data oor mense se vermoë om toegang tot voedsel te kry en wat hul werklike voedsel- en voedingstatus betref.

Ervaring met inwinning van data deur skarebenutting toon dat dit plaaslike rolspelers bemagtig met inligting en nuwe woordeskataf wat hulle benodig om hul regmatige posisies as kundiges en agente van verandering in groter prosesse in te neem (Enqvist et al., 2022).

Ons navorsing het op ’n eenderse impak gedui. Die mede-ontleding van data, soos FACT se studie oor voedselsekerheid (Paganini et al., 2021a) of Muungano se SPA-proses (Owade et al., 2022) het geleid tot eienaarskap van navorsingsprosesse en gemeenskapsbemagtiging deur diegene wat ’n aktiewe rol as gemeenskapsnavorsers gespeel het. Om data deur skarebenutting in te win, bied nuwe perspektiewe oor strukturele redes vir voedselonekerheid deur op ’n spesifieke plek te konsentreer.

Regerings en die burgerlike samelewing het dikwels nie genoeg inligting om op krisisse te reageer nie, veral wanneer daar nie tyd is nie en die krisisse veelvlakkig is (Haysom et al., 2022). Die Wêreldbanks het gemeenskapsmoniteringsdata geskep om as grondslag te dien vir besluitneming wat steun met betrekking tot pandemiese herstel betref (Wêreldbanks, 2022a), maar ’n gebrek aan uiteenlopende data op stadsvlak het egter betekenis dat die Wêreldbanks se ontleding informele nedersettings misgekyk het. Eweneens bied die FAO se data wat die monitering van voedselsekerheid betref (FIES) statistiek op nasionale vlak maar voorsien nie insig in spesifieke terreine in Mukuru, die Kaapse Vlakte en Grand Ouagadougou nie. In ons bestekopnamefase voer vennootorganisasies uit die burgerlike samelewing en akademici aan dat daar ’n

**REGERINGS EN DIE BURGERLIKE SAMELEWING HET DIKWELS NIE GENOEG INLIGTING OM OP KRISISSE TE REAGEER NIE, VERAL WANNEER DAAR NIE TYD IS NIE EN DIE KRISISSE VEELVLAKKIG IS.**

behoefte vir ruimtelik-gedesentraliseerde gedisaggregeerde data is om die ontwerp van antwoorde op krisisse in programme en beleide vir die transformasie van voedselstelsels toe te lig (Kaapstadse Beleidsgebeurlikheid, November 2022).

Die resultate van ons bestekopnamefase duï daarop dat, alhoewel stadsgeaggregeerde data oor die status van voedselsekerheid in die openbaar beskikbaar is, die gebrek aan plekspesifieke inligting uit die informele gebiede en gebiede met 'n lae inkomste getekende besluitnemingsprosesse vir beide korttermyn-antwoorde op krisisse, soos voedselverligting, en langtermyn-intervensies, soos programmatiese steun vir transformatiewe innoverings, belemmer het (Haysom et al., 2022).

TMG Research (2022) wys dat digitale tegnologieë 'n toenemend-deurdringende mag regoor alle sfere van die hedendaagse lewe is, met stede wat hierdie oorgang as katalitiese ruimtes vir digitale innoverings lei. Nairobi en Kaapstad is twee van Afrika se belangrikste sentrale tegnologiepunte en die tuiste van baie aktiewe digitale ekostelsels en aanvangskulture wat die digitale toekoms van die omliggende streek vorm. Ons ervarings uit die COVID-19-pandemie het getoon dat digitale hulpmiddels as maniere om data in te win (byvoorbeeld, FACT se studie oor voedselsekerheid met behulp van die *KoBoToolbox*), om te kommunikeer (byvoorbeeld Muungano se videodagboeke) en om saam te ontleed (byvoorbeeld, TMG se digitale werkswinkels), ons in staat kan stel om 'n plek-gebaseerde perspektief op voedselstelsels en hul uitdagings kry.

Tot dusver blyk dit egter dat die digitale oplewing oor die afgelope dekade byna geen verskil in die bekamping van voedselsonsekerheid gemaak het nie. Daar is 'n risiko dat digitale ongelykheid hierdie knelpunte verder sal vererger (Atiase et al., 2020). Om die digitale ongelykheid aan te spreek, het TMG namens vennote in digitale toerusting (slimfone, tablette) belê en kommunikasie verbeter deur toegang tot databondels te verskaf. Die tendens in die rigting van toenemende digitalisering, is 'n werklikhed wat hier is om te bly. Dit verg egter 'n verandering in infrastruktur om konnektiwiteit te verbeter. Gevolglik help die inwinning van data deur skarebenutting om die kritieke gapings in kennis te krimp, om gemeenskappe te bemagtig en terselfdertyd by te dra tot die ontwikkeling van lae koste digitale hulpmiddels om die langtermyn toepassing daarvan te vergemaklik.

## **Teorie van verandering**

Strategieë om voedsel- en voedingsonsekerheid in informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste aan te spreek, verg oplossings buite tradisionele strategieë wat dikwels op produksiegeoriënteerde oplossings konsentreer. As dít in die verlede gewerk het, sou die lewe in informele nedersettings vandag heel anders gelyk het. Transformatiewe veranderings om stedelike voedselsekerheid en voeding te verbeter, moet verskillende strategieë gebruik wat deur plaaslike realiteite toegelig en om verbruikers se perspektief gesentree moet wees. Dit verg 'n verbintenis om die komplekse realiteite van stadsgebiede met 'n lae inkomste en informele nedersettings te verstaan en om te herken wat die drywers van voedselsonsekerheid is, veral in die lig van krisisse. Data wat

deur skarebenutting ingewin word, sal gemeenskapsnetwerke, besluitnemers en befondsers in staat stel om plaaslike realiteit beter te verstaan terwyl die onsigbaarheid van gemeenskappe wat in informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste woon, aangespreek word en hul bydraes tot die transformasie van die voedselstelsel na vore bring. Dié stelle data sal ons in staat stel om te verstaan hoe krisisse die informele sektor en stedelike voeding raak. Data wat deur skarebenutting ingewin word, krimp kritieke gapings in kennis regoor die Urban Food Futures-program se navorsingsterreine en die implementering van die verskillende weë.

## **Wat is volgende?**

TMG sal, in samewerking met sy vennote, 'n digitale moniteringsinstrument ontwikkel wat in burgerlike betrokkenheid by die onderskeie munisipaliteite gewortel is. Die data sal aan die hand van digitale platforms gegenereer word wat die inwinning van data deur skarebenutting uit verskeie soorte bronne (persoonlike onderhoude, sms-boodskappe, slimfone) moontlik maak. Vennote in die studiestede sal met gemeenskappe werk om hierdie proses te faciliteer. TMG sal gesamentlike ontleding met die konsortiumvennote lei.

Dit vereis die volgende:

**1**

Leer uit ander gemeenskapsgebaseerde moniteringstelsels. Een voorbeeld van 'n gemeenskapsgeleide moniteringstelsel is die "Peoples' Monitoring Toolkit for the Right to Food and Nutrition" wat leidende vrae vra om gemeenskappe en burgerlike samelewingsorganisasies te help om die implementering van die reg op voedsel in hul streek self te evaluateer (Global Network for the Right to Food and Nutrition, 2021).

**2**

Die verbetering van die digitale monitering en benaderings van mede-leer van TMG se Urban Food Futures-program deur kwantitatiewe en kwalitatiewe data te verskaf om in wetenskaplike debatte in te voer, wêreldwye beleidsgebeurtenisse met navorsing op grondvlak te verryk en Suid-Suid-leerprosesse oor die drie stede te bevorder. Dit sal TMG en sy vennote in staat stel om aksienavorsing, wat deur die stedelike sentrale voedingspunte onderneem word, te wysig soos toegelig deur gemeenskappe se behoeftes en om feitegebaseerde resultate te bied om besluitnemingsprosesse moontlik te maak terwyl vennote se kapasiteit versterk word om met ander rolspelers, insluitende stadsowerhede, saam te werk.


**3**

Die uitbreiding van die gemeenskapsmonitering wat FACT in 2020 en Muungano in 2021 in informele nedersettings onderneem het en die inwin van eerstehandse data in informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste. Ons sal 'n vraelys ontwikkel wat kwantitatiewe en kwalitatiewe data oor stedelike voeding en die informele sektor insluit.



Source: Natalie Nolte, 2022

5



# WAARHEEN VAN HIER AF?

TMG se impak, saam met 'n konsortium vennote uit die burgerlike samelewing, akademici en plaaslike regerings, is die sistematiese ontleding van navorsing vir beleid, wetenskap en praktyk. Dit verg 'n terugsiende proses tussen ons, as vennote, waardeur monitering en mede-leer ten opsigte van die maatskaplike-ekonomiese-politieke subjektiwiteit van die stede waarin ons werk, noodwendig geposisioneer en gekonstrueer word.

Verskillende weë is ons benadering tot die transformasie van stedelike voedselstelsels. Wanneer ons aanvaar dat ons wêreld 'n komplekse stelsel is, moet ons begrip van beplanning vir verandering fundamenteel verander. Terwyl eenvoudige, lineêre, kwantifiseerbare oplossings 'n groot aantrekingskrag vir besluitnemers met beperkte tyd en hulpbronne is, spreek dit selde kompleksiteit in stelsels aan. Die aantal verhoudings

en 'terugvoerlusse' in komplekse stelsels maak eenvoudige oorsaak-en-gevolg-beplanning onmoontlik. Om eksterne ondersteuning in slegs een faset van komplekse probleme te sentreer, loop eerder die risiko om die ewewig van informele stelsels te ontwrig en skep onopsetlike, soms erger gevolge. Dit is dus belangrik om 'n benadering te volg wat risiko's tot die minimum beperk, terwyl dit voortgesette herhaling van leer, gesprekvoering en verandering maksimaliseer.

Deur gemeenskappe in staat te stel om deur hul selfgekose deelname aan 'n reeks verskillende weë op hul uitdagings te reageer, weef ons werk 'n veelvlakkige ondersteuningstelsel saam wat reageer op plaaslike behoeftes en eerstehandse realiteite. Soos saamgevlegte vesels, bestempel ons hierdie verskillende weë as die wedersydse versterking van elke weg se transformasiepotensiaal.

Die verskillende weë sal plaaslike, gedisaggregeerde data verskaf om gesprekke regoor navorsingsterreine, lande en die wêreldwyé volhoubaarheidsgemeenskap toe te lig. Terselfdertyd sal aktiewe betrokkenheid by die verskillende weë informele gemeenskappe met hul

plaaslike munisipaliteite en nasionale regerings by mekaar bring om informele hanteringstrategieé wat die reg op voedsel handhaaf, te bekragtig en te wettig. Wanneer die verskillende weë onlosmaaklik 'n deel van 'n bemagtigende omgewing (en nie apolitieke aktivisme nie) is, is hulle die dryfvere van transformasie.

## 5.1

# Urban Food Futures se konsortium vennote

**Urban Food Futures** is 'n kruisdissiplinêre aksienavorsingsprogram wat in samewerking met TMG se vennote uit plaaslike regerings, akademici en die burgerlike samelewing onderneem word. Ons werk is gesentreer in Nairobi en Kaapstad, waar ons konsentreer op informele nedersettings en gebiede met 'n lae inkomste met 'n hoë voorkoms van honger en armoede. In Ouagadougou doen ons uitgesoekte navorsing in stads- en omstedelike gebiede. Ons aksienavorsingsbenadering behels 'n voortgesette proses van gesamentlike nabetragting om by 'n gedeelde kennis en begrip uit te kom oor die uitdagings wat in die gesig gestaan word, moontlike oplossings en perspektiewe vir die toekoms. 'n Belangrike element hierin is die erkenning van verskillende vorms van kennis, sowel as die eerstehandse ervarings van mense in die gemeenskappe waar ons werk.

**TMG Research** is 'n transdissiplinêre navorsingsorganisasie sonder winsoogmerk, geleei deur die algehele

missie om inklusiewe prosesse te bevorder om transformerende sosio-ekonomiese verandering in planetêre grense aan te dryf. Met befondsing van die Duitse Federale Ministerie van Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (BMZ), lei TMG die aksienavorsing in Urban Food Futures en koördineer die mede-ontwikkeling van aktiwiteite en konsepte met sy wye verskeidenheid vennote.

**African Centre for Cities (ACC)** is 'n interdissiplinêre sentrale punt aan die Universiteit van Kaapstad wat navorsing doen oor hoe om dwingende stedelike krisisse te verstaan, uit 'n ander oogpunt te beskou en aan te spreek. Aangesien die meeste stedelike uitdagings, byvoorbeeld voedselsekerheid, aanpassing by klimaatsverandering, ekonomiese insluiting, kulturele lewenskragtigheid en verdraagsaamheid, inherent interdissiplinêr en ruimtelik gelaagd is, koester die ACC die medeproduksie van kennis tussen die akademici en ander maatskaplike sektore.

### **African Population Health Research Centre (APHRC)**

**Centre (APHRC)** is 'n progressiewe Afrika-geleide navorsingsentrum en dinksrum, wat bewyse oplewer om beleidsoptrede aan te vuur om die gesondheid en welstand van Afrika se mense te verbeter. Die sentrum se navorsingsprioriteite val in ses tema-eenhede: Veroudering en Ontwikkeling, Onderwys en Jeugbemagtiging, Gesondheid en Stelsels vir Gesondheid, Moeder- en Kinderwelstand, Bevolkingsdinamika en Seksuele Voortplantingsgesondheid, asook Verstedeliking en Welstand in Afrika.

**Food Agency Cape Town (FACT)** is 'n gemeenskapsgeleide organisasie wat voedsel gebruik om gestalte te gee aan maatskaplike onregte in Kaapstad. FACT is verbruikers, boere, vissers, aktiviste, digters, potgooiers, moeders, vaders en navorsers (maar nie akademici nie). FACT is sedert 2016 betrokke by gemeenskapsnavorsing in projekte oor voedselgeregtigheid, stadslandbou, voedselbemiddeling, voedselsekerheid, mag en politiek.

**Heinrich Böll Foundation (HBF)** is die Duitse Groen Politieke Stigting. HBF is geaffilieer met die "Alliance '90/The Greens" politieke party wat verteenwoordiging in Duitsland se federale parlement geniet, word vanuit Berlyn bedryf en onderneem en steun burgerlike opvoedkundige aktiwiteite wêreldwyd. Die Stigting se kantoor in Suid-Afrika is in Kaapstad en werk aan vier programme: Demokrasie en Maatskaplike Geregtigheid,

Menseregte & Geslagsgeregtigheid, Volhoubare Ontwikkeling en Internasionale Politiek & Gesprekvoering.

### **Miramar International Foundation (MIF)**

**(MIF)** is die uitvoerende tak van die Miramar Internasionale Kollege. Die Stigting se mandaat is jeugbemagtiging en sosio-ekonomiese transformasie deur die ontwikkeling van landbou-ondernehemings, onderwys en beroepsopleiding wat koncentreer op moderne praktyke vir gewasverbouing, soos hidro- en waterkweking.

### **Muungano wa Wanavijiji**

**is 'n maatskaplike beweging van bewoners van 'krotbuurte' en stedelike arm mense in Kenia. Deur die Muungano-alliansie werk Muungano wa Wanavijiji saam met die Akiba Mashinani-trust, die Keniaanse stedelike armfonds en Slum Dwellers International (SDI) Kenia, 'n NRO wat professionele en tegniese steun bied. Die drie entiteite werk saam om die lewensgehalte van bewoners van krotbuurte en stedelike arm mense in Kenia te verbeter deur 'n proses van beleidsvoorspraak en gesprekvoering met die sentrale en plaaslike regering, die burgerlike samelewing en organisasies in die privaat sektor.**

**Welthungerhilfe (WHH)** is een van die grootste privaat hulpleniingorganisasies in Duitsland, sonder politieke of godsdiensaffiliasie. WHH werk aan 'n wêreld waarin almal 'n selfbepaalde lewe in waardigheid en geregtigheid, sonder honger en armoede, kan lei.

# LITERATUURLYS

- Abramo, L. (2021). *Políticas para enfrentar los desafíos de las antiguas y nuevas formas de informalidad en América Latina*, 240 (LC/TS.2021/137). Comisión Económica para América Latina y el Caribe (CEPAL).
- Agyenim-Boateng, Y., Benson-Armer, R., & Russo, B. (2015, July 1). Winning in Africa's consumer market. *McKinsey&Company*. <https://www.mckinsey.com/industries/consumer-packaged-goods/our-insights/winning-in-africas-consumer-market>
- Akala, J. (2019). *In the Technological Footprints of Urbanity: A Socio-political History of Water and Sanitation in Nairobi, 1899-2015* [Doctoral dissertation, Technische Universität]. <https://tuprints.ulb.tu-darmstadt.de/8550/>
- Alcock, G. G. (2018). *Kasinomic revolution: The rise of African informal economies*. Jonathan Ball Publisher.
- Almirall, E., Lee, M. & Wareham, J. (2012). Mapping Living Labs in the Landscape of Innovation Methodologies. *Technology Innovation Management Review*, (2)9, 12-18.
- African Centre of Disease Control and Prevention. (2018). Prevalence and predictors of overweight and obesity among Kenyans. *Journal of Public Health Research, Practice and Policy*, Vol 15. <https://www.health.go.ke/wp-content/uploads/2016/04/Steps-Report-NCD-2015.pdf>
